**KOOS PRINSLOO GESENSOR**

Karel Schoeman: Hierdie Lewe
43

# vrye weekblad

11 - 24 NOVEMBER
R5,00

**ONAFHANKLIK ● ONVERBONDE ● ONVERSKROKKE**



## NOU'S DIT BO-BLY OF HÁRD VAL

ISSN 1015-9649

9 771015 964007

# Maak hulle lam.




LINDSAY SMITHERS-FCB 2761/A

Jy kry dié wat nooit van die kudde wegbreek nie. En dan kry jy dié wat alles uit 'n Conquest kan haal. Dit is juis met hulle in gedagte dat ons die nuwe Conquest 180 RSi loslaat.

Hoor hoe knor hy as jy hom kielie. Terg hom as jy vet gee en voel hoe die hoëwringkrag 1800-enjin sy kloue inslaan.

Swenk en ontdek sport-vering en -hantering wat hom soos haak-en-steek laat klou.

En dan, wanneer jou hart oorskop in turbo, verslind die wind met sy gladder vorm, en 'n veringstelsel wat net nie bes gee nie. Brul oor al die brute krag wat jy met kragstuur en vier skyfremme kan harnas. Maar bowenal, grom van lekkerkry omdat jy die res lam maak.

**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**

C O N Q U E S T

**Die Conquest reeks: 180 RSi. 180i Sport. 160i Sport. 160 RSi. 160 RSi Outo. 130 Sport. 130.**

**Tolvry infolyn: 0800 13 9111**


## Gesels met intelligente lewe.

Mense wat die drukmedia lees is van nature meer oordeelkundig en kieskeurig. As verbruikers dus u advertensie sien en besluit om dit te lees, raak hulle betrokke en verbonde. Hulle vereenselwig hulle daarmee en onthou u boodskap, want hulle besluit self om meer van u produk te wete te kom.

Dit beteken meer verbruikers wat dit beproef en meer wat lojaal bly.

## Wat die oog kan sien.

Plaas u visuele boodskap in druk en gee u verbruikers die hele prentjie. Kom so naby hulle kan hare kloof. Tref hulle tussen die oë met al die aksie. Betrek hul emosies met die betowering van 'n perfekte atmosfeer. Met die krag van verbeelding maak druk die leser deel van die produk. Vertel dus u produkstorie in minder as 'n duisend woorde.



## Reg vir die groot lus.

Daar's niks soos druk om produkte goed te laat lyk en die verbruiker se lus te beproef nie. U het algehele beheer oor presies hoe u product op daardie bladsy lyk en die leser het tyd om elke besonderheid, elke naunse, in te drink. Vir 'n kragtiger aanslag op die sinne, gee net druk u krap-en-ruik!


## Meer as net hoorsê.

As u in druk adverteer, kry u meer tyd om inligting-soekende verbruikers van u produk te vertel. En hulle kan dit weer en weer lees, uitskeur vir later, al u kontakbesonderhede hou, 'n koepon invul of dit aan vriende en familie wys. U kan dus seker wees u produk se kenmerke en voordele bly steek.


# Druk maak goeie indruk.

Gepubliseer deur die Drukmediabedryf om u te help om u deel van verbruikersbewustheid te verhoog.


MUNDELS 19442



**11** *Rapport* weier om Koos Prinsloo se boek, *Weifeling*, te resenseer. Dié willekeurige sensurering skok die boekewêreld. Maar *Rapport* en Prinsloo het 'n ou-ou(stekelige) verhouding.



**13** Kan die ja-woord vir dwelmmiddels help om die vreesaanjaende verspreiding en gebruik te keer?



**28** Genetiese spore bied onbetwisbare bevestiging van die herkoms van die mens.


**KORTBEGRIP** 6

**BRIEWE VAN ONS LESERS** 52

**POLITIEK**
ASEM OPHOU-TYD VIR SUID-AFRIKA 9
KAN DIE WEERMAG SY KOMMANDO'S BEKOSTIG? 10

**AKTUEEL**
*RAPPORT* SENSUREER PRINSLOO 11
STORM BROEI OOR GRUISGAT 12
ONDERWYS EIS BOLMAKIESIE-DENKE 18
SEKSISME IN RAP 24

**OMGEWING**
EERSTE EKOMUSEUM IN S A 26

**PROFIEL**
SEAN TAYLOR: GHOLF MAAK SY KOP SKOON 34
PUPI AVATI: EERLIKHEID IS ALLES 39

**KUNS EN VERMAAK**
FELLINI SE SOEKE NA HOMSELF 22
FOTOGRAWE UIT AFRIKA 32
MARION ARNOLD ONDERSOEK GESIGSPUNTE 36
*THE FIRM*: BROEIPLEK VIR KORRUPSIE 37
TEATER: DIE IRONIESE N.S.A. 38
TEATER- EN MUSIEK-RESENSIES 38
FILMRESENSIES 40

**BOEKE**
SCHOEMAN SE VERKENNENDE "LEWE" 43
DIE DILEMMA VAN DIE DIGTERS 44

**RUBRIEKE**
MYNS INSIENS 8
POP 42
FYNPROE 47
WYNPROE 48
ONTDEK 'N EETPLEK 48
KLIPOOG 50
BROLLOKS EN BITTERGAL 51

**SPORT**
RUGBY GAAN WIT BLOEI IN N.S.A. 49

**LAASTE SÊ**
F A K NEEM WAPEN OP VIR TAAL 54

# mense en dinge

**Wit oorgewig:** Wees positief en gooi jou gewig agter die nuwe SAUK in - of daar wag vir jou 'n moeilike tydjie vorentoe, waarsku/bemoedig Wynand Harmse sy bestuursvlak in dieselfde asem dat hy hulle vertel dat die 73 wit: 27 nie-wit verhouding heeltemal onaanneemlik is. Duidelik moet 'n bietjie - of baie - wit gewig waai.

**Scratch a darkie:** Wit oumas begin amper soos masels uitkruip in die geledere van swart hoëprofielmense. Winnie Mandela se ma se pa was na bewering wit, Ivy Matsepe Cassaburri, wat 'n pragtige Afrikaans praat, het ook 'n wit ouma, en so loop die "wit" bloed deur o.a. die Jordans, die Sisulu's en ook deur Tokyo Sexwala se kinders. Dit lyk al amper nes die statussimbool onder die talle witmense wat almal afstamming pleit van Eva van die Kaap. (Onder haar Khoistam was sy as Krotoa bekend).

**Geleerde fat cats:** Navorsing wat nie gedoen word om kennis oor die algemeen te help nie, is niks anders as onvergeeflike selfbevrediging nie, sê prof Marinus Wiechers, inkomende rektor van Unisa, toe hy 'n nuwe opvoedingsparadigma bepleit om die behoeftes van die gemeenskap eerste te stel en te steun op die baie inligtingsisteme, en om nie soos in die dae voor die tegnologiese beskikbaarheid van soveel inligting navorsing vir navorsing te doen nie.

**Vlakplaas Koebaai:** R1,2 miljoen is aan voormalige polisiemanne Eugene de Kock, Koos Vermeulen en Paul van Dyk as pensioen, of as blykie van waardering, betaal om die SAP én die berugte polisieplaas Vlakplaas te verlaat. Al drie is as betrokkenes by die moordbendes van die polisie bestempel deur oud-Vlakplaser Dirk Coetzee.

**Die Omo-huwelik;** Anneline en Philip Tucker het op Mauritius besluit om nie met hul vuil wasgoed-egskeidingsgeding voort te gaan nie. 'n Paar miljoen rand armer, miskien, maar darem bymekaar.

**Gee haar 'n roos:** " 'n Enkele roos op my verjaarsdag maak my die heel gelukkigste," bieg Winnie Mandela aan Marga Ley van *Beeld*.

**Also Cicero:** 'n Yslike blaps deur die onafhanklike eksamineringsraad wat privaatskole se matriekeksamen opstel (én danig gesteld is op hul hoë standaarde) het gemaak dat matrikulante in Latyn antwoorde moes beantwoord op Cicero se *In Veriem Oratio 11* terwyl hulle Cicero se *In Catillinan Orationes* voorberei het. Die meeste van die studente het woedend uit die eksmamenlokale gestap. *Quid pro quo.*

**Mea Culpa-epidemie:** Toe Pik Botha op 'n (spontane?) vraag uit die gehoor verskoning vra vir die Umtata-voorval, het die "vlagskip" van die NP-verkiesingsmasjien in rat gekom - Pik homself. Die verwagting is dat Pik se litanie van vorige regeringsfoute - én die "jammer daaroor" - 'n groot stemwenner vir die NP sal wees.

**Viva Konsultasie:** Wie't vir wie gevra om Groblersdal weg te neem en KwaNdebele vir hulle te gee, wil die Oos-Transvaalse Streekafbakeningsgroep weet. So het die nuwe politiek hom al gevestig dat die Oos-Transvalers bitter, gebelg en raadop is oor die gebrek aan konsultasie of deursigtigheid in die Onderhandelingsraad, om nie te praat van die gebrek aan onderhandeling nie!



*Weekly Telegraph*

# koerante sê

**SATURDAY STAR, 6 NOVEMBER:** But don't blame rugby. Blame combustible Latin American passions when brought into contact with Springbok biltong.

**RAPPORT, 7 NOVEMBER:** Ons verwelkom die voorgestelde wysiging (aan artikel 205). Dit getuig van goeie begrip dat die pers sy verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap kan en moet nakom, maar sonder dat die plig as 'n verskoning aangegryp word om hom so vry of so onvry te maak as wat dit die owerheid pas.

**WEEKLY MAIL AND GUARDIAN, 5-11 NOVEMBER:** (Oor die onaanvaarheid van professionele ontwerpers se vlagvoorstelle) There's probably only one good reason why ad agencies shouldn't run the country: creative directors are about the only people in the country who earn more than cabinet ministers.

**SOWETAN, 5 NOVEMBER:** (Oor Koos van der Merwe, LP vir Overvaal se onverbondenheid aan óf die NP óf die VA) Like all people who cannot take decisions, he hopes to be saved the agony of deciding by hoping that the two will unite.

**THE SUNDAY TELEGRAPH, 1 NOVEMBER:** Britain should stop looking for constitutional experiments, stop the interim system of direct rule which has now been dragged out for a generation, and integrate Northern Ireland into the rest of the kingdom. If the IRA know that Britain's mind is thus made up, they will gradually realise that killing will not get them what they want.

**BEELD, 1 NOVEMBER:** Dit is 'n tyd van ongekende verwagtinge en vrees. Die meeste Suid-Afrikaners wil hê die demokratiese oorgang moet nou ordelik afgehandel word, maar ander sien dit as ondergang/verslawing. Juis daarom is daar nou soveel dreigemente van oorlog.

**BEELD, 29 OKTOBER:** Om die Vredesverdrag as voorbeeld te gebruik: is daar iemand wat bereid is om te sê die verdrag was 'n fout en dit sou beter gewees het as niks gedoen is nie? En is die Tien Gebooie oorbodig omdat daar so baie mense is, gelowiges inkluis, wat nie elke gebod elke dag stiptelik nakom nie?

**CITIZEN, 5 NOVEMBER:** He (Mr Mandela) knows only too well that if skilled Whites leave the country, as has happened in other African countries like Zaire, Zimbabwe, South Africa will be seriously affected, since the Whites are necessary, in the absence of skilled Blacks, to run the country and expand the economy with their entrepreneurial skills. Hence his call to Whites not to leave.

**vrye** weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN

**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**
JOEY FLEETWOOD

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NARIKE LINTVELT

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is **(011) 837-7017** en die faksnommer **837-3567.** Die Pretoria-kantoor se nommer is **(012) 83-4879** en die faksnommer is **83-2181**

Advertensies (Kaapstad)
Henri Coetzee
(tel) 021 966 460
(fax) 021 968 787

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA-PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA



# so sê hulle

*"People who call for land distribution have a romanticised notion of what farming is all about. They tend to see rows of happy peasants hoeing the soil and bringing home the harvest while singing the Red Flag."*
Oos-Kaapse boer en DP-LP **ERROL MOORCROFT**

*"Die aspirasies van swartmense soos gesien en vervat in die Afrikaanse letterkunde laat veel te wense oor. Maar daar is 'n nuwe skool van Afrikaanse skrywers wat die swartman uitbeeld as 'n waardige individu met aspirasies, met hoop, met gevoelens - en ons verwelkom dit omdat dit Afrikaans so aanvaarbaar sal maak soos enige ander taal."*
**NELSON MANDELA** in *Night Moves*, Dali Tambo se nuwe geselsprogram op M-Net

*"Our problem is that we worship our leaders too much. Then they tend to think they are God and do not need to be accountable to their constituency."*
**EUGENE NYATI,** direkteur van die Sentrum vir Afrika-studies, oor korrupsie in Afrika

*"I am supposed to be dragged off by men in white jackets, but I have decided to postpone my nervous breakdown until a more appropriate time."*
**PRINSES DIANA** oor haar stiefouma, Barbara Cartland, se opmerking dat Diana in verskriklike pyn is

*"Die enigste fiksie wat ek die laaste paar jaar gelees het, is Besoedelingsbeheer in Transvaal."*
**JAMES CLARKE,** omgewingspesialis en rubriekskrywer

*"Our decadent journalistic ethics permit us to print the facts as if we are not part of the society we write for... I have on several occasions censored stories to promote peace and prevent massacres."*
**KHABA MKHIZE,** assistent-redakteur van die *Natal Witness*

*"Aan die einde van daardie dag sal daar weer 'n lag in die oë van ons kinders wees."*
**JAY NAIDOO,** uitgaande grootbaas van Cosatu, oor stemdag op 27 April 1994

*"Nooit weer sal mense êrens in die wêreld van stemreg uitgesluit kan word nie."*
**ANDRIES BEYERS,** LP vir Potchefstroom, wat pas na die NP teruggekeer het

*"I don't like to live on welfare. But my husband has no job. He's a rebel... where could he get money?"*
**KHADIGA SAID GURHAN,** die tweede vrou van Mohammed Farah Aidid, oor haar amptelike status as 'n vlugteling in Kanada, waar sy met hul vier kinders woon


*"Hy sal 'n plek in die geskiedenis hê, dit is seker. Maar dit sal sonder twyfel 'n plek van skande wees."*
**GENNADY KOLUKHIN,** 'n Russiese bioloog, oor Mikhail Gorbatsjof





Sowetan

# het jy geweet?

Sowat 43 tale ter wêreld het 'n miljoen of minder sprekers: Basjkir (Rusland), Beja (Sudan, Ethiopië), Brahui (Pakistan, Afganistan, Iran), Chagga (Tanzanië), Chiga (Uganda), Dimli (Turkye), Dogri (Indië), Edo (Nigerië), Estnies (Estland), Fon (Togo), Gogo (Tanzanië), Hani (China), Haya (Tanzanië), Ho (Indië), Iban (Maleisië), Kanuzi-Dongola (Egipte, Sudan), Noord-Khmer (Thailand), Lampung (Indonesië), Luba-Shaba (Zaïre), Lubu (Indonesië), Luhya (Kenia), Magindanaon (Filippyne), Pattani-Maleis (Maleisië), Meitei (Indië, Banglasdesj), Miao (China), Mordvin (Rusland), Nkole (Uganda), Nung (Viëtnam, China), Nupe (Nigerië), Pangasinan (Fillipyne), Rejang (Indonesië), Riff (Marokko), Sasak (Indonesië), Sgaw (Myanmar), Sidamo (Ethiopië), Soga (Uganda), Songye (Zaïre), Soninke (Mali), Tausug (Maleisië), Temne (Sierra Leone), Tudza (Viëtnam), Yi (China), Zande (Zaïre, Sudan).




Sunday Star



MAX DU PREEZ

# Moet ons by die nek ingesleep word?

DIE Afrikaanse media word die laaste weke heeltemal oorheers deur die debat oor Afrikaans se status in die toekoms en oor die aanpassing van nasionale simbole.

Dit is nie 'n vreemde verskynsel nie. Die wêreld oor en die geskiedenis deur was taal vir mense meer as net 'n manier om te kommunikeer, 'n vlag meer as net 'n stuk lap wat 'n land moet identifiseer en 'n nasionale lied nie net 'n wysie vir amptelike geleenthede nie.

En so sterk as wat sekere wit Afrikaners voel oor die behoud van Afrikaans as ampstaal en oor nasionale simbole, so sterk voel 'n groot aantal ander Suid-Afrikaners dat Afrikaans nié sy ampstatus moet behou nie en dat die nasionale simbole 'n demonstreerbare breek met die verlede moet simboliseer.

Vat nou maar die debat oor Afrikaans.

Dit is 'n onbetwisbare feit dat Afrikaans die derde grootste taal van Suid-Afrika is naas Zoeloe en Xhosa - 15,7 persent van die bevolking gebruik dit as moedertaal. Dit is ewe onbetwisbaar dat dit 'n inheemse taal is met sprekers van alle kleure.

Daar kan dus geen twyfel wees nie dat Afrikaans 'n plek het in Suid-Afrika en dat niemand die morele of volkeregtelike reg het om dit te onderdruk nie.

Maar die emosionele debat oor Afrikaans gaan nie hieroor nie. Die oorgrote meerderheid "kampvegters" vir Afrikaans vandag stry myns insiens vir die taal as verlengstuk van wit bevoorregting en simbool van Afrikanermag. G'n wonder ook nie dat die veldtog vandag deur twee groepe oorheers word: die regse wittes wat met oorlog dreig as Afrikaans "aangetas" word, en die Afrikaner Broederbond deur middel van sy frontorganisasies soos die FAK, die ATKV, die Rapportryers en die Ruiterwag.

Hoe kan Afrikaanssprekendes soos ek, wat passievol lief is vir my moedertaal maar nog altyd teen Afrikaner-chauvinisme gestry het, deelneem aan 'n veldtog om Afrikaans te bevorder as dié mense my bondgenote is en hul motiewe so duidelik onsuiwer is?

Die houding, soos ek dit die laaste tyd waarneem, is een van: apartheid en die ou orde moes noodwendig op 'n einde kom, en dan is stemreg vir almal seker die enigste oplossing. Maar ons gaan nie van al ons mag en seggenskap en ons spesiale posisie in die samelewing afstand doen nie - daarom moet ons taal ampstatus geniet bo al die ander inheemse tale. En as ons simbole nie meer aanvaarbaar is nie, gaan ons die "ander kant" se simbole ook nie aanvaar nie.

Die verskillende kwessies en debatte moet nou van mekaar geskei word.

Dat Afrikaans sy regmatige plek in 'n nuwe, demokratiese bedeling behoort in te neem, is onbetwisbaar. Maar dan is dit as taal en kultuurerfenis van 'n groep Suid-Afrikaners, nie as politieke bevoorregting van 'n etniese of kleurgroep nie.

Afrikaans durf nie spesiale status geniet as "troosprys" aan 'n groep mense wat hul spesiale status in die land deur demokratisering verloor het, of as "gebaar" of "pragmatiese skuif" jeens 'n probleem-constituency nie.

En Afrikaners wat dit eis, doen hulself en hul taal op die lange duur 'n onguns aan.

Afrikaners wat meen hulle word in die nuwe bedeling van alle mag en seggenskap ontneem, moet as landsburgers en kiesers dáároor geraas maak en onderhandel en deals maak. Hulle moenie hul frustrasie daaroor in die taal- en simbole-debat insleep nie.

DIT MOET NOU vir almal wat oë en ore het, duidelik wees dat die meeste Suid-Afrikaners nie wil hê Afrikaans moet saam met Engels die enigste ampstale wees nie. Daar was al amper 'n revolusie omdat 'n Afrikaner-regering Afrikaans in ander se kele wou afdruk, en die grootste deel van die oorblywende weersin in Afrikaans by baie swartmense is juis 'n produk hiervan.

As ons nou wil seker maak Afrikaans - en Afrikaners - gaan in die nuwe bedeling steeds ongewild wees by hul mede-landgenote en met agterdog en selfs haat bejeën word, dan moet ons aanhou blaas en met geweld dreig as Afrikaans nie voorkeurbehandeling bó ander inheemse tale kry nie. Afrikaans die taal en sy wonderlike herkoms en geskiedenis verdien meer as dit.

As jy wil veg vir federalisme of 'n volkstaat of neo-apartheid of 'n beter handves vir menseregte of vir waarborge vir 'n vryemarkstelsel, doen dit - dit is elke burger se goeie reg. Maar dit is 'n ander stryd en debat as dié oor tale en simbole.

MYNS INSIENS GAAN Afrikaners/Afrikaanssprekendes van alle kleure baie verder kom in hul pogings om die bedeling te beding wat hulle graag wil hê as hulle ophou om aan ander Suid-Afrikaners die indruk te gee dat hulle teen hulle sin by die Nuwe Suid-Afrika ingesleep word.

Kan ons nie 'n slag iets "prysgee" sonder dat ons gedwing word om dit te doen nie?

Watter wonderlike gebaar sou dit byvoorbeeld nie gewees het as wit Suid-Afrikaners daardie wonderlike Afrika-psalm, *Nkosi Sikekel' iAfrika*, se melodie met akklamasie as ons nuwe nasionale lied aanvaar het nie.

Wanneer die komende paar jaar van magsdeling verby is en ons het 'n gewone meerderheidsregering, gáán Afrikaans nié 'n ampstaal wees nie. Afrikaans gáán nié spesiale bevoorregte status op nasionale TV hê nie. Die helfte van die land se universiteite gáán nié Afrikaans wees nie. Maatskappye, die sogenaamde "regspersone", gáán nié stemreg hê by plaaslike owerhede om die swart stem uit te balanseer nie. En so aan.

Ons kan nou vir dié voorregte beding, onsself baie ongewild maak en dit uiteindelik verloor; of ons kan sê: ons was onder apartheid die bevoorregtes, en dié era is verby. Ons wil nou nie meer as wit en afsonderlik gesien word nie; ons wil geesdriftig déél wees van die Nuwe Suid-Afrikaanse nasie, en ons wil graag van dié oorblywende voorregte afstand doen.

Daarmee kan ons 'n groot klomp welwillendheid koop en sommer finaal van ons vrese en skuldgevoelens ontslae raak.

Of wil Afrikaners in lengte van dae soos die wit Rhodesiërs in Zimbabwe as setlaars, as 'n noodsaaklike euwel gesien word wat nie werklik deel is van die nasie nie?

# 'n Blik oor die afgrond

## Suid-Afrika gaan in die volgende klompie weke sy asem moet ophou terwyl politici hulle met ekstreme brinkmanship besig hou en radikales die oorlogstromme slaan, skryf MAX DU PREEZ

*DIE bostelegraaf loop soos 'n blits deur regse geledere: maak julle reg, die Groot Weerstand begin op 10 Desember, en 16 Desember gaan 'n rooiletterdag wees.*

*Die gerugte van 'n opstapeling van wapens en ammunisie op die Transvaalse en Vrystaatse platteland word die een ná die ander waar bewys.*

*In Pietersburg het regse ekstremiste genoeg wapens en ammunisie by 'n weermagopslagplek gesteel om 'n oorlog te begin. Party van hulle is reeds in hegtenis geneem.*

*Daar is nuwe aanduidinge dat regses ver gevorder het met hul insypeling en beoogde mobilisering van die burgermag-kommando's in regse gebiede.*

*In Natal het Inkatha begin om 500 Zoeloe-impi's in moderne insurgensie-oorlogvoering op te lei en met nuwe wapentuig toe te rus.*

*Ook in Natal het 'n nuwe ronde sluipmoorde op prominente ANC- en Inkatha-leiers begin, en vredesmonitors vermoed 'n nuwe vlaag bloedvergieting is op pad.*

*Daar is ontevredenheid in Apla- en PAC-geledere oor die moratorium op geweldpleging wat deur minister Hernus Kriel en die Apla-leierskap aangekondig is. Azapo-jeugdiges belowe húlle sal die stryd hervat, en kondig aan dit was hulle wat 'n Pretoriase vulstasie opgeblaas het.*

*In Middelburg in Oos-Transvaal is daar smeulende bitterheid onder ANC-ondersteuners nadat die AWB 'n ANC-vergadering op die dorp opgebreek en dit verdaag moes word.*

DIT IS TEEN DIÉ AGTERGROND dat die leiers van die NP/regering en die ANC dié week nog die nuwe grondwet moet goedkeur sodat dit in die parlementsitting in die laaste week van November goedgekeur kan word - wat die weg moet baan vir die Uitvoerende Oorgangsraad, wat weer die weg moet baan vir volgende jaar se verkiesing.



Genl Constand Viljoen: die sleutel in die besluit oor skiet of stem?
Foto: Sally Shorkend

Ondanks ingrypende aanpassings aan die konsep-grondwet, het leiers van die Vryheidsalliansie aan die begin van dié week nog verklaar dat hulle dit nie aanvaar nie.

Pogings was die laaste paar dae nog aan die gang om van die alliansie-leiers te oorreed om hul standpunt te verander of minstens 'n "agterdeur oop te hou".

Maar as dit nie gebeur nie, sal die proses noodwendig sonder die partye in dié alliansie - Inkatha, die Afrikaner Volksfront en die regerende partye van Bophuthatswana en Ciskei - sy gang moet gaan.

Die Inkatha-leier, Mangosuthu Buthelezi, het sy verwerping van die proses duidelik uitgedruk deur in dié kritieke week in die buiteland te wees met sy senior onderhandelaars.

As die proses nie dié jaar nog volvoer kan word nie, sal daar min keuse wees as om die verkiesing van 27 April uit te stel.

En net verlede week het die ANC-leier, Nelson Mandela, en Cosatu-leiers gemaan dat só 'n uitstel tot 'n revolusie in húl constituency sal lei wat ander konflikte na 'n "piekniek" sal laat lyk.

DAAR IS NOG enkele ANC- en regeringsonderhandelaars wat glo dat daar wel leiers in die Vryheidsalliansie is wat bekommerd is oor die gewelddadige effek wat hul weiering om aan die verkiesing deel te neem, kan hê, en dat daar dus tog hoop is dat hulle uiteindelik gaan instem om deel te neem.

Die dreigende skeuring in die Vryheidsalliansie - veral Constand Viljoen is glo nie lus om veel langer deel daarvan te bly nie - het ook hoop by sommige onderhandelaars geskep dat die impasse dalk binnekort gebreek kan word.

In onderhandelingskringe word al hoe meer geglo dat Viljoen die sleutelfaktor gaan wees wat gaan bepaal of regses uiteindelik onder protes die verkiesing gaan aanvaar, en of hulle op gewapende verset gaan besluit.

Maar dit begin ook duidelik word dat ekstremistiese splintergroepies in regse geledere klaar op terreur en sabotasie besluit het.

# Wie sal die bewakers bewaak?

## Terwyl generaals waarsku teen militantheid, gaps regses hul wapens onder hul neuse uit

**DEUR INA VAN DER LINDE**

'N GROEP top-offisiere van die Kommandement Verre Noorde het laas Woensdag op Pietersburg 'n aantal joernaliste en politici toegespreek oor toenemende militantheid voor die verkiesing. Maar wat hulle nie geweet het nie, was dat hul voorspellings reeds besig was om werklikheid te word.

Ure tevore het 'n groepie militante regses ingebreek by die wapenarsenaal van die Kommandement Verre Noorde en 'n magdom wapens en ammunisie gesteel, genoeg vir 'n

klein oorloggie. Die diefstal was uit die Karee-Weermagbasis (die ou Lugmagbasis) se arsenaal.

Vinnige optrede deur die polisie het gemaak dat verskeie regses 18 ure ná die inbraak gevang is vir die diefstal. Hulle is vermoedelik almal lede van die militant regse Boere-Weerstandsbeweging (BWB) van Andrew Ford. Onder hulle is "genl" Johan Kotze (32) van Pietersburg, wat in September bevorder is tot bevelvoerder van die BWB in die gebied, ongeveer dieselfde tyd dat hy hom by die Pietersburg-Kommando aangesluit het. Van die Kommandement het hy 'n R1-geweer ontvang. Die weermag reik ook R4-gewere met vier magasyne aan die reaksiemag uit en 9mm submasjiengewere met 50 rondtes aan vroulike kommandolede.

En hoewel die meeste van die buit - 24 000 R1-koeëls, 72 000 22-koeëls, 200 handgranate, 200 60mm mortiere en 'n aantal knaldoppies en plofstof - teruggekry is, het dit maar net weer gewys op die kwesbaarheid van die huidige militêre bedeling.



kommando- en reserviste-lede en 250 kommando's landwyd.

Wat Grobbelaar nié gesê het nie, is wie kommandolede gaan keer om die weermag se wapens vir "politieke doeleindes" te gebruik. Of die gevaar wat dit inhou wanneer kommando-lede toegang tot allerlei inligting het, soos wáár die wapens gehou word.

Intussen is bekend gemaak dat die bewaking van weermag-arsenale verskerp is. Maar dis minstens die derde keer dat regses weermagwapens steel. Die eskapades van Piet Skiet Rudolph en kie wat bakkievragtevol wapens in Pretoria met behulp van 'n dienspligtige gesteel het, staan voorop. Verskeie van die wapens is nou nog nie teruggevind nie en een van die wapens het uiteindelik opgeduik in die Janus Waluz-sluipmoord op Chris Hani.

Kyk mens na die breër prentjie, is dit nie vergesog nie om te beweer dat kommando's omtrent so konserwatief soos hul munisipaliteite sal wees. In Transvaal en die Vrystaat is daar reeds by die 80 munisipale gebiede onder beheer van KP-stadsrade. Onder hulle is die 20 dorpe in Wes-Transvaal wat die laaste paar maande aan dr Ferdi Hartzenberg 'n "mandaat" gegee het om hulle in die KP se volkstaat te voeg. Verskeie van die stadsrade het die AWB die "vryheid van die dorp" aangebied.

IN EEN SCENARIO het kol Doep du Plessis, inligtingsoffisier van die Kommandement Verre Noorde, geskets hoe die opleiding van paramilitêre organisasies en selfverdedigings-eenhede van regs (en links), in die tyd sal toeneem. Wit konserwatiewes, het hy gesê, sal al hoe meer militant word en pogings sal aangewend word om die verkiesing te ontwrig en sekere gebiede te beset.

'n Vraag dié betrokke Woensdag oor die uitwerking van genl Constand Viljoen van die Afrikaner Volksfront (AVF) se beroep op regses om hulle by die kommando's aan te sluit sodat hulle bewapen kan word, is afgemaak deur die nuwe bevelvoerende generaal vir Verre Noorde, Faan Grobbelaar.

Die weermag kan nie mense wat voldoen aan die voorwaardes wat gestel word, keer om hulle by die kommando's aan te sluit nie nie - al behoort hulle ook tot watter politieke party. Grobbelaar het gesê die kommando's se taak is om gebiedsbeskerming te doen, ter ondersteuning van die polisie. Daar is 'n bevelstruktuur van die kommandemente tot by die kommando's wat maak dat kommandobevelvoerders nie op eie houtjie besluite kan neem nie. En in weermag-uniform mag kommando-lede nie aan politiek deelneem nie.

Soos die wetgewing nou staan, kan enigeen hulle by kommando's aansluit. Selfs MK-lede kan kwalifiseer. Sekere voorwaardes word wel gestel, soos dat hulle geen kriminele rekord moet hê nie, bo 'n sekere ouderdom moet wees, en nie deur die polisie onbevoeg verklaar is om 'n vuurwapen te besit nie.

Na skatting is daar meer as 130 000 opgeleide gewapende

Voeg daarby die jongste "advies" van die KP-koerant, *Die Patriot*, en kol Du Plessis se scenario word al meer realisties. In *Die Patriot* moedig die uitvoerende raad van die AVF die stigting van streeks- en plaaslike komitees aan om om te sien na die veiligheid van hul lede en om wapens op te pot. Noudat die grondwetlike onderhandelinge die Afrikaner van sy reg tot selfbeskikking ontneem, sê *Die Patriot*, moet mense hulle gereed maak om te veg.

ALLES IN AG GENOME, sit die weermag tussen die duiwel en die diep blou see. Volgens die huidige stelsel is kommando's onontbeerlik. Meer as 30 persent van die land se polisiemag is in onrusgebiede ontplooi en hulle beskik eenvoudig net nie oor die mannekrag om veral op die platteland plaasgemeenskappe te beskerm nie. Terselfdertyd kan die weermag nie te kieskeurig wees oor die politieke affiliasies van vrywilligers wat hulle by die kommando-stelsel wil aansluit nie. Nie net is dit elkeen se demokratiese reg nie, maar kommandolede word boonop bitter min betaal. 'n Kaptein in die kommando's wat bevel het oor 120 man, kry maar ongeveer soveel soos 'n gewone troep in die weermag.

Word die kommandostelsel dus afgeskaf, sal groot gebiede onbeskermd gelaat word. Behou hulle die kommando's, word hulle blootgestel aan mense wat daarvan misbruik kan maak.

Die algemene mening onder weermaglui is dus om maar die kommando-stelsel te behou, maar die regulasies strenger toe te pas - met die wete dat hulle nooit heeltemal gerus sal kan gaan slaap nie.

# die nuwe sensuur - stilte

DEUR ESMA ANDERSON

## Rapport draai wéér die rug na Koos Prinsloo



FOTO: ANDREA VINASSA

Koos Prinsloo..."Alwéér sulke tyd?"

AS jy 'n Afrikaanse boek nie gesensureer kan kry nie, swyg dit dood, is die Sondagkoerant *Rapport* se jongste strategie. Dié koerant het pas besluit géén bespreking of resensie van Koos Prinsloo se jongste boek, *Weifeling*, mag op sy blaaie gepubliseer word nie.

Oor die redes vir dié besluit swyg die koerant. By navraag sê Bob van Walsem, oud-redakteur en tans assistent-redakteur verantwoordelik vir die boekeblad, bloot: "Ek bevestig hiermee dat *Rapport* nie beoog om Koos Prinsloo se *Weifeling* te bespreek nie, en ons volstaan met hierdie bevestiging."

Dis die tweede keer dat *Rapport* haaks is met Prinsloo, wat as een van die voorste jong skrywers in Afrikaans beskou word. In 1988 het 'n herrie losgebars toe die koerant se direksie besluit het om die Rapportprys aan Prinsloo se bundel *Die hemel help ons* terug te trek (glo omdat 'n karakter in dié boek 'n snedige aanmerking maak oor PW Botha, destyds nog staatspresident). Uiteindelik is net die prysgeld van R15 000 aan Prinsloo betaal.

Verskeie skrywers en letterkundiges het hul misnoeë oor *Rapport* se jongste besluit skerp uitgespreek aan *Vrye Weekblad*. Sommige dreig om *Rapport* se boekeblad en die Rapportprys voortaan te "boikot".

Dr Charles Malan, voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde, sê die gilde, "wat nog altyd 'n goeie verstandhouding met *Rapport* gehad het", gaan amptelik in 'n brief van die hoofredakteur, ds Izak de Villiers, eis dat die boek bespreek moet word.

"Dié soort sensuur is verskriklik," sê Antjie Krog, digter en redakteur van *Die Suid-Afrikaan*. "Dit bewys die moraliteit wat Prinsloo in sy boek aanval, móét juis aangeval word - en aanhoudend aangeval word totdat koerantredaksies nie meer sulke besluite neem nie." *Rapport* se besluit "is 'n skande", sê prof Gerrit Olivier, resensent, skrywer en hoof van die departement van Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand. "Dis 'n belangrike boek van 'n belangrike skrywer. Die besluit om dit te ignoreer, het waarskynlik niks met die waarde van die boek te doen nie, maar met die inhoud daarvan."

Die digter Johann de Lange sê hy meen *Weifeling* kan boekeredakteurs en resensente "wat bande met die skrywer óf met sekere karakters in die boek het, in 'n moeilike situasie plaas". Maar *Rapport* se besluit is volgens hom waarskynlik bloot geneem omdat 'n "gebroedsel" - soos wat Prinsloo die Broederbonders noem - deurloop. De Lange sê *Rapport* het in ieder geval reeds met die weiering van die Rapportprys aan Prinsloo in 1988 "die vertroue van die skrywersgemeenskap verloor".

Omstredenheid, sê dr Joan Hambidge, digter, resensent en dosent in Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad, is geen rede om 'n boek te probeer "doodswyg" nie. "'n Skrywer het die reg om te skryf waaroor hy of sy wil skryf. As 'n skrywer kontensieuse sake aanraak, moet hy aanvaar dat mense daarop gaan reageer en selfs sal sê hulle vind dit aanstootlik of walglik." Hoewel sy self kritiek het teen *Weifeling*, sê Hambidge dié soort sensuur kan nie geregverdig word nie. "Alle boeke moet bespreek en 'n gelyke kans gegun word. Dis nie vir 'n hoofredaksie om te besluit of 'n boek geresenseer moet word of nie."

HANS PIENAAR, 'n voormalige subredakteur van *Rapport* en verlede jaar se wenner van die Rapportprys vir nie-fiksie (vir sy boek *Die Derde Oorlog Teen Mapoch*), sê Rapport se besluit verbaas hom glad nie. "Dit is deel van 'n nuwe soort sensuur oral in die hoofstroom Afrikaanse pers. Uitgewers, redakteurs en sensors werk almal mooi saam om net die boeke te bevorder wat vir hulle aanvaarbaar is. Daarvan is daar genoeg getuienis."

Pienaar sê De Villiers het hoeka verlede jaar opdrag gegee dat daar nie met sekere wenners van die prys onderhoude gevoer mag word nie omdat hulle "bang was dat mense soos ek en Etienne van Heerden, ook 'n wenner, kritiek teen die establishment sou lewer".

"De Villiers is besig om Afrikaans onberekenbare skade te doen. Ek dink dis tyd dat die establishment begin dink aan 'n nuwe redakteur vir *Rapport*," sê Pienaar. "Maar ek sal ook nie verbaas wees as die besluit van hoër as De Villiers - 'n selferkende Broeder - gekom het nie.

"Wat kan jy nou ook verwag van iemand wat massamoordenaars soos Barend Strydom geld gee en hulle verhef tot helde?" vra Pienaar.

Ook Hambidge praat van "dubbele standaarde" met verwysing na dié artikels: "Hulle is bereid om ander omstredenhede en selfs aanstootlike goed te publiseer, veral as hulle daar was met die kamera. Soos die artikels en foto's van Barend Strydom met 'n tjoppie in die bek."

MALAN SÊ OOR *Rapport* se "skandalige" verbod op *Weifeling*: "Dis 'n vorm van informele sensuur wat eenvoudig nie geduld mag word nie. Die herhaalde intimidering van Koos Prinsloo getuig van arrogante onverdraagsaamheid teenoor een van ons voorste skrywers. *Rapport* tree erger as die Publikasieraad op deur literêre vryheid van spraak op dié wyse te kniehalter."

De Lange sê: "Dit word die laaste paar jaar duidelik dat sommige koerante - nie net *Rapport* nie - en resensente die skrywers speel en nie meer die boeke nie. In dié geval dink ek moet *Rapport* se boekeblad geboikot word. Die gebeurtenis kondig bloot die bankrotskap van hul boekeblad aan. Enige aanspraak wat hulle nog op legitimiteit of die vertroue van die skrywersgemeenskap kon maak, is nou finaal daarmee heen. Hulle kan nou maar liewer hulle boekeblad los."

Pienaar staan ook 'n "boikot" voor: "As ek ooit weer 'n manuskrip aan 'n uitgewer voorlê, sal ek stipuleer dat dit nie vir die Rapportprys ingeskryf mag word nie. Ek dink dis tyd vir 'n boikot van die Rapportprys, veral weens die subsidies wat hulle aan massamoordenaars soos Strydom gee."

Ryk Hattingh en Tienie du Plessis, direkteure van Hond, wat *Weifeling* uitgegee het, sê: "Gelukkig sal Prinsloo se werk nie verdwyn of weggaan as gevolg van *Rapport* se verswyging nie."

En wat sê Prinsloo? "Alwéér sulke tyd? Boring."

• Intussen word berig dat *Weifeling* verlede week Exclusive Books se topverkoper was.

Koos Prinsloo se *Weifeling* is besig om een van die mees omstrede boeke die laaste paar jaar te word. Lees ook die briewe op pp 52 en 53.

# Honeydew woedend oor Groot Gat

## 'Gruisgroef gaan ons lewens versuur'

**DEUR ANDRÈ HEINS**

DIE uitgrawe van 'n krater groter as Kimberley se Groot Gat in hul buurt gaan hul lewe 'n raserige, stowwerige hel maak, sê inwoners van Honeydew en omliggende voorstede naby Johannesburg.

Ondanks jarelange protes deur kiesers in die kiesafdeling van Randburg en Helderkruin, en volgehoue teenstand deur die stadsrade van Randburg en Roodepoort, is 'n lisensie pas (4 Oktober) deur die Departement ván Mineraal- en Energiesake aan Ready Mix Materials (Pty) Ltd toegeken om die Honeydew-sandmyn uit te brei na 'n gruisgroef.

Binne 'n radius van 5 km om die myn woon meer as 20 000 huisgesinne.

Daar word gepraat van 'n mynoppervlak van byna 85 ha vir die myn van sand en daarbinne 'n gruisgroef van byna 52 ha. Die mynlisensie is volgens Pieter van den Berg, Hoof van Stedelike Ontwikkeling van Roodepoort, egter goedgekeur vir 'n baie groter gedeelte van die plaas Wilgespruit 190 IQ - naamlik 241 ha.

Wat die diepte van die gat betref, is daar eweveel voorspellings. RNM praat van 200 meter, ander sê 300 meter - maar Ben Liebenberg, Adjunk Direkteur: Mineraalregte van die Departement van Mineraal- en Energiesake, sê daar is geen beperking op die diepte nie.

Die grondoppervlak van Kimberley se Groot Gat is maar 18 ha en die diepte van die grondoppervlak tot by die watervlak 174 meter. Word die Honeydew-gruisgroef tot 300 meter diep ontgin, sal een en 'n half Carlton-sentrums daar kan inpas.

Dié reuse-bedryf bring boonop 'n hele gewerskaf mee - swaar masjiene, stofwolke, dinamietskietery en baie lawaai. Ses honderd groot vragmotors sal daagliks in en om die myn die paaie vertrap. Die hoogs gemeganiseerde bedryf sal min bykomende werkgeleenthede skep. Die verwagte jaarlikse omset sal R12 miljoen wees.

Intussen sterf die bolope van die Wilgespruit, 'n hoofaar van die Krokodilrivier, 'n droogtedood. Die watertafel het al só gedaal dat jy hom nie met 'n boorgat beetkry nie.

En dit in 'n gebied van goeie woonbuurte en hoë tegnologie-bedrywe, van 'n groeiende ekotoerisme-bedryf en talle kleinhoewes, top-restaurants en kwekerye. Die gebied is bekend vir die Crocodile Ramble-kunsroete. Die sensitiewe natuurgebied naby die grootstad sal eenvoudig verkrag word.

Maar ontstoke grondeienaars sê veral die streek se ekonomie kan vernietig word. Die las op die infrastruktuur sal ondraaglik word.

"Die myn is eenvoudig onversoenbaar met omliggende grondgebruike," sê Mattie Hough, vise-voorsitter van die Myngroef Aksiegroep. Grondwaarde sal daal - en beleggers sal nie met 'n tang aan so 'n raserige gebied wil vat nie.

Die minister van Mineraal- en Energiesake, George Bartlett, sê dit is sy Departement se doel om mynbou in Suid-Afrika te bevorder.

Ready Mix Materials sê 'n studie is gedoen om die myn se uitwerking op die omgewing te evalueer. Die inwoners sê die uitwerking op ekonomiese gebied is nie in ag geneem nie.

Nou voer die woedende inwoners die stryd verder. Op 3 November is formeel appèl aangeteken deur die Aksiegroep en die Stadsrade van Randburg en Roodepoort.

# 'n Skatkis van beendere

## Boeiende legkaart uit oertyd ontdek

**DEUR INA VAN DER LINDE**

DIE ontdekking van 'n nuwe fossiel-terrein in Noord-Transvaal wat pas op 'n konferensie van paleontoloë bekend gemaak is, is een van die rykste ontdekkings tot hede.

Die terrein is ontdek deur dr André Keyser van die Paleoantropologie Navorsingseenheid aan die Universiteit van die Witwatersrand, en is langer as 'n jaar dig geheim gehou. Ook die presiese ligging van dié terrein, wat Driemeulen gedoop is, is onbekend - moontlik om nuuskierige fossielsoekers weg te hou.

Die terrein is in Julie 1992 ontdek. Keyser het eers 'n groot tand gevind, wat uitgeken is as dié van 'n vroeë voorganger van die mens, *Australophitecus robustus*. Sedertdien is nog agt stukke fossiele gevind, wat aan vyf hominides van die *robustus*-spesie behoort. Maar dis nie al nie. Daarmee saam is honderde fossiele van uitgestorwe en meer moderne gediertes gevind. Onder die uitgestorwe spesies tel die sabeltand-tier, die reuse Kaapse perd en verskeie aapsoorte.

Dit vorm die agtste belangrike fossiel-terrein in die land. Maar dis nie die eerste keer dat *robustus*-oorblyfsels in Suid-Afrika opgegrawe is nie - dr Robert Broom het die eerste *robustus*-fossiele by Swartfontein, ook in die Sterkfontein-area, ontdek.

DIT WORD ALGEMEEN aanvaar dat hominides en die sjimpansee sowat 5 tot 7 miljoen jaar gelede van mekaar afgeskei het. Die vroegste hominide, waaruit die moderne mens ontstaan het, is sowat 3-4 miljoen jaar oud. Dit is *Australopithecus afarensis*, wat al in Oos-Afrika gevind is, maar nog nie in Suid-Afrika nie. Die volgende erkende homonide-spesie in die evolusie-leer is *Australopithecus africanus* (die Taung-skedel, Sterkfontein). Daarna het die hominide-spesie vermoedelik in twee dele vertak.

Die een vertakking is die *robustus*, waarvan oorblyfsels gevind is by Swartkrans, Kromdraai en nou by Driemeulen, en die *Australopithecus bosei*, waarvan oorblyfsels nog net in Wes-Afrika gevind is. *Robustus* en *bosei* het massiewe tande en kake en 'n klein breinholte.

Die ander vertakking van die hominides het kleiner kake en tande, en groter breinholtes. *Homo habilis* (handige man) was die eerste om handwerktuie te gebruik en het moontlik 'n primitiewe vorm van spraak ontwikkel. Fossiel-oorblyfsels van dié spesie is by Swartkrans en Sterkfontein gevind. Hierna volg *Homo erectus* (Swartkrans en Makapansgat). Die vroeë *Homo sapiens* - die antieke mens - het sowat 'n miljoen tot 400 000 jaar gelede verskyn, 'n datum waaroor daar nog gestry word.

Daar is 'n lang glorieryke lys van Suid-Afrikaanse paleontoloë wie se name in die geskiedenisboeke sal voortleef as mense wat die misterie van die ontwikkeling van die mens begin ontrafel het. Onder hulle is Raymond Dart, wat in 1924 die skedel van die Taung-kind - *Australopithecus africanus* - opgegrawe het, Robert Broom, prof Philip Tobias, dr Alan Hughes, en nou, André Keyser.

* *Sien ook die artikels op p 28.*

# dwelms: wettiging is dalk die beste wapen

Polisiemagte in die meeste Westerse lande gee toe dat hulle die oorlog teen dwelmmiddels verloor, en selfs konserwatiewe regerings begin wonder of wettiging of minstens dekriminalisering van dwelms nie juis 'n meer effektiewe wapen teen dwelmmisbruik is nie. Wat is werklik die verskil tussen alkohol en ander dwelms? Wat van die eeue-oue tradisie onder swartmense om dagga te rook - behoort hulle almal in die tronk gestop te word? **ESMA ANDERSON** en **BEVERLEY MITCHELL** doen verslag oor die debat





FOTO'S: SALLY SHORKEND

DWELMGEBRUIK neem só toe en dwelmhandelaars raak só magtig dat hulle amper onaantasbaar geword het. Wêreldwyd spreek polisiemanne hulle frustrasie uit oor die voer van 'n peperduur stryd - terwyl al hoe meer mense nou begin sê dié stryd kan, soos sake nou staan, nie gewen word nie.


Suid-Afrika het die laaste paar jaar 'n ontploffing van harde dwelms beleef en die stryd daarteen raak al duurder en minder effektief - terwyl al hoe meer mense nuttelose burgers word of mediese behandeling moet kry.

Suid-Afrika sit boonop met die probleem dat talle swartmense in tradisionele gebiede en townships dagga volgens 'n baie ou tradisie as 'n sosiale dwelm gebruik, soos alkohol of nikotien. In dié gemeenskappe het daggarook geen kriminele konnotasie nie.

In 'n onlangse onderhoud met ABC se *20/20*-program het 'n senior Amerikaanse amptenaar van die DEA (Drug Enforcement Agency) prontuit erken dat die DEA die oorlog teen dwelmmiddels verloor. Hulle pogings, sê hy, kom bloot neer daarop om die handelaars lastig te val en hul bedryfskoste effens te verhoog.

Majoor Herman du Plooy, bevelvoerder van Sanab (Suid-Afrikaanse Narkotika Buro) se Johannesburg-tak, sê hulle konfiskeer jaarliks meer dwelmmiddels. Maar dit waarop hulle beslag lê, is nie eens 'n tiende van wat in omloop is nie. Du Plooy sê die handelaars word ook al slinkser en moeiliker om vas te trek.


Ronelle Sartor, adjunk-direkteur van Sanra



en hoof uitvoerende beampte van die Sentrum vir Alkohol en Dwelmmiddel Studies, sê die mees kommerwekkende tendensie is nie noodwendig wyer dwelmmiddelgebruik nie, maar die feit dat dié gebruikers al hoe jonger word. "Vier jaar gelede was die gemiddelde ouderdom van mense wat vir behandeling vir afhanklikheid kom aanklop het, tussen 24 en 28 jaar. Vandag is dit tussen 16 en 20 jaar."

'n Voormalige dwelmtak-offisier van Brittanje, Edward Ellison, het onlangs in *The Weekly Telegraph* die volgende geskryf oor sy ondervindings in die stryd teen dwelms en die onvermoë van huidige strategieë om dit te beveg:

"Wat ek gesien het, het my vinnig laat besef ons voer die oorlog teen dwelmmiddels op die verkeerde manier - al manier hoe ons kan wen, sal wees om die winste



van die dwelmhandelaars te vernietig. Dit kan ten beste gedoen word deur die gebruik van dwelmmiddels te lisensieer...

"Ek glo sterk dat diegene wat dwelmmiddels misbruik - of dit nou dit heroïne, kokaïne, cannabis (dagga), tabak of alkohol is - is nie kriminele nie. Hulle is net individue wat 'n persoonlike keuse uitoefen. Die enigste beheer wat oor hulle geplaas behoort te word, is om te keer dat hulle die res van die gemeenskap affekteer. Ons moet jongmense teen die versoeking probeer beskerm en ons moet almal beskerm word teen die skadelike effekte van hulle gedrag. Dit verskil regtig nie vreeslik van die manier waarop ons drank behandel nie."

Wat Ellison hier beskryf, is nie noodwendig nuut nie. Nederland gebruik al jare lank 'n soortgelyke stelsel. Baie ander lande begin nou die Nederlandse model navolg of oorweeg. (Sien artikel oor Nederland hiernaas.)

Die huidige debat oor alternatiewe benaderings van die dwelmprobleem kyk na veral twee voorstelle: óf dekriminalisering van dwelmbesit en -gebruik (veral dagga), óf wettiging van sommige of alle dwelmmiddels.

Wat dekriminalisering betref, word gesê dit is tydmors om dwelmgebruikers te vervolg - daar moet eerder probeer word om die dwelmhandelaars vas te trek. Te veel tyd, geld, administrasie en mannekrag word tans vermors om dwelmgebruikers te vervolg.

Voorstanders van die wettiging van alle dwelmmiddels sê dwelms word juis geromantiseer omdat dit onwettig is. Sommige meen indien dwelms deur die sentrale of

# dagga oor die toonbank

TOE die Nederlanders besef wat 'n reusagtige probleem dwelmverslawing en -handel is, het hulle 'n omvattende dwelmbeleid ontwikkel wat deur die regering self toegepas en befonds word.

Hulle het ook besef hulle moet eers aan hul eie nasionale probleem werk voordat hulle werklik sinvol kan deelneem aan internasionale pogings om die magtige internasionale dwelmkartels te beveg.

Buitendien, het hulle geredeneer, sal die internasionale probleem nie sommer opgelos word nie - dwelms is al eeue lank daar en sal nog lank in die rondte wees. Daarom het hulle besluit om eerder hul eie dwelmprobleem in toom te probeer hou. Noudat daar in Europa onder die EG nie meer formele grensposte is nie, verwag Europese regerings dat dwelmsmokkelary moeiliker beheer sal kan word, maar die Nederlanders glo hulle maatstawwe sal as 'n buffer dien teen dié gevaar.

Hul strategie was om eerstens te onderskei tussen "sagte" en "harde" dwelms. Sagte dwelms sluit al die verskillende produkte van die daggaplant in, soos dagga en hasjisj, terwyl harde dwelmmiddels soos heroïne, kokaïne, LSD en opium insluit wát 'n erger of meer verslawende effek op die gebruiker het. Op dié manier het hulle die misbruik van harde dwelms as 'n kriminele oortreding én mediese probleem geïsoleer en kon dit dus makliker bestry.

Hul uitgangspunt was dat dwelmverslawing nie net 'n kriminele oortreding is nie, maar ook 'n mediese probleem. Omdat hulle reeds 'n goed ontwikkelde gesondheid- en welsyn-infrastruktuur gehad het, is besluit om dié geriewe te gebruik om die probleem te hanteer. Daar was toe net bykomende geriewe nodig vir voorligtingsentrums en spuitnaald-omruiling (mense neem gebruikte naalde en ruil dit in vir skoon naalde) - altesame 130 sulke sentrums word deur 58 munisipaliteite bestuur.

By dié sentrums word verslaafdes gereeld ondersoek en medies versorg. Hulle moet egter registreer as verslaafdes voordat hulle behandeling kan kry.

Dié strategie was besonder suksesvol omdat Aids- en dwelmvoorligters saamgewerk het - met die gevolg dat HIV-besmetting nou nie meer onder dwelmverslaafdes toeneem nie.

WAT DIE GEDEELTELIKE dekriminalisering en wettiging betref, het die Nederlanders besluit net twee gram dagga mag besit word. Die vervoer en verkoop van groter hoeveelhede is 'n strafbare kriminele oortreding. Dié klein hoeveelhede kan ook in koffiewinkels en jeugsentrums verkoop word ten einde die swartmark vir sagte dwelms te verlam en die handel daarin te beheer.

Vanweë dié toegewings is besluit om met baie streng vonnisse op te tree teen die handel in en besit van harde dwelms. Die vervoer, verkoop, vervaardiging, invoer, uitvoer en smokkelary van harde dwelms in Nederland kan jou byvoorbeeld 'n boete van R177 000 en/of 12 jaar tronkstraf op die hals haal. Vir die besit van dié dwelms vir persoonlike gebruik kan 'n boete van R17 700 en/of een jaar tronkstraf opgelê word.

Die verkoop, vervaardiging en besit van groot hoeveelhede dagga (meer as 30g), word gestraf met 'n boete van R177 000 en/of vier jaar tronkstraf; vir hoeveelhede van 30g en minder is die straf 'n boete van R8 850 en/of een maand tronkstraf.

Maar selfs ná vonnisoplegging verleen die regering in medewerking met die paroolrade sorg aan diegene wat aan genoemde oortredings skuldig bevind is.

'n Peiling in 1992 het bevind daar is amptelik 21 000 dwelmverslaafdes in Nederland, waarvan omtrent vyf tot sewe duisend in Amsterdam woon. (Die meeste van dié mense was egter nie Nederlandse burgers nie, maar uitlanders wat soontoe gegaan het onder die indruk dat daar 'n vrye dwelmkultuur in Nederland is.)

Die grootste probleem is die misbruik van heroïne, terwyl kokaïne, LSD en crack-verwante dwelmprobleme betreklik yl gesaai is.

Die Nederlanders reken die dekriminalisering van dagga het gewerk omdat die owerhede meer tyd en mannekrag beskikbaar kan stel om harde dwelms te beveg. Die probleme wat met dwelms gepaardgaan, is belangriker as die dwelmmiddels self omdat mense misdaad pleeg om dit te koop.

Dit lyk of die Nederlandse strategie vrugte afwerp - en daarom begin ander Europese lande hul strategie nou ernstig oorweeg of self toepas.

munisipale owerheid beskikbaar gestel word aan verslaafdes, kan beter beheer toegepas word, sal verslaafdes minder misdade pleeg in 'n poging om geld te kry vir dwelms, sal die swartmark uitgeskakel word en sal mediese probleme verwant aan dwelmverslawing beter aangespreek kan word.

Die meeste voorstanders van die wettiging van dwelmmiddels is egter gekant teen vrye handel in dwelmmiddels en meen verslaafdes moet hul voorraad van 'n sentrale punt (byvoorbeeld geregistreerde dokters) kry sodat die hoeveelheid, gehalte en gebruik beter beheer kan word.

SANAB SE DU PLOOY is gekant teen die wettiging van dwelmmiddels, maar weerspreek homself as dit kom by die kwessie van voorskrifmedisyne wat misbruik word: "Wellconal is veral in Johannesburg 'n groot probleem, maar soos met hoesmedisyne kan 'n mens dit nie verbied nie, want daar is regtig mense wat pyn ervaar en dit nodig het. En verbied ons dit, sit ons kort voor lank met dieselfde probleem as met Mandrax. Ons grootste probleem met Mandrax het gekom toe ons dit verbied het want toe het ons geen beheer meer daaroor gehad nie. Daarom wil ons nie Wellconal verbied nie, want ons kan dit nog in 'n mate beheer en kontroleer."

Maar is dit nie dan juis 'n argument vir wettiging van dwelmmiddels nie?

Nee, sê Du Plooy, wettiging sal die probleem net vererger. "Ek dink die swartmark sal beslis groei weens die groter beskikbaarheid. Jy sal dokters kry wat dwelmmiddels op bestelling aan handelaars voorskryf. As jy selfs net die besit daarvan dekriminaliseer, sal dit ook baie moeiliker word om smokkelaars vas te trek. Daar moet 'n verbod op besit wees, want die groot smokkelaars raak nou al slimmer. Vroeër kon jy hulle vang met groot hoeveelhede dwelms, maar deesdae verkoop hulle net klein hoeveelhede en raak onmiddellik agterdogtig as jy 'n groot hoeveelheid wil koop."

David Bayever van die South African Association of Community Pharmacists se Drugwise-program vir aptekers sê wettiging sal slegs die misdadige element van die dwelmprobleem aanspreek en geen ander voordelige invloed hê nie. Die enigste oplossing, sê Bayever, is voorkoming deur middel van voorligting.


Jeanette Schmid, Nicro se takbestuurder in Johannesburg, sê daar is geen duidelike antwoorde oor wettiging nie. Selfs nie eens dagga, wat die minste teenstand kry in die debat oor wettiging, is 'n uitgemaakte saak nie - want veral hier in Suid-Afrika gaan dit ook gepaard met 'n hele subkultuur verwant aan Mandrax. "As jy dagga wettig maak, wat van Mandrax? Die twee subkulture is te na om so maklik te skei."

Sanra se Sartor sê die wettiging van dwelmmiddels is nie 'n goeie idee nie omdat dit dan te vrylik beskikbaar sal wees. Maar sy sal wel 'n sekere mate van dekriminalisering voorstaan. "Jy kan nooit jou oë sluit vir die besit of gebruik van dwelmmiddels nie. Ander mense word noodwendig daardeur geraak. Maar dwelmverslaafdes moet eerder onmiddellik vir rehabilitasie gestuur word as om vervolg te word. Daar kan ook gekyk word na metodes om die skade wat deur dwelmgebruik berokken kan word, te verminder deur byvoorbeeld spuitnaalde uit te deel."

DIE DEKRIMINALISERING van dwelmmiddels sou die ideale situasie wees, sê Sartor, maar in Suid-Afrika het ons nie die infrastruktuur om dit te hanteer nie. "Ons is ver agter die Europese lande in terme van die aantal rehabilitasiesentrums, behandelingsgeriewe en fondse wat beskikbaar gestel word en ons doen heeltemal te min op die gebied van voorligting en voorkomende maatreëls wat bewustheid en kennis betref."

Hoewel Sartor sê die wettiging van dwelms sal bloot die gebruik daarvan sanksioneer en die beskikbaarheid daarvan laat toeneem, meen sy tog dat nikotiengebruik nie sou afneem as die verspreiding daarvan ingeperk sou word of hoër belastings daarop gehef sou word nie. "Die enigste rede hoekom nikotiengebruik in baie Westerse lande daal, is omdat mense meer gesondheidsbewus is."

Die teenstanders van wettiging struikel gewoonlik as dit kom by 'n vergelyking met alkohol-misbruik. Alkohol-misbruik bly 'n groter sosiale en gesondheidseuwel as dwelmmisbruik, en volgens 'n onlangse publikasie van Sanra neem dit skerp toe onder jongmense: 25 persent manlike en 15 persent vroulike adolessente in Suid-Afrika misbruik alkohol gemiddeld een keer per week.



**Die Mandrax-tablet wat gebruik word om 'n "witpyp" of "buttonpyp" te rook.**



**Dagga en tabak word gemeng, die Mandrax word fyngemaak en 'n papierfilter word voor in die bottelnek geplaas...**

# só kweek ouers junkies

**DIE probleem met dwelmgebruik, sê die kenners, is nie die dwelmmiddels self nie, maar die mense wat dit gebruik, die misdaad wat dikwels daarmee gepaardgaan en die faktore wat meewerk om verslawing in die hand te werk.**

**Die grootste probleem vandag, sê David Bayever van die South African Association of Community Pharmacists se Drugwise-program vir aptekers, is dat kinders van kleins af junkies gemaak word deur hul ouers.**

**"Baie ouers deel soggens sommer so om die ontbyttafel vitamienpille uit, want jy kan mos nie jou dag daarsonder begin nie. Dis goed vir jou. Vir elke pyn, skeet of probleem is daar 'n oplossing in 'n bottel, 'n pilletjie om dinge reg te ruk. Ouers drink ook te maklik pille voor hulle kinders. Dit skep al van jongs af 'n kultuur van pille sluk en afhanklikheid van middels."**

**Grant Stevens ('n skuilnaam), 'n 25-jarige wat soms dwelms gebruik, sê in vandag se samelewing is stimulante en dwelmmiddels 'n byna onontbeerlike deel van ons lewens.**



**Nadat die dagga in die bottelnek gestop en die fyn Mandraxpoeier (die cream) bo-oor gestrooi is, word dit gerook.**

"Of die middels wat ons kies om te gebruik nou wettig of onwettig is, bykans niemand ontkom dit nie. Ek rook byvoorbeeld daagliks tientalle sigarette. Hoeveel mense ken jy wat nie kan funksioneer voor hulle nie in die oggend 'n koppie koffie of twee in het nie? En dan verskeie koppies deur die dag om hulle aan die gang te hou? En hoeveel mense kan glad nie ontspan, lekker partytjie hou of selfs 'n maaltyd geniet sonder 'n drankie nie? Of dit nou kafeïne, nikotien, dagga, alkohol of heroïne is, ons almal gebruik of selfs misbruik een of ander middel om aan die gang te bly, te ontspan of te ontsnap."

Sosio-ekonomiese probleme is ook 'n goeie teelaarde vir dwelmverslawing, dié dat daar in die VSA na heroïne en crack en hier in Suid-Afrika na Mandrax verwys word as ghetto-narkose.

"Op primêre voorkomingsvlak kan 'n mens nie in agtergeblewe of minderbevoorregte gemeenskappe net voorligting doen nie," sê Jeanette Schmid, die takbestuurder van Nicro in Johannesburg. "Dit is uiters noodsaaklik dat 'n mens behuising, werkgeleenthede, ontspanningsgeriewe en opvoeding en onderwys in die townships moet opgradeer voor jou voorligtingspogings werklik kan deurdring.

"Minderbevoorregte kinders, veral in ons townships, leer weens hul omstandighede nie die vaardighede aan om dwelmversoeking te weerstaan nie, nie eens op skool nie. 'n Mens kan kinders nie leer om verantwoordelike besluite te neem as hulle nie 'n onderbou het om enige besluite te kan neem nie.

"Om 'n keuse of besluit te kan maak, moet 'n mens eerstens regte en verantwoordelikhede hê en veral die reg om 'n keuse te kán maak. Maar as kinders nooit enige mate van keuse gehad het in hul gegewe omstandighede nie en hul lot nog altyd deur magte van buite bepaal is, kan jy ook nie van hulle verwag om te verstaan wat hul verantwoordelikhede is nie. Om nie eens te praat van besluit wat hul verantwoordelikhede is en nie is nie. Dié kinders het dus geen model vir besluitneming nie en as dwelmvoorligters in dié gemeenskappe werk, moet hulle nooit dié konteks uit die oog verloor nie.

"Een van die dinge wat voorligters aan kinders sê wat dwelms gebruik, is dat hulle hul vriendekring moet verander. Dit is belaglik. As jy in 'n gebied woon met 'n sterk gang-kultuur, is dié soort stelling verregaande. Hoe ontsnap 'n kind uit so 'n gebied? Dwelmmiddels in werkersklasgebiede was nog altyd verwant aan die gang-kultuur," sê Schmid. Peter Powers, verbonde aan Sanra se Dwelmvoorligtingsentrum in Kaapstad, sluit hierby aan: "Verslawing in ons townships is 'n mediese, fisieke, sosiale, sielkundige, gesins en gemeenskapsprobleem omdat daar bykans geen alternatiewe aktiwiteite is nie. Dit wentel dus rondom sosio-politieke kwessies en ekonomiese realiteite.

"In landelike gemeenskappe is middels soos dagga byvoorbeeld gebruik en beheer deur kulturele tradisies en rituele. Daar was nooit misbruik of verslawing nie. Die probleem ontstaan sodra dié gemeenskappe verstedelik en tradisionele waardes verval. Faktore soos werkloosheid, armoede, hongerpyne en vervreemding vererger die probleem en lei tot dwelmmisbruik, verslawing en uiteindelik tot misdaad."

Dié probleem blyk duidelik uit die misbruik van inasemingsmiddels soos gom en Tippex verdunner onder onderskeidelik straatkinders en wit kinders. Terwyl straatkinders gom gebruik om van hul misrabele bestaan te vergeet, gebruik wit kinders dit vir die skop wat dit hulle gee, sê Ronelle Sartor, adjunk-direkteur van Sanra.

# ons is nog ver agter

AL word 'n hele paar nuwe strategieë in Suid-Afrika toegepas in 'n poging om die dwelmprobleem te bekamp, sê kenners betrokke in dié stryd ons is nog heeltemal te kortsigtig.

Jeanette Schmid, takbestuurder van Nicro in Johannesburg, sê haar organisasie werk hoofsaaklik met jongmense en kinders wat eerste dwelmverwante oortredings begaan het. Hul program heet Pedro (Project for the Education of Drug Related Offenders). Dié jongmense word meestal na hulle verwys deur die howe as 'n alternatief vir tronkstraf wat opgeskort word mits die persoon die kursus voltooi. Die motivering is dat die jeugdigdes eerder ondersteun en rehabiliteer moet word as gestraf word.

Peter Powers, verbonde aan Sanra se Dwelmvoorligtingsentrum in Kaapstad, sê: "Dwelmverslawing sal as 'n sielkundige, emosionele, sosiale en mediese probleem gesien moet word, anders sal ons nooit by die kern daarvan uitkom nie. Dis steeds vir die regering 'n baie lae prioriteit. Hier in die Kaap sit ons met die grootste Mandraxprobleem ter wêreld en ons het net twee binne- en buitepasiënt dienste met bittermin befondsing en mannekrag."

Ronelle Sartor, adjunk-direkteur van Sanra, sê kinders moet vaardighede (life skills)

geleer word wat verband hou met waardeverheldering, probleem-oplossing, interpersoonlike verhoudings, 'n goeie selfbeeld en vaardighede oor hoe om hulleself te laat geld. Hulle moet ook onbevooroordeelde inligting gegee word oor dwelms en alkohol.

Sanra se voorligtingsprogramme in privaat skole in en om Johannesburg begin reeds in standerd een en word volgehou tot matriek: 'n weeklikse periode van 'n uur.

"Dit is 'n absolute skande dat die TOD ons nie toelaat om die program in staatskole aan te bied nie. Ons kan slegs dan en wan praatjies oor dwelmmiddels gaan hou, gewoonlik vir die hele skool. Behoorlike voorligting moet al van vroeg af en gereeld gedoen word en waar kinders in klein groepe aktief kan deelneem aan die gesprek," sê Sartor.

So 'n program kan selfs nuttiger word as dit gekoppel word aan seks- en Aidsvoorligting, erken Sartor, want die keuses berus alles op goed ontwikkelde lewensvaardighede. So kan koste bespaar word en duplisering uitgeskakel word.

Grant Stevens ('n skuilnaam) is 'n jong man wat elke nou en dan dwelmmiddels gebruik. Hy sê die rede hoekom hy versigtig is oor wat hy hoe gebruik en nooit verslaaf geraak het nie, is juis goeie voorligting.

"Omdat my ouers in die hippie-era jonk was, het ek respek vir dwelms ontwikkel. Soos die meeste jongmense het ek geëksperimenteer, maar ek besef dwelms is nie iets waarmee jy mors nie. Alle dwelmmiddels is gevaarlik afhangende van hoe dit gebruik word. Die newe-effekte hang ook hoofsaaklik af daarvan of jy dit gebruik of misbruik, nes alkohol."

HOEWEL DIE MEESTE mense sou verkies dat kinders liefs nooit geëksperimenteer het nie, is dit 'n werklikheid waarmee ons rekening móét hou. Volgens Sanra het omtrent 25 persent van die skoolgaande jeug al met een of ander dwelmmidel geëksperimenteer. Omtrent 6 tot 8 persent van dié groep sal na verwagting van middels afhanklik raak.

Powers sê naas voorligting is dit belangrik om die marginalisering van die dwelmgebruiker te verminder. "Dit help nie om hulle as kriminele te beskou nie. In Europese lande het die gebruik van dwelmmiddels aanvanklik toegeneem toe besit en gebruik nie meer as kriminele oortredings beskou is nie. Dit het egter later afgeplat en stadigaan begin afgeneem. Dieselfde kan hier met dagga gebeur.

"Dit sal dalk ook 'n interessante eksperiment wees om Mandrax ten minste vir 'n rukkie op voorskrif by sentrums beskikbaar te stel. Dit moet egter gekontroleer en gemoniteer word. So sal ons toegang kan kry tot verslaafdes wat ons nie sou bereik het nie omdat hulle Mandrax op die swartmark gekoop het.

"Dit kan ook 'n manier wees om die handelaars 'n knou te gee. As net dagga gewettig word, sal dit egter nie veel voordele inhou vir mense van minder gegoede gemeenskappe nie. Hulle sal steeds as misdadigers beskou word omdat dagga en Mandrax saam gerook word en Mandrax steeds 'n verbode middel sou wees."

Siende dat Mandrax so 'n groot probleem geword het en die gebruik van Wellconal veral aan die Witwatersrand skerp styg, kan Powers se voorstel selfs verder gevoer word tot die wettiging van onder meer Mandrax en Wellconal.

In Brittanje het dr John Marks 'n omstrede figuur geword weens sy voorskrifte vir heroïne aan verslaafdes. Hy voel dat pasiënte min of meer gegee moet word wat hulle wil hê eerder as om uitgelewer te word aan die produkte van die swartmark - die wêreld van vuil naalde, onsuiwerhede in die heroïne en transaksies betaal deur misdade.


Hy vertel onlangs aan *The Weekly Telegraph* dat hulle die aantal heroïneverslaafdes wil verminder, "maar dit is beter om hulle op hul gewone dosis te hou as om hulle bloot te stel aan riskante gedrag". Net soos Sanra en Sanab die vrees uitspreek dat die wettiging van dwelmmiddels tot groter gebruik sal lei, het kritici en skeptici geglo dat Marks se kliniek in werklikheid 'n supermark vir junkies sou word. Maar in die nege jaar wat hy verbonde is aan dié kliniek het dit nog nie gebeur nie en sy 400 pasiënte woon gereeld voorligtingsessies by waar hulle aangemoedig word om hulle dosisse te verminder, na plaasvervangers oor te skakel wat nie binne-aars toegedien word nie en uiteindelik heeltemal op te hou om dwelmmiddels te gebruik. En sy program werk, of mense nou daarvan hou of nie.



**Vroue in Seoul, Suid-Korea betoog teen dwelmverslawing. Die kettings is simbolies van afhanklikheid. (Foto: AP)**

SOU SO 'N stelsel ook in Suid-Afrika toegepas word, moet dwelmmiddels nie die mark kan oorstroom nie. Streng beheer moet toegepas word. Dokters en voorligters sal spesiaal opgelei moet word in afhanklikheidsbeheer en dwelmvoorligting. Verslaafdes sal ook by net een kliniek, sentrum of hospitaal moet registreer sodat dwelmgebruik gemoniteer en probleme met oordosisse uitgeskakel kan word.

Van die voorligters by dié sentrums kan moontlik ook gerehabiliteerde dwelmverslaafdes wees. Die Suid-Afrikaans gebore en Amerikaans getoë akteur Chris Biko vertel aan *Vrye Weekblad* dit was juis sulke voorligters by rehabilitasiesentrums in die VSA wat hom gehelp het om gespeen te raak van sy 12 jaar lange heroïne-verslawing. "Hulle ken al die verskonings en manipulerende truuks van verslaafdes. Hulle was self daar en sien onmiddellik deur enige poging om hulle 'n rat voor die oë te draai."



Tersiêre onderrig word aantrekelik gemaak met oorbruggings-programme - maar wie sal kan bekostig om nog universiteit toe te gaan?

# flinkdink

## en vasvat kan onderwys (dalk) red

**DEUR MARTIE MEIRING** **FOTO'S DEUR SALLY SHORKEND**

**Sonder goeie onderwys kan die ekonomie nie herstel nie, en sonder 'n gesonde ekonomie kan onderwys nie herstel nie. Dit gaan skoon- en nuwe- koppe vereis om dié bose sirkel te breek**

MATRIEKS skryf nou eksamen. Wit matrieks se prestasiekurwe sal styg. Swart matrikulante gaan slegter vaar as vier jaar gelede. Net sowat dertig persent sal slaag.

Sowel wit as swart matrikulante sal sukkel om werk te kry. Hulle sal ook nie maklik beurse kry vir verdere studie nie (wittes sal geen buitelandse beurse kry nie). Hoe motiveer jy onderwys teen dié werklikheid in?

'n Formidabele akademiese en politieke bedryf het rondom hierdie kwessie ontstaan en van quick fix tot langtermyn-oplossings word aangebied. Maar 'n basiese frustrasie bly steek: geld en kennis alléén gaan nie help nie.

Twee opvoedkundiges, Anne-Marie Bergh en Susan Berkhout, het onlangs die pogings om die uiters komplekse onderwyskrisis op te los as "beplanning vir 'n wonderwerk" opgesom. In Suid-Afrika vra dié "wonderwerk" 'n fundamentele bolmakiesie-slaan wat houdings, tradisie en selfs sekere waardestelsels betref.

Hoewel Suid-Afrika, soos in die res van die wêreld en Afrika in besonder, 'n onderwyskrisis beleef, is dit die nalatenskap van apartheidsonderwys en die vernietiging van die leerkultuur onder die swart jeug wat grondliggend is aan die oënskynlik onoorkomelike probleme met die herstel van die onderwys.

Afskeepbegrotings, die gewraakte Verwoerdiaanse konsep dat swart onderwys op 'n beperkte peil moet bly want swartes mag nie met wittes meeding nie, het nie net ongelykheid veroorsaak nie, maar 'n baie diep en gevaarlike wantroue in die soort onderwys wat wittes nastreef en aanbied.

Politici het die situasie vererger deur eerstens dienstig te wees aan hierdie skeefgetrektheid en later nie die waarskuwings oor byvoorbeeld die ontevredenheid ná die Bantoeonderwyswet van 1954 en nog later die Nasionale Onderwysbeleidwet van 1967 reg te lees nie. Dis nou baie bekend watter gruwelike arrogansie in die kabinet geheers het oor die opsigtelike tekens van komende krisis in 1976 met die Soweto-opstand. Selfs in 1984 toe skole-onrus op volgehoue en georganiseerde manier teen die "eie sake"-fragmentasie begin het, was daar geen begrip vir die omvang van die protes nie.

Die tragedie vir die swart gemeenskappe is dat die protes teen die Bantoeonderwys ook die vernietiging van die leerkultuur onder hul eie jeug veroorsaak het, in dié mate dat die leuse "liberation before education" 'n hele geslag swart jongmense gekweek het wat geen opleiding gehad het nie. Hier het ook die argwaan teen opvoeding, of skoling ontstaan.

Vandalisme het 'n anargistiese botoon meegebring en opvoedkundiges glo dié kultuur gaan nie so maklik uitgeroei word nie. Erger elemente het begin vorendag kom, soos die toesluit van dosente in hul klaskamers deur studente in kolleges in Lebowa - om hulle te dwing om ekstra ure klas te gee. Verlede week is die privaatgefundeerde Promatkollege, met sy goeie reputasie en al, deur gefrustreerde studente vernietig omdat die kollege weens geldgebrek moet sluit.

HOEWEL DIE VERSUIM aan regeringskant om die gevaartekens te lees tog baie duidelik moet bewys dat onderwys nié in die sfeer van die politiek tuishoort nie, het dit egter al so 'n gepolitiseerde aspek van die daaglikse lewe geword dat daar maar min kans is dat onderwys uit die politieke arena geneem kán word. Die Wits-opstand oor verteenwoordiging van die "meerderheid"-



**Mnr Daan Opperman wys hoe Raucall dit doen: onderwyser en skoliere sal op 'n informele vlak kan gesels oor hul formele opleiding wat hulle hopelik sal voorberei om van Rauskoliere tot Raustudente te vorder.**

## vergeet maar van kuns, drama, ens

OM pariteit in die Suid-Afrikaanse onderwys te kry sal die staat 48 persent van sy begroting aan onderwys moet afstaan. Tans word 19,9 persent van die begroting bestee.

Volgens Sanlam-navorsing sal huidige universiteitsfooie vir 'n B-graad teen 2000 ongeveer vervierdubbel.

Vir 'n mediese graadkursus sal die fooie versesdubbel. Die verwagting is dat klasgelde met 18 persent per jaar sal styg.

Volwasse geletterdheid staan op 50 persent en uit plattelandse gebiede vorder net 3 persent van die swart kinders tot na std 5

Driehonderd nuwe skole moet elke jaar gebou word om by te hou by die vermeerdering van 'n kwart miljoen skoolgaande kinders elke jaar.

Geen fondse sal van owerheidskant gegenereer kan word vir esoteriese vakke soos kuns, drama, ballet of musiek nie. Ouers sal hiervoor self voorsiening moet maak.

dit wil sê swart studente - in die Raad is ook 'n teken van "gepolitiseerde" gedrag wat nou nie meer gesmoor kan word nie.

Die regering het met sy veronagsaming van die De Lange-verslag, en veral die aandrang op verpligte skoling vir almal, homself aan die verloorkant in die onderwyskrisis gestel.

Nou is daar konsensus dat verpligte onderwys vir almal moet geld. Sommige instansies, soos die ANC, vra sulke onderwys vir twaalf tot veertien jaar; ander opvoedkundiges meen ses jaar se onderwys moet heeltemal vry en verpligtend wees.

DIE DEPARTEMENT VAN Vergelykende Opvoedkunde aan Unisa staan aan die voorpunt van denkrigtings vir haalbare onderwysmodelle in die nuwe bedeling. Baie opvoedkundiges beskou die talle ondersoeke, kommissies, verslae oor die stand van onderwys, die gepeutery met kurrikulums en so meer dikwels as blote paneelkloppery. Unisa se opvoedkundiges glo die oplossing lê in die fundamentele verandering van uitgangspunte. Soos: onderwyshervorming sáám met sosiale hervorming.

Hieruit is die konflik/konsensusparadigma gebore wat dui op die erfenis van apartheidonderwys teenoor "demokratiese" onderwys.

Konsensus, soos die historiese "staats"-onderwys met sy konserwatiewe benadering van onderrig op leermeesterlike wyse - die klem op meester - word gestel teenoor die konflikfilosofie waar die gemeenskap die eise dikteer wat in die onderwys mag geld. Dis ook die uitgangspunt van baie meer progressiewe opvoedkundiges.

DIE OPVOEDKUNDIGES JANE Hofmeyr en Peter Buckland lig die krisis in die swart leerkultuur uit. Weersin in skoling, frustrasie daarmee, minderwaardigheid, ontoeganklikheid en onbekostigbaarheid van skole moet aangespreek word. ANC-strukture erken dié probleem, maar dit bly vashaak; Nelson Mandela se herhaaldelike oproepe dat kinders moet teruggaan skool toe val steeds op dowe ore. Maar die voorbeeld van Orange Farm, waar die gemeenskap self besluit het om skole uit ou hoenderhokke en murasies op te rig, word voorgehou as 'n uitstekende voorbeeld van grondvlakpogings om onderwys weer status en belangrikheid in die gemeenskap te gee.

Vir sowel regerings- en demokratiese instellings soos die ANC het die wêreldwye tendens van kultuureie skole nogal kopkrap besorg. Hoe moreel is dit om onderwys te segregeer op grond van kerk, kultuur of taal? "Wit" onderwys erken (en verstaan) hierdie neiging, maar die swart gemeenskappe sal nog moet worstel met die aanvaarbaarheid - en ook onvermydelikheid - van sulke tendense wat baie gou die indruk wek van eksklusiwiteit of bevoorregting.

Multikulturele onderwys skiet egter ook groot probleme na vore. Die opvoedkundige Joan Squelch van Unisa glo meer aandag moet aan dié opsie van onderwys gegee word, maar sy waarsku teen die skielike impak van desegregasie op mense wat nooit voorheen keuses of opsies kon uitoefen nie. Sy beklemtoon die noodsaak van 'n goed onderlegde proses wat mense kan lei tot verantwoordelike opsies in onderwyskeuses.

Hoewel opvoedkundiges saamstem dat quickfix-oplossings slaggate word, is hulle dit ook eens dat die onmiddellike toekoms aangepak móét word. John Samuel, die ANC se onderwyshoof, is een van die min opvoedkundiges wat duidelik uitspel wat ▶

## 'n voerskool vir universiteit

DIE Randse Afrikaanse Universiteit het sy eie skool vir voorbereiding tot moontlike universiteitstoelating ingestel. Die RAU Centre for Advanced Learning and Leadership (RAUCALL) het reeds tweehonderd leerlinge in standerd ses en sewe in die ou Trap der Jeugd-skool in Vrededorp. Dié kinders is uit laerskole in die townships gekeur vir hul skolastiese prestasies. Daan Opperman, die skoolhoof, volg 'n radikale rigting in die "formele informaliteit" wat hy in die skool skep. Tale, wiskunde en wetenskap word op die hoër vlak gedoseer. Die verwagting is dat die sentrum sal groei tot standerd tien.

op die heel kort termyn gedoen moet word; bv die beskikbaarheidstelling van middele. Alle skoolgeboue moet ten volle benut word; geriewe moet gedeel word, onmiddellike aandag aan lees en syferkunde vir die informele sektor moet gegee word. Volgens Samuel is hierdie haalbare programme.

Prof Eleanor Lemmer van Unisa glo onmiddellike verbetering kan gebring word deur klein inisiatiewe op grondvlak, soos Orange Farm. Dié informele pogings kan deursuur om gemeenskappe onderwysbewus te maak.

ALTERNATIEWE ONDERWYS IS 'n area wat konsensus geniet onder sowel die staat as organisasies buite die staat. Befondsing word hier makliker gevind.

Die sakesektor het hom reeds bemoei met onderrig. Media, hulpprogramme, radio en televisie beantwoord onmiddellike eise vir hulp en opleidingsinligting. Praktiese skoling in nywerhede en selfs ook in klerikale omgewing word aangemoedig.

Die groot uitdaging is om onderwyseropleiding dramaties te verbeter.

Afstandonderrig is reeds goed gevestig, maar kan ook in die toekoms gebruik maak van tegnologiese hulpmiddels vir volwasse onderwys, oorbruggingsonderrig vir voorskoolse kinders, aandag aan sekondêre en voorbereiding vir tersiêre onderrig.

Tegniese onderrig wat aan die eise van die mark voldoen, bring ook nuwe aansien vir sulke vakrigtings wat in die "wit" wêreld as minderwaardig gesien is teenoor professionele rigtings.

Die rol van NGO's, wat tot dusver 'n reuse-aandeel gehad het in opleiding en hulpmiddels in die swart gemeenskappe, word nie orals onbevraagteken aanvaar nie. Oppervlakkige kundigheid is iets wat soms pla. Maar dié onverbonde organisasies kan wel vorentoe die leiding gee tot depolitisering - die wegneem van politieke dienstigheid uit die onderwys.

Verbruikersmodelle, soos die Model C wat ouer en staat in kontrak bind, mag wel dui op die filosofie dat ouers meer betrokke by die onderwys moet raak, maar hierdie skole-model word deur nie-staatstrukture as lapwerk vir pogings tot eksklusiwiteit gesien. Dié persepsie loop sterk en uit ANC-geledere was daar al stemme wat die afskaffing van die stelsel bepleit het.

Ouerbetrokkenheid word baie sterk beklemtoon in die poging om die onderwyshervorming aan sosiale hervorming te bind. Van ouers word verwag om selfs op kurrikulêre vlak inspraak in onderwys te kry. "Bring die ouers in die klaskamer en laat hulle help met onderrig in spesialisvakke," glo prof Ockie van Schalkwyk van Unisa. Deur befondsing van Metropolitan Life pak prof Van Schalkwyk aanstaande jaar 'n projek aan in tien swart skole waardeur ouers en onderwysers saam sal werk om groter ouerbetrokkenheid te verkry. Dié tendens word dikwels as te progressief beskou maar dis duidelik dat 'n sterk faktor in die toekomstige onderwyskultuur gaan wees.



**Mnr Tony Eysele, nuwe skoolhoof van Helpmekaar: 'n ou gebou met 'n ou tradisie gaan 'n nuwe kutluur en nuwe tradisie kweek.**

# KULTUUREIE - MAAR TOEGANKLIK, SÊ HELPIES

Die Helpmekaar Hoër Seunskool gaan aanstaande jaar privatiseer en sy kurrikulum wysig sodat klem gelê kan word op o.a. sakeskoling.

Dis die eerste Afrikaanse skool wat hierdie pad volg. Dis in pas met die denkrigting dat spesiliasie al op skoolvlak moet plaasvind in onderwys en ook die behoud van 'n kultuureie identiteit. Denkvaardighede word sterk beklemtoon—moontlik as bewys dat werklik gebreek moet word met die ou "tradisie" in wit en veral Afrikaanse skole dat alles met 'n lepel ingevoer word".

Mnr Anthony Eysele, 'n opvoedkundige en voormalige skoolhoof van o.m. St Stithians is reeds die hoof en die verwagting is dat die skool mettertyd tot 600 leerlinge sal kan hanteer teen 'n gemiddeld van 17 leerlinge per onderwyser.


Die koste is vanselfsprekend hoog daarom word die sakesektor geteiken vir hulp, ook met beurse aan verdienstelike studente.

Helpmekaar maak die punt dat sy voertaal Afrikaans sal wees, maar dat hy toeganklik vir alle nie-Afrikaanssprekendes sal wees nie en dat hulp verleen word aan skoliere wat anderstalig is.

# vrye weekblad

## DIE ENIGSTE NUUSTYDSKRIF IN SUID-AFRIKA WAT DIE NAAM WERD IS

’n Jaar se stimulerende leesstof én ’N VOLLEDIGE GIDS TOT DIE VARSWATERVISSE VAN SUIDER-AFRIKA geskryf deur dr Paul Skelton van die JLB Smith-Instituut vir Viskunde in Grahamstad.




**As jy vir ’n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy ’n eksemplaar van ’N VOLLEDIGE GIDS TOT DIE VARSWATERVISSE VAN SUIDER-AFRIKA. In die handel kos die boek R79,99.**

’N VOLLEDIGE GIDS TOT DIE VARSWATERVISSE VAN SUIDER-AFRIKA vul ’n ernstige leemte in die publikasies oor die natuurgeskiedenis van Suider-Afrika. Uiteindelik is daar dié een bron waar hengelaars en natuurliefhebbers alle belangrike inligting oor ons 245 varswatervisse te wete kan kom. Hierdie gids is duidelik en maklik om te gebruik. Alle inheemse en ingevoerde uitheemse spesies in Suider-Afrika word beskryf, asook 29 marine en riviermondingvisse wat dikwels in varswaterhabitats voorkom.

**DIE VOLGENDE WORD VIR ELKE SPESIE VERSTREK:**

- ’n Noukeurig gedetailleerde afbeelding in kleur
- ’n Verspreidingskaart
- Simbole wat die vis se grootte, bewaringstatus en gebruike aandui
- ’n Beskrywing van die vis se voorkoms, verspreiding, biologie, ekologie en gebruike
- Die Afrikaanse, Engelse en wetenskaplike naam van elke spesie
- Sleutels tot families, genera en spesies help die hengelaar of natuurkundige om spesies uit te ken

Intekenare kry *Vrye Weekblad* vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie ’N VOLLEDIGE GIDS TOT DIE VARSWATERVISSE VAN SUIDER-AFRIKA nie.

*• Dié spesiale aanbod geld net ’n beperkte tyd en net die eerste 25 intekenare kry elk ’n kopie van dr Skelton se ’N VOLLEDIGE GIDS TOT DIE VARSWATERVISSE VAN SUIDER-AFRIKA - stuur dus dadelik dié vorm aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.*

Ja, ek wil graag op *Vrye Weekblad* inskryf en ’N VOLLEDIGE GIDS TOT DIE VARSWATERVISSE VAN SUIDER-AFRIKA hê.

Naam: ..............................

Adres en poskode: ..............................

..............................

..............................

Telefoonnommer: ..............................

Kredietkaartnr: ..............................

Vervaldatum: Maand .................. Jaar ..........


Handtekening: ..............................

☐ tuisaflewering

☐ per pos

vrye weekblad

# die man



# wat 'n mens wou word

**Frederico Fellini, die Italiaanse meester van die rolprentkuns, is op 31 Oktober oorlede. Sy dood, skryf WILLIAM PRETORIUS, bring vir die Italiaanse film in sekere opsigte 'n bevryding mee - maar ook 'n groot verarming**

FREDERICO FELLINI is op 20 Januarie 1920 in Rimini gebore. Op tienjarige ouderdom loop hy van die huis weg en sluit hom aan by Pierino se Sirkus - een van sy take is om 'n siek sebra te versorg. Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek, reis hy deur Italië met 'n toneelgeselskap, vir wie hy sketse skryf.

Later gaan woon hy in Rome. Hy skryf en teken vir die weeklikse humortydskrif Marc Aurelio, illustreer comics, skryf hoorspele vir die radio en dink grappe uit vir die komediant Macario. In Rome ontmoet hy Giulietta Masina en hulle trou in 1943. Hul seun, in 1944 gebore, sterf toe hy net 'n paar weke oud is.

Met die koms van die Amerikaanse troepe na Italië open Fellini sy Funny Face Shop en maak 'n bestaan deur karikature en portrette van die soldate te teken. In 1945 ontmoet hy die Italiaanse regisseur Roberto Rosselini, wat hom aanstel as assistent met die rolprent *Roma, Open City*. Gou begin Fellini sy eie films maak, en die res van sy geskiedenis lê in hulle opgesluit.

Weens sensuur het ons Fellini in Suid-Afrika eers deur sy groot rolprente leer ken, wat jare nadat hulle gemaak is hier uitgereik is: *La Dolce Vita* (1960), sy monumentale panorama van die lewe in Rome, 'n stad wat in die meeste van sy werk 'n hoofrol speel; *Fellini-Satyricon* (1969), vir my 'n meesterwerk van die internasionale rolprentkuns, 'n donker, gepynigde, fantastiese portret van antieke Rome waarin fisieke plesier selfvernietigend word; en die simpatieke, outobiografiese *Amarcord* (1974), 'n verslag van 'n jeug, wat hier steeds nie ongesny toegelaat word nie - die SAUK het 'n jaar of twee gelede 'n gesensorde weergawe daarvan uitgesaai, 'n belediging vir sowel die kykers as Fellini se integriteit as kunstenaar.

En dis moeilik om Fellini op enige ander manier te benader as dat hy 'n kunstenaar was. Sy werk is gevul met 'n persoonlike visie. 'n Mens kan hom "vind" in sy rolprente: sy liefde en intense afkeer van die Katolieke Kerk; sy surrealistiese selfbevrediging in 'n rolprent soos die beroemde *8 1/2*, 'n mengsel van sy drome en fantasieë, met die held, die regisseur, as sirkusbaas; sy skeiding van sy filmwêreld en die bewoners daarvan in teenoorgesteldes en uiterstes, in die pragtige of die groteske, die goeie of die slegte, die dekadente of die suiwere.

Die kritikus John Russell Taylor sê onvriendelik, maar met onbetwisbare insig, dat Fellini self sy geliefkoosde onderwerp was. "Met hom is halwe maatreëls daarom nie moontlik nie: óf jy aanvaar hom heeltemal, foute en al, óf jy slaan hom oor. Vir die geesdriftige, natuurlik, is selfs die foute maar net deugde in 'n ander gedaante."

Dis waar. 'n Rolprent soos *City of Women* (1980), beskryf as "another autobiographical confession concerning the pain of the self" (RT Witcombe: New Italian Cinema), weer met Marcello Mastroianni, Fellini se alter ego - hul verhouding was so heg dat die akteur dikwels sy eie woorde kon improviseer - was vir my 'n mislukking. Fellini het sy persoonlike visie tot oormatigheid oordryf en 'n waansinnige fantasie opgelewer, 'n gerammel oor die futuliteit van seks, maar steeds 'n uiters interessante film, volwasse en bedrewe. Fellini op sy ergste is steeds die moeite werd.

Ek het maar onlangs sy vroeë films gesien, soos *La Strada* (1954) en *Nights of Cabiria* (1956). As daar één genre is in die Italiaanse rolprentkuns, is dit waarskynlik neo-realisme, 'n styl waarna Italiaanse rolprentmakers keer op keer terugkeer. (Gianni Amelio se *The Stolen Children*, oor die vriendskap tussen 'n polisieman en twee mishandelde kinders, is 'n onlangse voorbeeld.) 'n Mens besef dat Fellini se vroeë films dié genre en styl net gebruik het om dit tot die uiterste te span, en dit uiteindelik te verwerp. Sy rolprente is deurdrenk met sy bepaalde genialiteit, en dit kan nie in iets so ordinêrs soos genre geprop word nie. Sy rolprente is buitengewoon, kompleks, persoonlik, uiteenlopend.

Die sleutel tot sy rolprente lê vir my in 'n stuk wat hy oor homself geskryf het: "When I am taken into the radiologist's room, in particular, I feel like an object, a thing. The coldly lit room looks either like a concentration camp or an assembly plant. I am left on the trolley, half naked; beyond the glass partitions the white coated doctors talk about me and point to me, with gestures I can see and words I cannot hear. The other patients' relatives pass quite close to me in the passage, look at me, lying there half naked: they look at an object." (Fellini on Fellini.)

Hy is 'n voorwerp, ontmens en vervreemd. Sy rolprente is 'n proses van vermensliking, deur Italiaans te wees, deur 'n verfynde stedelike visie - Rome. Die proses van vermensliking is moeilik, maar in sy rolprente omvat dit al die stemminge en gevoelens in kuns, in die eenvoudige realisme van sy vroeë prente, die donker, epiese *Satyricon*, die deemisvolle *Amarcord*, die lustelose, leë *Casanova* (1976), die breë teatraliteit van *And the Ship Sails On* (1984), die warmte van sy huldeblyk aan Hollywood, *Ginger and Fred* (1986), wat ook 'n bittere kritiek is op die manier waarop die televisie die rolprent trivialiseer. Sonder rolprente is daar net geestelike konsentrasiekampe of metaforiese fabrieksaanlegte met 'n gevoel van sieldodende roetine.

Sy dood is die dood van 'n kunstenaar. Met Visconti en Pasolini was hy die laaste van 'n geëerde drie-eenheid wat die geskiedenis van die Italiaanse rolprentkuns die laaste veertig jaar oorheers het. Sy dood is die einde van 'n era, maar ook 'n bevryding - die Italiaanse rolprentkuns is nou vry van hul invloed, maar dit is ook baie, baie armer.

## FELLINI OOR SENSUUR

**"Sensuur is altyd 'n politieke werktuig: beslis geen intellektuele werktuig nie. Kritiek is 'n intellektuele werktuig: dit veronderstel 'n kennis van die dinge wat dit beoordeel en teenstaan. Kritiek vernietig nie: dit plaas 'n voorwerp op sy regte plek tussen ander voorwerpe. Om te sensureer is om te vernietig, of ten minste om die proses van die werklikheid teen te staan."**



# rap word gekap

'n Vurige veldtog word nou deur die swart middelklas van die VSA teen rap gevoer. Dié twis onderstreep 'n dieper skeuring in die gemeenskap, skryf **SALIM MUWAKKIL**

RAP-MUSIEK word nou weer skerp aangeval in die VSA - en dié slag nie deur wit konserwatiewe of omgekrapte polisiemanne nie, maar deur die swart middelklas.

Die eerste oorlogskreet het vroeër vanjaar gekom van eerwaarde Calvin Butts van die Abyssinian Baptist Church in Harlem toe hy in 'n simboliese protes 'n miniatuurstoomrollertjie omhoog gehou het om dekadente rap-opnames te vergruis. "Dis as Christene ons morele en maatskaplike plig om kapsie te maak teen die bose magte wat ons gemeenskappe help vernietig," het Butts aan sy juigende gemeente gesê.

Kort op Butts se hakke het verskeie ander kerkleiers, maar ook sekulêre organisasies landwyd hul eie antirap-veldtogte begin. Die National Political Congress of Black Women het 'n kommissie aangestel om spesifiek teenstand te bied teen rap se oormatige vrouehaat.

"Hoekom kan die polisie rappers keer wanneer hulle oor polisiemoordenaars sing, maar vroue kan hulle nie keer as hulle oor 'bitches' en 'hos' sing nie?" vra 'n lid van dié kommissie, Jamie Brown, ook die uitgewer van die tydskrif *Sister2Sister*.

Toe 'n genooide groep rappers onlangs hul kru lirieke met ewe kru argumente verdedig het op die jaarvergadering van die National Association of Black Journalists in Houston, het die meeste van die gehoor uit protes die saal verlaat. Talle joernaliste het rap daarna skerp aangeval.

In 'n "Editorial Notebook" in die *New York Times* op 27 Augustus beskuldig die swart joernalis Brent Staples rappers daarvan dat rap - veral die styl bekend as "gangsta rap" - moord en vrouehaat ophemel. Boonop, skryf hy, neig die hip-hop kultuur waaruit rap gebore is om "middelklas-normaliteit vir swartmense uit te beeld as 'n ondergeskikte toestand". Staples is veral omgekrap oor middelklas-rappers wat gewelddadige stedelike verledes versin. Sulke tweegesigte verlustig hulle in 'n perverse "armoede-fetisj" sê hy.

Dié kwaai woorde weerspieël die groeiende klasse-skeuring in die African-American gemeenskap. Deur die gedurig verskuiwende lens van die hip-hop kultuur word ras-egtheid al hoe meer gelykgestel aan stedelike armoede. "I don't run with the bourgeoisie, my crew is much blacker," rap Pete Rock en CL Smooth in hul liedjie "Soul Brother No 1".

Rap-musiek het die swart middelklas nog nooit juis aangestaan nie. Die genre se ghettosentrisme, grootpratery en bombasme kom regstreeks uit 'n stedelike mentaliteit wat talle vooruitstrewende swartmense aanstootlik vind. En hoewel rap die laaste tyd heelwat intellektuele aansien gekry het - verskeie swart kritici prys die genre se skeppende drif - bly die styl ongewild onder buppies.

Maar terwyl rap al hoe meer protes uitlok by die African-American middelklas, strek die invloed daarvan elders al hoe wyer. Van Europa tot die Verre Ooste omhels jongmense die hip-hop kultuur geesdriftig. Volgens Chuck D (Carleton Ridenhour), die hoofsanger en skeppende krag van die swart nasionalisties-georiënteerde rapgroep Public Enemy, is daar in baie lande waar hulle opgetree het nou radiostasies wat nét rap uitsaai. In 'n onlangse lesing in die Art Institute of Chicago het Ridenhour 'n groot gehoor vertel rapmusiek is nie meer "die CNN van Amerika nie", maar "die CNN vir die hele wêreld se jeug".

RAP SE GROEIENDE aanhang het talle kritici laat huiwer om negatiewe kommentaar te lewer op een van die min suksesverhale wat uit Amerika se stedelike gebiede na vore gekom het. Maar die opkoms van gangsta rap, 'n sub-genre wat 'n ruwe beeld gee van die wel en wee van die lewe in die ondergrondse ekonomie, het dié huiwering laat verdwyn. Rappers van die gangstaskool deurspek hul lirieke met stywe dosisse vrouehaat en rasse-onmin.

"Bitches ain't shit but hos and trixx, lick on deez nuts and suck the dick," rap Dr Dre en Kie in "The Chronic". Nog 'n sappige brokkie uit Dre se repertorium is: "Who's the man with the master plan? A nigga with a motherfuckin' gun."

Dre is 'n voormalige lid van die berugte Kaliforniese rapgroep Niggaz With Attitude, wat gangsta rap in 1991 gevestig het met hul tweede album, *Niggaz4Life* - 'n blitsverkoper.

Hoewel 'n makker gangsta-styl - geskep

# vuilbekke vol vrouehaat

**DEUR ALISA L VALDÉS**

MET die Fourth of July-naweek het vyf mans 'n 14-jarige meisie seksueel aangerand in 'n openbare swembad in New York. Elke nuusberig het onderstreep dat haar ma (en sowat 1 300 ander mense) toegekyk het terwyl dit gebeur - maar net enkele berigte het die mees betekenisvolle besonderheid genoem: dat die jong mans die lirieke van 'n gewilde rap-liedjie voorgedra het terwyl hulle die meisie beetgepak het.

Dit het my nie verbaas nie. Die laaste jaar moet ek elke liewe dag in die strate van New York aanhoor hoe die kru woorde van 'n seksistiese rap-liedjie aan my geskree word deur 'n jong man iewers op 'n straathoek of in 'n motor.

Ek haat rap nie. Om die waarheid te sê, ek is 'n musikant en 'n hip-hop dansafrigter. Voorheen het ek graag die lyftaal van Monie Love-video's nageboots, my Chicago Bulls-pet skeef of my kop gesit en groot hoepel-oorbelle gedra. Ek was fly. Maar nou begin ek bang word, werklik bang.

Dat gekommersialiseerde hip-hop en rap deur hoofstroom-Amerika omhels is, is nie verrassend nie. Wat wel 'n verrassing is - 'n verrassing wat ernstige ontleding verdien - is die stortvloed van geslagshaat in die top-40, die flagrante geweld teen vroue wat landwyd oor die radio verkondig word, en teen kritiek beskerm word deur die wit skuldlas wat die "swart musiek"-etiket oproep.

Hoewel 'n mens kan argumenteer dat die ontwikkelinge op die gebied van taal en musiek in ons samelewing die laaste eeu merendeels te danke is aan African-American improvisasie in jazz, slengtaal en nou die poësie van rap, is dit die winsgrens, en nie artistieke bewondering nie, wat die musieknywerheid "swart musiek" laat omhels het.

Maar wát word aan jong Amerika gesing? Vir vroue, veral jonges, is die antwoord skrikwekkend. Hier is my getuienis, gehaal uit 'n enkele uur van top-40 radio een middag in New York:

'n Vrome Mary J Blige dink terug aan die liefde wat sy ervaar het en sing: "I'll sacrifice my time/ to make sure you're satisfied." 'n Paar liedjies later antwoord 'n rapper met 'n diep stem: "If the sex is good then take two... I might explode all over you... Will you be my concubine?"

Die vroulike trio Jade pleit: "Don't walk away boy, I'll be right here for you" - terwyl jy op die agtergrond hoor hoe kreun en gil 'n vrou tydens orgasme. Intussen betig die Jamaikaanse rapper Mad Cobra sy meisie omdat sy durf sê het: "I'd rather wait." Hy sing: "Girl, I can't wait no more... for the injection... receive what I give."

Met kleinmeisie-stemme sing SWV: "Your love's so sweet, it knocks me right of my feet." Onyx antwoord: "I come to beat 'em, to feed 'em and mistreat 'em, so what if that I'm cheatin'?" - terwyl 'n mannekoor op die agtergrond skree: "Slam... let the boys be boys."

En Dr Dre raak romanties: "If it ain't another ho' that I gots to get with/ gap teef in your mouth so my gas gots to fit... with my sack on your tonsils... I'm gonna smack your ass from the backside, to show you how Def Row pull off that hoop ride." (Vertaling: "Ek sal by jou slaap as ek nie 'n beter vrou in die hande kry nie. Boonop het jy g'n tande nie, so my penis behoort goed in jou mond te pas - so goed, om die waarheid te sê, dat my skrotum op jou mangels behoort te kan rus. Dan sal ek jou slaan, laat ek jou van agter bykom, om jou te wys hoe ek en my vriende by die platemaatskappy seks bekom.")

VROUEHAAT IS geen nuwe verskynsel in wit, manlike Amerika nie. Maar nog nooit is dié haat so gewelddadig uitgedruk in die popmusieknywerheid nie. En dié nywerheid het eensklaps bondgenote gevind in 'n onwaarskynlike oord: die (nou opgehemelde) ghetto wat geskep is deur die misbruike van slawerny, segregasie en rassisme - bondgenote met name soos Onyx en Dr Dre. Wie kan beter haat as iemand wat self al gehaat is?

En wie gaan terugbaklei? Die besware van nie-swart mans en vroue kan maar onmiddellik afgeskryf word as nie-funky, verspot en rassisties - "dis 'n swart ding, jy sal dit nooit verstaan nie". Feministe van alle rasse word te maklik afgemaak as synde buite die hoofstroom. En alte dikwels word pogings om vroue in die swart gemeenskap seggenskap te gee beskou as sekondêr tot die "werklike" stryd om die man te bemagtig.

Maar iemand moet die stryd opneem. Eerder ek as Tipper Gore, nie waar nie? Swart en Spaans-Amerikaanse mans is ontman deur die kultuur van slawerny en rasse-skeiding, maar daar is iemand wat nog minder geld as hulle verdien, iemand wat nog minder in die media verteenwoordig word as hulle, iemand wat die aanslag van dié ontmande woede verduur: die vrou - en veral die gekleurde vrou.

Hoe kan die ophemeling van bendes verkragters en vroueslaners so gladweg gekondoneer word wanneer een uit elke vier swart mans agter tralies sit en méér jong swart mans tronk toe gaan as kollege toe?

In dié land word 'n vrou elke 15 sekondes deur haar metgesel geslaan. Elke anderhalf uur in New York word 'n vrou erg genoeg deur haar man geslaan om skuiling en hulp elders te gaan soek. Vierduisend vroue word elke jaar doodgeslaan.

Dit gaan nie oor 'n swart ding wat ons nie sou kon verstaan nie, of 'n Spaans-Amerikaanse ding nie, of 'n wit ding nie. Dit gaan oor die toekoms van 'n hele geslag. Dit gaan oor die waardigheid van alle mense. Dit gaan oor vroue se lewens.

**Alisa L Valdés skryf vir die* Village Voice *en die* Boston Globe *en werk nou aan 'n boek oor vroue in eietydse jazz.*

© *In These Times.*

---

deur die rapper Justice van New York - al sedert die middel-tagtigerjare bestaan, het die kru Kaliforniese weergawe soos 'n veldbrand versprei. Ewe vinnig het dollartekens in die oë van platemaatskappy-bestuurders begin flits. 'n Kakofonie van profane stemme het die hip-hop toneel begin oorheers en die "explicit lyrics"-etiket wat vir ouers as gids moet dien en vroeër by uitsondering aangeheg is, het die reël geword eerder as die uitsondering. Dié etiket word nou met trots gedra - deesdae sal geen rapper wat sy (of haar) sout werd is, 'n album daarsonder uitreik nie.

Dis die stortvloed wellustige lirieke wat nou al hoe meer protes uitlok. Hoe groot dié protes is, is gewys deur die Congressional Black Caucus se wetgewende jaarvergadering onlangs, waar verskeie kritici in paneelbesprekings teen die ganse genre uitgevaar het as " 'n bedreiging vir die samelewing".

"Ons hoef nie meer bekommerd te wees oor die Klan, skinheads of enige ander groep wat ons ooit gevrees het nie," het Dwight Ellis, ondervoorsitter van die meerendeels swart National Association of Broadcasters, gesê. "Ons eie jeug vaar beter met die beswaddering en vernietiging van ons gemeenskappe."

Die bohaai oor rap is 'n simptoom van 'n dieper skeiding tussen die armoedige stedelike jeug en die swart middelklas leierskap. Jong African-Americans voel min lojaliteit jeens die burgerregte-broederskap of swart predikers soos Butts van Harlem. Vir die jeug is hip-hop 'n verklaring van die outonomie van hul geslag en 'n uitdruklike verwerping van die middelklas-lewenshouding, wat vir hulle 'n "sell-out"-mentaliteit verteenwoordig.

"Jongmense sien geen orde, eenheid of vooruitgang onder die swart leierskap nie - daarom maak hulle hul eie reëls," sê Ridenhour.

Na sy mening verteenwoordig rap-musiek, selfs gangsta rap, die swart jeug, "wat besig is om baie vrae te vra en antwoorde wil hê". Tensy die gemeenskap betrokke raak en help om antwoorde te gee, sê Ridenhour, sal hulle hul eie antwoorde vind. "En ons sal waarskynlik nie hou van wat hulle vind nie."

© *In These Times*



Die "jong" krater van Tswaing. Dis 220 000 jaar gelede geskep deur 'n meteoriet wat die aarde teen 80 000 km/h getref het.

# nou deel almal die geheime van tswaing



**'n Groot gat in die grond het aanleiding gegee tot 'n opwindende rigting in museums in Suid-Afrika, skryf MARTIE MEIRING. Weg is die glaskaste en die muf en die groot stiltes. 'n Lewende, dinamiese, groeiende "museum" bring weer mens en natuur bymekaar, en terselfdertyd word belangwekkende wetenskaplike ontdekkings gedoen**

AL het die groot gat, of dan krater, van Tswaing, 40 km noord van Pretoria, lankal internasionale belangrikheid, is dit een van die bes bewaarde geheime in Suid-Afrika.

Tswaing - die plek van sout, of Zoutpan soos hy al jare lank bekend is - word in Januarie 1994 'n ekomuseum: 'n opelug, gemeenskapsgesentreerde museum in pas met die nuwe paradigmas wat nou oral in die Nuwe Suid-Afrika uitskiet.

Tswaing se krater is 220 000 jaar gelede gevorm toe 'n meteoriet die grond teen sowat 80 000 km per uur getref het. Die krater is sowat 1 130 meter in deursnee. Geologiese navorsers het al 'n boorgat van 200 meter laat sak tot dit op soliede rots gestuit is.

Daar is tekens dat hier diere kon gewees het. Later is die gebied wel bewoon, moontlik al 'n paar eeue gelede, en dié bewoners het duidelik gebruik gemaak van die sout uit die krater.

Die betreklike jonkheid van die krater en die ontoeganklikheid van die terrein het die krater as 't ware "beskerm" en daardeur 'n ideale navorsingsgebied gemaak vir wetenskaplikes. Die klimatologiese kennis wat uit die geologiese navorsing voortgespruit het, word as uiters belangrik beskou. Sowat agt tydperksiklusse word baie duidelik in die krater aangetoon.

Die Franse het sowat dertig jaar gelede begin met sogenaamde ekomuseums, om die groen filosofie onder plaaslike bevolkings beslag te gee, maar dit was 'n langsame proses om werklik die muf en glaskas uit die museologie te haal.

EERS IN DIE jare tagtig het die internasionale wêreld werklik die beginsel van ekomuseum - dit wil sê die verbintenis tussen mens en natuur - in die praktyk gevestig gekry.

Tswaing is die breinkind van dr Udo Küsel, direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en die museoloog dr Robert de Jongh, wat spesifiek verantwoordelik is om die ekomuseum nou op sy "bene" te bring.

Hoewel daar landboumuseums in die land is, is dit die eerste ekomuseum. Hier kan die plaaslike bevolking betrek word

met deelnemende landbou, veral veeteelt en die hervestiging van hul ou kuddes - 'n lewende deel van die museologie. Die praktiese daarvan is gewoon dat die ou "antieke" kuddes inheems was en dus die beste in die omgewing geaard het. Die terugteling na sulke kuddes, soos die Nguni-beeste, word al 'n paar jaar hier beoefen.

KÜSEL EN De Jongh se geesdrif lê veral in die "vermensliking" van die soort museum wat hier bedryf sal word. Die kollektiewe geheue van die gemeenskap is die primêre erfenis, en dus sal nie net navorsers nie, maar ook die plaaslike mense self hul geskiedenis onthou en oorvertel.

Die groot bate vir die gemeenskap self is dat hulle weer die besitters word van hul eie gebied en ook die bedryf van hul voorvaders (in dié geval beesboerdery) kan voortsit. Daarom is 120 Nguni-beeste al na die gebied gebring vir teling.

Groot verarmde swart gemeenskappe woon in die gebied - soos in Mabopane, Soshunguve, Nuwe Eersterus, Kromkuil, Winterveld en Klippan.

Die sowat 2 000 morg van Zoutpan self is taamlik yl bewoon, maar aan sy grense strek beboude gebiede en plakkerkampe ver uit. Al dié mense sal baie nou met die museum verbind word.

Veldstudie, staptoere, geologiese studie en voëlstudie word in die vooruitgesig gestel.

De Jongh, wat reeds met die omliggende stukture onderhandel het, vertel van groot geesdrif onder die gemeenskappe vir die projek, maar die voorbehoud was hoe kan kinders dit bekostig om die toegangsgeld te betaal.

Maklik opgelos. Elke kind bring so 'n tien weggooi-blikke, gooi dit in groot dromme by die toeganghek - en daar swaai die poorte oop!

DIE PLAAS ZOUTPAN is in 1887 geproklameer deur president Burgers vir sy natrium. Destyds het mense gedink dis tafelsout, maar dis industriële sout. Nietemin, as tafelsout het die krater deur die eeue mense besig gehou. Reste van ou bewoning in die gebied is byvoorbeeld gevind in plate waar vroue die sout gesprei het om droog te word.

Later is die sout net vir myne gebruik en het proefplaasbedrywighede hier plaasgevind.

Dié staatsbesit het gemaak dat die grond en omgewing taamlik behoue gebly het. Vandag is daar nog oor die 300 spesies voëls te sien en te hoor en die flora het ook behoue gebly.

# krater bring nuwe kennis oor die klimaat

DIE afgelope vier weke het die soutpan van Tswaing deurslaggewende inligting gelewer oor klimatologiese omstandighede - naamlik 'n langtermyn korrelasie tussen sonuitstraling en reënval. Dis 'n sleutelstap nader aan die "verstaan" van weerpatrone.

Prof Tim Partridge, wat al ses jaar lank baie nou verbind is aan die geologies-klimatologiese navorsing by Tswaing, sal aanstaande maand op 'n internasionale kongres in Kenia 'n referaat lewer oor dié inligting wat uit die soutpan verkry is.

Die beter begrip van atmosferiese sirkulasie sal internasionale impak hê, want dit bring onder meer die kwessie van weerlesings baie nader aan weervoorspellings - deesdae 'n kritieke navorsingsveld vanweë die voedselvoorsieningsprobleme.

Deur die navorsing uit die sedimente in die krater is agt klimatologiese siklusse uitgeken. Dié siklusse het gewissel van semi-woestynomstandighede soos die Kalahari tot subtropiese Laeveldtoestande. Die reënval het oor die laaste 180 000 jaar van 400 mm per jaar tot 1 000 mm per jaar in gereelde siklusse gewissel. (In die lae onder die huidige bosveldterrein is daar tekens van Karoobossies en tyetoe reuse-geelhoutbome welig hier gegroei het.)



Die langhoring Nguni-beeste word hervestig in die ekomuseum van Tswaing.



Onder 'n afdak by Tswaing word inligting oor die gebied maklik en toeganklik aangebied.

DIE FAKTOR WAT veranderinge in sonuitstraling verbind met veranderinge in reënval is die seeoppervlak. Hierdeur word die atmosfeer geaffekteer en vandaar die "natuurlike" beïnvloeding van die atmosfeer.


Prof Partridge glo die inligting gaan nou ook belangrik wees wat betref die "onnatuurlike" beïnvloeding van die atmosfeer deur uitstraling van koolstofdioksied. Nou algemeen bekend as die kweekhuiseffek.

In die laaste 150 jaar sedert die industriële revolusie het koolstofdioksied in die atmosfeer met 25 persent vermeerder. In die koeler temperature van 18 000 jaar gelede, toe die atmosfeertemperatuur 4 grade laer was as vandag, was koolstofdioksied een derde minder as in warmer toestande. Met die huidige kweekhuiseffek het die koolstofdioksiedmeting egter van die aanvanklike "normale" 270 dele per miljoen gestyg tot 350 dele per miljoen - en die waarskuwing is dat dié meting binne die volgende 70 jaar tot 700 dele per miljoen kan styg as die wêreldbevolking nie daadwerklik plan maak met gasbranding nie.

AFGESIEN VAN DIÉ dringende "waarskuwing" uit Tswaing, is die krater al klaar 'n polsende omgewinglaboratorium. Die stuifmeelnavorsing, asook diatoomnavorsing (kristalwier), gee inligting oor die plantegroei en organismes

Die intensiewe navorsing by Tswaing is tot dusver befonds deur Geologiese Navorsing en ook deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling. Die verwagting nou is dat Tswaing 'n belangrike natuurwetenskaplike navorsingsentrum sal word wat ook deur buitelandse fondse gehelp kan word om onder meer die belangstelling en studie in die wetenskappe te bevorder.

Maar beslis sal toeriste, soos met die Meteorcrater van Arizona, na die krater van Tswaing gelok word.



# Waar kom ons vandaan?



**'Uit Afrika kom daar altyd iets nuuts,' het die ou Romeine gesê - en wat die evolusie van die mens betref, is vandag se wetenskaplikes dit met hulle eens. INA VAN DER LINDE kyk na die jongste teorieë oor die herkoms van *HomoSapiens***

TOE wetenskaplikes in die VSA 'n paar jaar gelede bekend maak dat ons almal van één aardsmoeder afstam - noem haar maar Eva - het hulle 'n bittere geskil ontketen wat selfs antropoloë, bekend vir hul bitsige twiste, verstom het.


Antropoloë stry al sedert Charles Darwin se dae oor die oorsprong van die mens. Maar dit het telkens nog gegaan oor die opgrawing van gebeentes en gesteentes êrens in die stowwerige vlaktes van die Groot Skeurvallei in Kenia, Tanzanië, of waar ookal, wat bestaande teorië oor die oorsprong van die mens omvergewerp het.

Dié keer het die stryd egter verskuif na die lugversorgde laboratoriums van 'n nuwe soort antropoloog: wetenskaplikes opgelei in molekulêre biologie wat vorendag gekom het met navorsing oor die mens se gene waardeur moeisaam saamgestelde teorieë van antropoloë by die venster uitgegooi is.

Wetenskaplikes onder leiding van Allan Wilson en Vincent Sarich van die Universiteit van Kalifornië, Berkeley, het navorsing gedoen op gene afkomstig van die plasentas van 147 babas met voorgeslagte uit Afrika, Europa, die Midde-Ooste, Asië en Australië. Deur die voetspore van 'n sekere soort DNA te volg wat net van die ma afkomstig is, bekend as mitochondriale DNA, is hulle teruggelei, so is gegló, na die heel eerste vrou waaruit ons almal stam.

Dié genetici se Eva het 200 000 jaar gelede in Afrika geleef, sy was moontlik swart met die spiere van 'n vroulike liggaamsbouer, maar het verder baie soos die moderne mens gelyk. Sy was een van 'n groep wat op een plek, 'n Afrika-paradys, ontwikkel het en van daar die res van die wêreld bevolk het.

Hulle het verklaar navorsing wys daar was geen vermenging tussen Neanderdalmense - wat sowat 100 000 jaar in Europa en verder oos tot by Iran geleef het - en die



moderne mens nie. Neanderdalmense het 32 000 jaar gelede heeltemal uitgesterf (nóg 'n feit wat betwis is deur sekere antropoloë).

Boonop het die biochemici beweer molekulêre navorsing wys dat die mens en ons naaste aapfamilie, die sjimpansee, tussen 8 en 4 miljoen jaar gelede van mekaar geskei het. In daardie stadium het antropoloë geglo dat dié verdeling minstens 15 en selfs tot 30 miljoen gelede plaasgevind het.

DIE JONGSTE GENETIESE data oor 'n vergelyking tussen die DNA van 4 000 individue van Asië, Afrika en Europa, versterk die boodskap van die biochemici net verder en die meeste antropoloë moes noodwendig hul strydbyle begrawe.

Dié navorsing word bespreek in twee boeke wat pas verskyn het: *Origins Reconsidered*, met die subtitel "In search of what makes us human" (Abacus, 1993, R35,99) deur die veteraan-opgrawer van Kenia, Richard Leakey, en nog 'n antropoloog, Roger Lewin. Die ander boek, *The Language of the Genes* (Harper Collins Publishers, 1993, R90,99), is geskryf deur 'n Britse genetikus, Steve Jones van die University College, Londen. Dit is gegrond op 'n reeks BBC-praatjies.

In *Origins Reconsidered* teken Leakey en Lewin apologie aan - en sê die genetici was toe al die tyd reg. Maar ook die genetici het skietgegee. Jones erken dat genetici en paleontoloë eenvoudig nie oor genoeg inligting beskik om 'n gesamentlike oermoeder vir die moderne mensdom aan te wys nie en dat Eva (ten minste vir die huidige) dood is. Hy gee toe dat baie van die gevolgtrekkings steeds op afleidings berus.

Oor datums, selfs meer as oor gebeentes en gesteentes, is daar nog heelwat verskille. Jones toets die nuwe betrekkinge deeglik deur die tydperk toe die skeiding tussen sjimpansees en ons vroegste voorsate (homonide) plaasgevind het, met nog 'n paar eeue vorentoe te skuif, na 5 miljoen jaar. Hy stel ook die tyd toe die eerste moderne mense ontwikkel het op 130 000 pleks van 200 000 jaar gelede. Maar nou ja, wat is 'n paar duisend of selfs 'n paar miljoen jaar nou tussen nuwe vriende.

Datums daargelaat, is daar breë eenstemmigheid oor verskeie ander sake: Leakey en Jones sê albei die vroegste voorsate wat lyk soos die moderne mens, kom uit Afrika.

DIE LEGKAART WORD nou so inmekaar gepas: Die eerste regstreekse voorsaat van die hominides, die *Australopithecus*-hominide, het in Afrika ontwikkel. *Australopithecus afarensis* het tot drie miljoen jaar gelede in die Laetoli-beddings van Kenia gewoon. Die bekendste fossiel van dié spesie is Don Johanson se Lucy, genoem na die Beatles se liedjie "Lucy in the Sky with Diamonds". Sy was minder as vier voet lank, met 'n klein skedel en 'n slentergang. Onse eie Raymond Dart se Taung-kind, *Australopithecus africanus*, behoort ook tot die groep.


Daarna volg *Homo habilis* ("behendige man"), en nog 'n spesie, *Homo rudolfensis*. Hulle was die eerste spesie wat klipwerktuie gebruik het (2,5 miljoen jaar gelede). Hul breine was groter, hul gesigte het minder uitgesteek, met 'n opmerklike neus en 'n sigbare ken. Baie jare lank het meer as een spesie van mensagtige skepsels naas mekaar bestaan in Afrika - en nét in Afrika.

*Homo erectus*, wat tussen 1,5 miljoen en 500 000 jaar gelede ontwikkel het, was die eerste om uit Afrika te ontsnap en oorblyfsels is ook in China, Europa, die Midde-Ooste en Java gevind. Die eerste volledige skelet van *Homo erectus*, bekend as die Turkana-seun, is in 1984 by die Turkanameer in Kenia opgegrawe deur 'n kollega van Leakey, Kimeu Kamoya. Hy het 'n groter brein, 'n prominente rif oor die oogbanke, 'n massiewe kakebeen en lang arms en bene gehad.

Die vroeë *Homo sapiens* het sowat 400 000 jaar gelede ontwikkel. Die Neanderdalmense het tot dié groep behoort. Oorblyfsels van Neanderdal-gemeenskappe het vir 100 000 jaar in Europa en die Midde-Ooste tot so ver as Irak floreer, maar ná die koms van die moderne Homo sapiens heeltemal uitgesterf - sowat 32 000 jaar gelede. Die vroeë Homo sapiens het groter breine as moderne mense gehad, maar 'n swaarder liggaamsbou, groot neuse en tande, kort arms en bene, en was aangepas om in die koue té leef.

Die eerste moderne *Homo sapiens* het tussen 200 000 en 130 000 jaar gelede ontwikkel met 'n kleiner brein, 'n gesig wat nie uitsteek nie, 'n prominente neus en herkenbare ken, en kleiner tande

Dié weergawe van die ontwikkeling van die mens kry steeds kwaai opdraande van paleontoloë soos Milford Wolpoff van die Universiteit van Michigan, wat glo ons voorouers het meer as 'n miljoen jaar gelede ontwikkel. Hy en ander meen die hominides het meer as 15 miljoen jaar gelede van die aap-spesie afgeskei. Volgens hom het sterk evolusionêre kragte daartoe gelei dat *Homo erectus*, deur verskillende sta- ▶



diums heen tergelykertyd op verskillende plekke in die wêreld ontwikkel tot die moderne mens. Dit verklaar waarom verskillende rasse en kulture ontwikkel het. Dit staan bekend as die multiregionale model.

Hierteenoor staan die sogenaamde Noag se Ark-hipotese, die "Out of Africa"-model, waarvolgens die moderne *Homo sapiens* as 'n enkele evolusionêre gebeurtenis - 'n spesiasie - in 'n geografies afgesonderde gebied ontstaan het. Dit veronderstel dat die fossiel-rekord 'n oorgang van een spesie na 'n volgende kan rugsteun. Die ander mens-spesies het nie saam met die moderne mens die evolusionêre "stamboom" geklim nie, maar eerder soos takke in verskillende rigtings gespruit en uiteindelik uitgesterf. Argeologiese opgrawings tot dusver steun die Noag-hipotese.

Die twee modelle het ook verskillende implikasies vir moderne rasse-kenmerke. Volgens die multiregionale model sal rasseverskille in verskillende geografiese gebiede die produk van 'n lang evolusionêre geskiedenis wees met wortels wat ver teruggaan. Volgens die Noag-model sal rasseverskille 'n onlangse verskynsel wees, die produk van onlangse genetiese differensiasie - met vlak wortels.

Dis hier waar die mitochondriale Eva as getuie geroep word, en selfs tradisionele antropoloë kan nie werklik teen haar getuienis stry nie.

Mitrochondriale DNA is afkomstig van 'n gedeelte buite die selkern en het die taak om energie te vervaardig. Twee eienskappe maak mitochondriale DNA besonder geskik om evolusionêre geskiedenis na te spoor:

* Mitochondriale DNA word net van moederskant oorgeërf en kan daarom familie-stambome aantoon. Dit is nie 'n mengsel van albei ouers se gene nie, soos nuklêre DNA wat 'n familierekord bevat wat deur elke generasie deurmekaargekrap word.

**Die ganse mensdom se DNA-stamboom het oënskynlik in Afrika begin.**

Mitochondriale DNA word net deur mutasies verander - willekeurige geïsoleerde foute in die kopiëring van die genetiese kode, wat dan aan die volgende geslag oorgedra word. Elke willekeurige mutasie produseer 'n nuwe tipe DNA wat so kenmerkend is as vingerafdrukke. Deur die aantal foute of mutasies te "lees" kan bepaal word wanneer twee verwante spesies of groepe van mekaar afgeskei word. Dit staan bekend as 'n molekulêre wekker.

Om die mutasies te bestudeer sny navorsers elke monster DNA in segmente wat met ander DNA-monsters vergelyk kan word. Daaruit kan 'n magdom gevolgtrekkings gemaak word. Onder meer dat verskillende rasse skaars van mekaar onderskei kan word. Die rede: Ons is 'n betreklik jong spesie en vergeleke met ander spesies is daar baie min genetiese verskille tussen kulture (sien artikel hiernaas). Wat herkoms betref, val die DNA in twee algemene kategorieë: Een tipe kom net voor in babas van 'n onlangse Afrika-afkoms, en die ander in die res, asook in mense met 'n verlangse Afrika-afkoms. Die DNA van die eksklusief Afrika-groep het baie groter verskeidenheid getoon, wat beteken dat dit meer mutasies versamel het omdat die familie-stamboom langer hier rond is. Die ganse mensdom se DNA-stamboom het oënskynlik in Afrika begin. In 'n stadium het 'n groep Afrikane geëmigreer, en 'n afsplitsing het gevolg om 'n tweede tak DNA te vorm wat na die res van die wêreld oorgedra is.

Die genetiese navorsing wys verder dat die Neanderdalmense geen genetiese bydrae gelewer het tot die moderne mens se samestelling nie, omdat daar geen vreemde genetiese materiaal in nie-Afrikane gevind word wat nie ook in Afrikane aangetref word nie.

"Ons almal is lewende fossiele wat die erfenis van ons voorvaders in ons omdra," sê Jones.

# onder die vel is ons vervelig dieselfde

GENETIESE navorsing en die aard van oorgeërfde verskille tussen mense is 'n onderwerp wat 'n mens vir jare nie in ordentlike geselskap aangeroer het nie. En boonop om 'n heeltemal onwetenskaplike rede: die teorie oor die biologiese meerderwaardigheid van sommige rasse. 'n Teorie wat deur die eeue 'n spoor van ellende en dood gelaat het waar dit ook al vastrapplek kon kry.

Die jongste genetiese navorsing wys nie net dat die ganse mensdom uit dieselfde groep oermoeders spruit nie, maar bevestig finaal dat Homo sapiens nie biologies verdeel kan word in afsonderlike spesies, getipeer aan uiterlike kenmerke soos velkleur, haartipe en bouvorm nie. Die menslike spesie is onder die vel eintlik vervelig eenselwig in genetiese samestelling, in vergelyking met byvoorbeeld, slakke.

Maar waar presies het die teorie begin van "wetenskaplike rassisme", soos dit bekend gestaan het? In *The Language of the Genes* sê Steve Jones dit kan herlei word na 'n eksentrieke en verwaande Brit, en 'n neef van Charles Darwin, Francis Galton. Hy het in 1869 'n boek geskryf met die naam *Hereditary Genius*, waarin hy sê elkeen van ons erf unieke menslike eienskappe van ons voorgeslagte oor by wyse van 'n ingeboude kode.

Sy eintlike belangstelling was die verskynsel van genialiteit in sekere families - 'n klas waaronder hy homself gereken het. Roerend bekommerd oor die agteruitgang van die menslike ras weens die vinnige aanteling van die "laer rasse", stig Galton toe die wetenskap van eugenitiek, die rasverbeteringsleer. Rasse kan verbeter word deur die geboortesyfer van "Ongeskiktes" te beperk deur sterilisasie, en die aanteling van "Geskiktes" te bevorder. Eugenitiek-klubs het wedstryde gehou vir die voortreflikste families, en die naam Eugene - goed gebore - het in die Engelse taal ingesluip.

Die kragtige kombinasie van Galton se eugenetiek en Darwin se evolusionêre insigte het die intellektuele, politieke en ekonomiese denke van die twintigste eeu volledig deursuur. Terselfdertyd het dit die nuut-gevestigde veld van menslike genetika vir langer as 'n eeu ingelei in 'n doodloopstraat waaruit wetenskaplikes eers die laaste 40 jaar kon kom.

NOG EEN VAN Galton se volgelinge was die Duitse embrioloog Ernst Haeckel. Hy was 'n geesdriftige ondersteuner van evolusie en sosiale verandering. "Die Duitsers het die verste afgewyk van die algemene vorm van die aap-agtige mens... Die laer rasse is fisiologies nader aan diere as beskaafde Europeërs. Ons moet dus 'n heeltemal ander waarde aan hul lewens heg," het hy verklaar.

Adolf Hitler was 'n aanhanger van Haeckel, en van Eugene Fischer. Fischer was die direkteur van die Berlynse Instituut vir Antropologie, Menslike Oorerwing en Eugenitiek. Een van sy assistente was Joseph Mengele, berug vir sy poging om Galton se idees in die praktyk om te sit.

**Dit kos net 'n paar duisend jaar van evolusie vir velkleur om te verander. Die belangrike verandering - in die grootte van die brein byvoorbeeld - kan honderde duisende jare duur.**

En hier plaaslik weet ons van 'n hele geslag Afrikaners wat voor die oorlog in Duitsland studeer en met konsepte oor rassesuiwerheid teruggekom het waarvan die spore vandag nog in ons samelewing opgetel kan word. Rassiste lei nou nog hul idees af van die geskrifte van die vroeë genetici en daar is onwelkome tekens dat daar wêreldwyd 'n oplewing is van die idee dat gene belangriker is as die mense wat hulle dra.

Die moderne genetika het uiteindelik vorendag gekom met die gereedskap om die teorie van suiwer rasse te toets, en verkeerd te bewys. Dit wys dat daar inderdaad nie aparte groepe of "spesies" binne die mensdom voorkom nie, ongeag die opmerkbare verskille tussen volkere van die wêreld.

Jones sê honderde verskillende gene is al gekarteer. Die meeste eienskappe, soos velkleur, bloedgroep of haarvorm, verskil van plek tot plek. Dit wys dat neigings in velkleur, byvoorbeeld, nie gepaardgaan met verskille in ander gene nie. As na die genetiese atlas van die mens gekyk word, is uiterlike kenmerke soos velkleur die resultaat van veranderinge in minder as tien gene - aansienlik minder as die verskille tussen twee slaksoorte in twee aangrensende valleie in die Pirenese gebergtes. Individue - nie nasies en rasse nie - is die hoof-bewaarplek van menslike variasie.



**Lucy - die lid van Australopithicus, die eerste regstreekse voorsaat van die hominides, wie se beendere in Kenia gevind is deur Don Johanson. Sy is genoem na die Beatles se liedjie "Lucy in the Sky with Diamonds", wat gespeel is toe die ontdekking gedoen is.**

DIE REDE VIR die duidelike patrone in verskille in velkleur, liggaamsbou en hemoglobine-struktuur hou moontlik met natuurlike seleksie verband. Wilson en Sarich, twee genetici van die Universiteit van Kalifornië, skryf uiterlike verskille tussen volke aan klimaatsaanpassings toe - swart in Afrika vir beskerming teen die son, wit in Europa om ultraviolet-straling te absorbeer, wat weer help om vitamine D te absorbeer.

Dit kos net 'n paar duisend jaar van evolusie vir velkleur om te verander. Die belangrike verandering - in die grootte van die brein byvoorbeeld - kan honderde duisende jare duur.

Ras, soos gedefinieer by wyse van velkleur, is net so min 'n biologiese entiteit as 'n volk. Die hele kwessie van suiwer rasse is 'n mite, sê Jones. "Morele kwessies oor ons eie biologiese samestelling - rassisme, seksuele stereotipering, nasionalisme - is niks anders as dit nie: kwessies van moraliteit eerder as wetenskap en dit het niks te make het hoe ons ons medemens sien of behandel nie."





Die Pendelaar... deel van 'n essay oor die Johannesburgse stasie deur die fotograaf Motlhalefi Mahlabe van *The Star*.

# figure in die stad

Dié twee treffende foto's is die werk van deelnemers aan 'n fotografie-werkwinkel wat pas in Johannesburg gehou is deur die Instituut vir die Bevordering van Joernalistiek in oorleg met die Mark Fotografiese Werkwinkel.

Uit 'n foto-essay oor die katedraal St Mary's in Johannesburg deur die vryskut-fotograaf Calvin Dondo van Harare, Zimbabwe.

Fotograwe uit verskeie buurlande - onder meer Botswana, Malawi, Swaziland, Zambië en Zimbabwe - het 'n week lank byeengekom om idees uit te ruil onder leiding van die Suid-Afrikaners David Goldblatt en TJ Lemon.

# die lewe is 'n

**Die akteur Sean Taylor is van 17 November in die Markteater op die planke in die eenman-opvoering The Double Bass. BEVERLEY MITCHELL gesels met hom - en ontdek dat die tyd dié eens angry young man sagter laat word het, maar geensins sy gees en talent gedemp het nie**

WANNEER Sean Taylor die kamer binnekom, vóél jy sommer hoe word die stemming met elektrisiteit gelaai. Die man borrel van die energie. En die gedagtes vloei aaneen as hy gesels: hy noem dit 'n "stream of consciousness" - maar dis ook 'n skerp humorsin gevul met anekdotes, boeiend en vermaaklik.

Taylor se toetrede tot die toneelwêreld het hom geen angstige selfondersoek gekos nie - dit was maar bloot wat hy altyd wou doen. Toe sy broer, Van Zyl Slabbert, hom aan die einde van matriek vra wat hy met die res van sy lewe gaan doen, was sy antwoord eenvoudig: Drama!

Hy het geweet hy kan dit doen, want hy het op skool al toneelgespeel en goed gevaar daarmee. In 1979 het hy sy toneelstudie aan die Universiteit van Kaapstad voltooi - en die res van die Sean Taylor-fenomeen is geskiedenis.

Sy ander groot liefhebbery is gholf. Dis die boeiendste spel op aarde - 'n "zen-spel", sê hy. Dit leer jou soveel oor jou lewe. "As jy 'n slegte hou slaan, kan jy dalk omgekrap of kwaad wees - maar jy moet stilstaan en die situasie ontleed. Jy wou die bal dié kant toe slaan, maar toe slaan jy dit dáái kant toe. Hoe kry jy dit nou weer waar jy dit wil hê?

"Jy kan jou lewe op dieselfde manier benader. As jy 'n gemors gemaak het, help dit nie veel om kwaad te word en niks daaromtrent te doen nie. Pas eerder die lesse toe wat gholf jou geleer het."

TAYLOR IS BEKEND as 'n man wat hom nie laat onderkry nie en vertel jou graag wat hom kwaad maak. Hy het berug geword deur 'n voorval op 'n Jodac-vergadering toe hy sy broek afgetrek het. Wat het hom daartoe gebring?

"Ek was vies vir die wit linkses. Hulle het g'n humorsin nie. Ek het geen probleme gehad met dit waarvoor hulle staan nie - ek bewonder daardie soort toewyding - maar hulle het eenvoudig geen humorsin nie. Dís wat my kwaad gemaak het. Ek het my zip afgetrek en my tottie vir 'n millisekonde geflash. Dit het baie meer omstredenheid veroorsaak as wat dit verdien het. Dis eintlik maar 'n nietige gebeurtenis in my lewe.

"Ek dink nie 'n mens se houding is iets wat jy kies nie - dit gebeur sommer net. Dis 'n soort oorlewingsmeganisme op 'n manier. Ek raak veral omgekrap as ek ontdek dat mense vir my lieg of my bedrieg. Ek kry eenvoudig dié uitdrukking op my gesig. Ek kan dit nie beheer nie. Dit gebeur sommer. Dieselfde gebeur as iemand my sê ek moet sjarmant wees met mense omdat hulle toevallig belangrik is of baie mag het. Soms wens ek ek kon dit doen, maar ek het nie die vermoë nie."

TAYLOR IS OOK beskou as die opperste angry young man. Sommige het hom selfs al Suid-Afrika se Marlon Brando genoem. Hy is nie seker of hy van dié vergelyking hou nie. "Ek meen, 60 kg oorgewig en bles. Maar mense hét my met hom vergelyk. Ek het altyd gewonder: het ek die beeld geskep - of hulle? Ek weet nie, miskien 'n bietjie van albei. Ek het nooit doelbewus die beeld probeer skep nie, maar ek wás 'n angry young man. Dit het deurgeslaan in my werk en in my houding. En toe begin die publiek daarop reageer.

"Ek is seker ek het gehelp om die beeld te laat voortlewe - ek meen, wie kan dit weerstaan? Iemand moet een of ander tyd woedend raak. Ek was daai ou. Ek is nou maar net te oud om 'n angry young man te wees. Miskien is daar nou iewers 'n jong akteur, pas uit die dramaskool, wat die nuwe angry young man gaan wees. Ek wil dit nie meer wees nie.

"Ek het sagter geword met die ouderdom. Soos 'n goeie wyn. Ouderdom en kinders versag mense. Ek het twee dogters en hulle bring 'n beskermende instink in my na vore. As ek enigiets van myself herken in die mans wat na my dogters kom vry, smyt ek die vent onmiddellik uit. My kinders is al waarvoor ek iemand sou doodmaak. En dis 'n suiwer dierlike instink. Vir 'n vrou sal ek veg - maar ek sal beslis nie vir haar doodgaan nie. As ek lees van kindermishandeling, kyk ek na my dogters en dink: as enigiemand naby hulle kom, maak ek hom dood. Smyt my dan maar in die tronk, dit sal die straf werd wees."

Om groot te word as Van Zyl Slabbert se kleinboetie het probleme opgelewer, sê Taylor, maar ook voordele ingehou. "In my vormingsjare is ek dikwels geïntimideer deur die blote teenwoordigheid van my broer. Ek was as 't ware in sy skadu. Ek is dikwels voorgestel as sy broer, eerder as Sean Taylor, veral toe ek nog op universiteit was. Ek was altyd bewus van wie hy is en watter rol hy speel. Ek is nog steeds. Daar was beslis by my 'n stryd om weg te breek hieruit.

"Ons het dieselfde ma gehad, hoewel hy 15 jaar ouer is as ek. Hy het my altyd uitgeneem fliek toe, en ek het daarom altyd na sy besoeke uitgesien. Toe my pa en my ma albei oorlede was, het hy my voog geword. Vir die eerste keer in my lewe het ek mense ontmoet wat in meer dinge belangstel as seks en dagga.

"Hy het my geleer om klassieke musiek te waardeer. Hy het eenkeer by my kom kuier en gevra of hy na 'n bietjie musiek kan luister. Toe speel ek Black Sabbath. Hy het gelyk of sy oortromme gaan bars. Hy het my vir die eerste keer na Mozart laat luister. Skielik het ek ontdek daar is 'n hele nuwe wêreld daar buite, daar is méér aan die lewe as rock and roll. En dit was vir my baie belangrik."

'N BOEIENDE ANEKDOTE som Taylor se karakter op. "Ek het Clive Derby-Lewis in 1990 in 'n vertreksaal ontmoet toe ek op 'n vlug wag. Die ou het oorgestap na my en gesê: 'Ek ken jou.' Ek sê toe: 'Ek ken jou ook, jy's Clive Derby-Lewis.' My broer was in die politiek, ek het geweet wie dié ouens is. Toe besluit die man hy wil met my gesels en hy vaar uit met 'n rassistiese tirade en sê dinge soos die swartes is onnosel, hulle kry wat hulle verdien. Toe sê ek: 'Verskoon my, maar waar sit jy op die vliegtuig?' Hy sê my waar - en ek sê: 'Wel, ek's bly ek sit nie langs jou nie, anders het ek jou opgefok." Toe stap ek weg.

"En toe in 1993 lees ek hy is ter dood veroordeel weens die moord op Chris Hani - en dat hy 'n soort moordlys gehad het. Soms, in my paranoïese oomblikke, wonder ek: het hy dalk onderaan geskryf, NS Sean Taylor?"

**Sean Taylor ... "Mens kies nie jou houding nie, dit gebeur sommer net."**

# gholfspel




FOTO:SALLY SHORKEND

# so wat sien jy?

**DEUR JOHANNES BRUWER**




**"Some Kind of Shivering Fragment" deur Marion Arnold.**

DIE kunswerk hiernaas afgebeeld, "Some Kind of Shivering Fragment", is 'n sleutelwerk op Marion Arnold se tentoonstelling *Situations*, wat tot 20 November in die Goodman-kunssal in Johannesburg te sien is.

Kyk 'n bietjie daarna, en ontleed jou onmiddellike reaksie. Is dit dalk verwarring? Dan het die werk ironies geslaag - want dit is postmodernisties daarop ingestel om nie gemaklik saam te werk met jou konvensionele maniere van kyk nie. Dit wil jou geykte gesigspunte bevraagteken. (Een tema van Arnold se tentoonstelling is die relatiwiteit van verskillende gesigspunte op dieselfde "situasie".)

Jy soek, byvoorbeeld, 'n volledige, afgeronde en selfs samehangende prentjie wat jy onmiddellik kan inneem. Maar pleks daarvan kry jy 'n versameling beeldfragmente wat op verskeie maniere - ruimtelik, perspektiwies, emosioneel, stilisties, ens - so teenstrydig werk dat dit moeilik is om hulle visueel met mekaar te versoen, om die komposisie as 'n "eenheid" te lees.

Daar is onder meer die teenstelling tussen "plat" (die blou vlak bo met die twee hakspelde en die klomp eenselwige bruin vorms - blare? klippe? artefakte?) en "diep" (die lawa-agtige "landskap" reg onder die blou vlak).

En reg onder dié landskap (waarvan die monochrome swart ook kontrasteer met die helder kleure van die res) is 'n soort "tafelblad" waarop verskeie beeldfragmente voortborduur op die kontras tussen "plat" en "diep" - en op 'n emosionele vlak ook speel met die kontras tussen "dekoratief" en "ekspressief".

Kyk byvoorbeeld na die afgekapte voëlkoppe wat heel onder lê - waarom lees jy hulle nie ook as "dekoratief" soos die anonieme vorms op die boonste blou vlak nie? En die oë van die vrou in die spieëlskerf - waarom het hulle 'n ontstellende, onrustige uitwerking op jou wat die weerkaatsing van "berge" op die spieëlskerf effens hoër op nie het nie? Aanskou jy die natuur met minder emosionele evokasies as waarmee jy 'n mens se gesig aanskou? En waarom?

Die werk speel met die teenstrydigheid tussen "illusie" en "werklikheid" - die geskilderde, "denkbeeldige" fragmente in die komposisie en die fragmente van werklike materie ('n stok, stukke klip en keramiek) waaruit die raam daarom saamgestel is. Ook die vertikale struktuur in die middel bring sinsverwarring - stel dit iets ('n plant?) voor, of is dit 'n suiwer abstraksie? Die plasing daarvan onderstreep 'n kontradiksie tussen wat "ver" is en "naby". Onder is dit aan die "agterkant" van die "tafelblad", bo is dit "voor" die blou vlak.

DAAR IS OOK meer subtiele, filosofiese kontradiksies in die werk - die teenstelling tussen "verbale" en "visuele" betekenis, byvoorbeeld. Die drie blou letters onder - wat jy onvermydelik (weens verbale kondisionering) nie as outonome vorms lees nie, maar as die woord AND. Of die betekeniskontras tussen die "onvolledige" titel van die werk - "Some Kind of Shivering Fragment" - en die frase wat in driedimensionale letters op die raam uitgespel word: "Some Kind of Whole Made of Shivering Fragments", 'n frase uit 'n aanhaling van die romansier Virginia Wolf wat Arnold elders tentoonstel: "I achieve a symmetry by means of infinite discords, showing all the traces of the mind's passing through the world, and achieve in the end some kind of whole made of shivering fragments. To me this seems the natural process, the flight of the mind."

En so meer. Arnold motiveer die teenstrydige konstruksie van haar werk intellektueel in 'n essay wat by die kunssaal te kry is. Sy wil jou op nuwe maniere laat kyk, die tradisionele "belangrikheid" van sommige onderwerpe ten koste van ander bevraagteken (bv: "There is nothing in Western narrative "history" painting that makes its rendering of human forms an inherently more meaningful comment on human society than the depiction of landscape or objects or flowers").

MAAR 'N MENS se intuïsie en gevoelens stem nie altyd saam met jou intellek nie. Al motiveer Arnold die bewuste teenstrydighede van haar *Situations*-reeks intellektueel, bly die feit staan dat die visuele en emosionele teenstrydighede onsamehangend aandoen en 'n mens eenvoudig verwar. Die postmodernistiese argument dat alle gesigspunte ewe geldig is, oortuig my as reaksionêre kyker nie. Ek kan dit nie help nie. Ek kan nie angs, vreugde, woede en deernis gelyk voel en almal ewe betekenisvol vind nie. 'n Mensfiguur spreek my gekondisioneerde persepsies steeds sterker emosioneel en simbolies aan as 'n blom of 'n landskap, omdat ek in die eerste plaas 'n mens is, en nie 'n blom of 'n landskap nie. Dis uit 'n abstrakte oogpunt moontlik onregverdig, maar as vlees en bloed wil ek één ervaring op 'n slag inneem, één gesigspunt wat duidelik en onomwonde gestel word, sodat ek daarmee kan saamstem of verskil omdat dit 'n besliste betekenis het. Kortom, al is alle "betekenis" ideologies gekondisioneer, glo ek steeds sommige betekenisse kan universeel wees aan alle mense - en dat 'n kunswerk wat kant kies vir 'n bepaalde betekenis, méér vir alle mense te sê het as een wat alle gesigspunte tegelyk wil akkommodeer.



Tom Cruise

# Kliënte wat konkel

## In *The Firm* weef die regisseur Sidney Pollack 'n betowerende web van intrige

**DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

*THE FIRM* is nie jou gemiddelde skiet-hulle-tot-hulle-dood-is-riller nie. Flieksliefhebbers wat hou van 'n prikkelende storie met heelparty kinkels in die kabel, sal hul daarin kan verlustig.

Die film is gegrond op John Grisham se blitsverkoper, *The Firm*. Ná Brian De Palma se faux pas met *Bonfire of the Vanities* - die lesers van Tom Wolfe se gewilde roman was ontstoke oor De Palma se minder suksesvolle film-weergawe - was regisseur Sidney Pollack (bekend vir sy *Out of Africa* en *Havana*) versigtig om nie 'n soortgelyke fout te begaan nie. Die storie is wel aangepas en die slot verander, maar sonder om die spanning in te boet. Die einde is ingrypend verander om by Pollack se visie van die hoofkarakters te pas.

Mitch McDeere is 'n briljante dog platsak Harvard-gegradueerde wat deur groot geld gelok word om hom by 'n klein, maar vooruitstrewende prokureursfirma aan te sluit. Gou word dit duidelik alles is nie pluis nie: behalwe vir skynbaar gemoedelike aanmanings oor die McDeeres se lewenswyse, sterf vennote van die firma op agterdogwekkende wyse. McDeere krap 'n bietjie rond, en kom op getuienis van ongerymdhede af. Intussen lig die FBI hom in dat hy vir húlle getuienis moet insamel om die firma vas te pen. McDeere ontdek geen vennoot kon nog ooit die firma lewend verlaat nie.

KLINK SOOS DIE resep vir 'n naelbyter. Pollack was egter minder geesdriftig: "Ek het die boek gelees en gedink dit sal miserabel moeilik wees om te verwerk. Ek het gedink dit sal baie moeilik wees om filmiese ekwivalente te vind vir goed wat lekker lees." David Rabe (die skrywer van *Streamers* en *Casualties of War*) is deur die vervaardigers ingeroep om die draaiboek te skryf. Die resultaat: McDeere wat in *Falling Down*-styl die firma met 'n masjiengeweer flenters blaas. Pollack was nie beïndruk nie.

Hy en David Rayfiel (wat *Havana* en *Three Days of the Condor* geskryf het) begin opnuut aan die storie werk. Die gryp-die-geld-en-hardloop-einde het gepla - asook McDeere se ontrouheid aan sy vrou. "Ek wou nie 'n film maak oor 'n paar yuppies wat op die ou einde net so skelm soos die res is nie," sê Pollack.

Draaiboekskrywer Robert Towne vang die dilemma vas: "As jy Mitch McDeere was, wat sou jy doen om 'n prokureur te bly en terselfdertyd die FBI tevrede te stel sonder om jou kliënte te verloën?" Gesprekke met prokureurs lei tot 'n belangrike afwyking van die boek wat 'n noodsaaklike deel van die film word: McDeere vang sy kliënte uit met twee algemene witboordjie-misdade: posgeld-bedrog en gekookte rekeninge. Deur dié intelligente en onverwagte aanpassings van die verhaal kom McDeere en vroulief heelhuids anderkant uit - met hul ordentlikheid onaangetas.

POLLACK SLAAG daarin om 'n boeiende verhaal te laat ontvou. Sy span kleurryke akteurs help ook: Tom Cruise - wat sy Brat Pack-beeld nou finaal afgeskud het - lewer, arrogant ofte not, goeie spel. Jeanne Tripplehorn (wat laas in *Basic Instinct* die spit bloedig afgebyt het) oortuig en Gene Hackman - as die boef met 'n hart - is, soos gewoonlik, op sy stukke. 'n Blonde Holly Hunter, Ed Harris as 'n kaalkop FBI-agent en 'n humoristiese David Strathairn kwyt hul uitstekend van hul taak.

Pollack weef 'n betowerende web van intrige - die film maak genoeg draaie om die kyker enduit vas te nael. Die misdade waaraan die firma-vennote skuldig is, is geloofwaardig hoewel die Mafia-konneksie effens afgesaag is. Ongelukkig draf *The Firm* te vinnig deur Mitch se groot plan aan die einde - die showdown is dus nogal mak en bevredig nie die kyker se verwagtinge nie.



Jeanne Tripplehorn en Tom Cruise

Pollack maak hom nie skuldig aan enige opvallende sedeprekies nie - tog lyk dit of Hollywood hunker na die "goeie ou dae" toe mense met "inbors" die kwade braaf oorwin het. In die amorele dog nostalgiese jare negentig vind dié soort romantiek byval. *The Firm* drup van idealisme: iets soos "arm, eerlike mense kan wen as hulle nie swig voor versoekinge nie".

Die verskil is dié "arm" paartjie se fleurige toekoms was reeds oopgekap toe hulle die verkeerde afdraai gevat het.

# resensies

## klassieke musiek

# jong musikante rek vlerke

deur phil du plessis

DIE Oude Meester Musiekprys is ingestel as vertrekplatform vir die uitvoerende loopbane van ons jong musikante. Wenners van vanjaar se kompetisie gee 'n goeie idee van die standaard van musikale onderrig vir jong konsertmusikante hier. Daar is werklik pare blink vlerkies aan sommige van dié jonges - dis duidelik dat die aandurf van die internasionale toneel haalbaar is. Musikante moet, soos troebadoers van ouds, maar trekvoëls wees. In ons land is daar sekerlik nie, byvoorbeeld, die geleentheid om jou lewe te kan maak as konsertorrelis nie.

Mario Nell, wenner van die orrelkategorie, is 'n opwindende fenomeen voor die orrel: sy spel is akkuraat en sy gebruik van solo-registers vindingryk. Eugene Tofimozyk van Stellenbosch is 'n kaartmannetjie en 'n virtuoos op die marimba. Die wêreld lê vir hom oop, asook vir die fluitspeler Handri Loots van Pretoria, wat letterlik voël gespeel het in Messiaen se *Le Merle Noir*.

Op die klavier het Pierre-Jacques Joubert beïndruk met sy begrip van die breë bloei van die romantiese idioom in *Poemes* van Scriabin en Chopin se tweede ballade. Die jong Rudi de Groote het die majesteit en elegansie van Haydn se eerste tjellokonsert laat triomfeer. Ek was minder gelukkig met die sopraan Mariëtte Jansen van Rensburg se sang. Sy studeer by Nellie du Toit en sing op net so 'n gespanne wyse.

Martin Watt, wenner van die komposisie-kategorie, se sonate vir viool en klavier is 'n hegte, goed geskrewe werk en wys sy besondere aanvoeling vir instrumentasie sowel as melodiese en harmoniese struktuur. Ek sou dit graag weer wou hoor. Gina Beukes se uitvoering daarvan was vir my 'n bietjie aggressief.

Die gesonde uitruil van musikale magte met die buitewêreld is nou weer aan die gang en aangesien ons musikante 'n volledige internasionale medium van kommunikasie gebruik, kan hulle met hulle vliegkaartjies enige plek gaan nes skop. Ek wil na die Oude Meester Kompetisie van hierdie moppie sê: *Sie sind klasse!*



## teater

# die ironie van die nuwe suid-afrika

deur beverly mitchell

DAAR is 'n vreemde stilte op die verhoog. Nie net dat daar geen akteurs te sien is nie, nee, die spel het dan nog nie begin nie. Maar 'n stilte nogtans. Toe die akteurs op die verhoog verskyn duur dit voort. Nou is dit 'n amper gedissiplineerde stilte - soos soldate wat op aandag staan. Maar al is *Short Hair, Flat Nose* te meganies gedoen, is dit nogtans 'n stuk wat die tonge sal laat klap. Dit breek weg van die destydse protesteater en stel 'n nuwe rigting vir townshipteater in. Martin Koboekae, wat die regisseur is en die rol van Howard vertolk, het 'n weldeurdagte argument geskryf wat die ironie en belaglikheid van die Nuwe Suid-Afrika blootstel. Die storie fokus op die konflik tussen twee seuns en hul ma - elkeen met hul eie kruk vir oorlewing. Die stuk handel egter oor hóé die gesin mekaar vind, al is hulle paaie so ver uit mekaar uit. Hoewel die storie 'n ernstige ondertoon het, is daar wel oomblikke waar jy skree van die lag. *Tot 13 November by die New Black Sun, Johannesburg te sien.*

## stand-up komedie

# blote snert?

deur kobie le grange

'N Resensent word soms gekonfronteer met die vraag: "Mis ek iets of is dit blote snert?" Telkens moes ek dié vraag beantwoord in Ian Fraser se stand-up comedy in After Dark. Fraser, bekroonde dramaturg en skrywer, draai nie doekies om nie: hy dwing mense in konfrontasies met dinge waarvan hulle liewer niks wil hoor nie. Met 'n goeie skoot sinisme gee hy 'n satiriese blik op enigiets van God tot die politiek en liggaamsvloeistowwe en -funksies. Ná sy vertoning staan geen heilige koei meer op eie pote nie.

Dis die prerogatief van elke stand-up om sy weergawe te gee van fasette van die samelewing - wat my terugbring by die vraag: word dié genre se bestaansreg gekoppel aan wie wat op die walglikste manier kan sê? Stand-up comedy gaan uiteindelik nie oor wat gesê word nie, maar wat daaragter skuil. Daarmee kon ek nie fout vind nie - maar ek twyfel aan die metodiek van "calling a spade a fucking shovel". In dié opsig was die meeste beskrywings/grappe afstootlik, bar en verbeeldingloos wat seker aanklank kan vind by mense met 'n sterk gestel. I, for one, get my kicks above the waistline, sunshine. - *Fraser was by After Dark, Pretoria, te sien.*

## musiek

# 'n nostalgiese greep

deur kobie le grange

AMANDA STRYDOM se *State of the Heart* is 'n nostalgiese greep uit die geskiedenis voor die Tweede Wêreldoorlog, vertel in 'n Herman Charles Bosman-styl. *State* is haar tante Maxie se opsomming van alleenwees, ewige liefde, hoop en die toekoms. Die vertellings oor die kontrei en sy mense is plek-plek teatraal, maar dalk juis om van Maxie se rebelsheid en die geheime briewewisselings 'n konsert te maak. Die liedjies van Chris Blignaut, Sarah Vaughn en Koos du Plessis onderskryf dié tema onder die bekwame regiehand van Ian Roberts. Die hoogtepunte is Amanda Strydom se vertolking van Franse oorlogliedjies en haar "medley" van boereliedjies. Tesame met Anton Nel se gemaklike begeleiding getuig dit van 'n verstandhouding en begrip vir die regisseur en haar eie stemkwaliteite. - *Strydom was by After Dark, Pretoria te sien.*

# mense wil die waarheid sien

## Die Italiaanse regisseur Pupi Avati is nou in Suid-Afrika om sy films aan plaaslike gehore bekend te stel

DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN


**Vertel my hoe Fellini jou lewe verander het.**
Ek het sy *8 1/2* gesien toe ek 29 was. Dis 'n fliek oor 'n regisseur, 'n fliek oor 'n fliek. Dit was vreemd en sielkundig, ingewikkeld - oor 'n man wat met 'n film probeer om iets oor homself te maak. Maar die film gaan oor méér as net dit - dit hanteer ook sy verhouding met 'n vrou, met die wêreld, en kyk na sosiale en politieke probleme. Om alles te probeer omvat in 'n film is onmoontlik. Maar om dit te probeer doen, is ongelooflik. Ná ek die film gesien het, het ek al my idees verander oor wat ek wil doen. Ek was 'n musikant, ek het 'n lewe gemaak uit die speel van jazz-musiek. Maar ná ek *8 1/2* gesien het, het ek besluit om 'n fliek te maak is die belangrikste ding wat 'n mens kan doen. Musiek is 'n deel van die film, maar jy gebruik ook literatuur en visuele elemente en sit dit alles saam.

**Dis moeilik om iets visueel voor te stel, eerder as verbaal...**
Die visuele is natuurlik die belangrikste aspek van 'n film - belangriker as die woorde. Die belangrikste is wat jy wys, wat die gehoor sien, die lig wat jy op iets werp. Ek kan van een enkele filmraam aflei watter regisseur 'n film gemaak het, want jy sien 'n persoonlike oogpunt - dis soos 'n skildery. Jy kan Van Gogh of Raphael of Rembrandt se werk dadelik herken. Dit werk ook so met 'n film. Jy moet jou persoonlike manier om na die werklikheid te kyk, vasvang. Dis soos om 'n sekere deel van 'n tuin te sien en dan jou persoonlike, innerlike tuin te ontsluit.

**Het die regisseur 'n verantwoordelikheid jeens die gehoor?**
Eerlikheid is jou eerste verantwoordelikheid. As ek jou vertel wat ek weet van die lewe, van die wêreld, gee ek jou iets, iets wat ook belangrik is vir jou ervaring van die wêreld. As ek iets wys wat nie na aan my ervaring of die werklikheid is nie, sal jy die fliek geniet - maar dit ná 'n dag vergeet.
Die regisseur moet ook ander kulture aan die kyker bekendstel, sodat die kyker kan besef dat mense basies dieselfde is. Ek glo mense is innerlik dieselfde. Ek is 55 jaar oud en jy is baie jonk, maar emosioneel is ons dieselfde. Mense wil gelukkig wees, oral, hulle wil liefgehê word. En die regisseur moet dit wys.

**Jou films is dus baie outobiografies.**
*The Story of Boys and Girls* gaan oor my pa en ma se verlowing. Dis volkome outobiografies. Die soort gemeenskap wat ek daarin uitbeeld, laat mens verstaan hoekom Fascisme ontstaan het en hoekom Fascisme en die Nazisme in Duitsland so gewild was. Ek dink deel van die rede is die machoïsme van die plattelandse kultuur. Die man was soos 'n god - hy kon doen wat hy wou met die vrou.

**Die Duitse filmbedryf se reaksie op *Europa Europa* wys dat die Duitsers nie sommer enige weergawe van die Nazi-era aanvaar nie. Dink jy nie mens moet die duiwels uit die verlede met rus laat nie?**
Nee. Ons moet onthou wat in ons verlede gebeur het. In Duitsland was dit natuurlik erger as in Italië, maar dit was ook in Italië erg. Ons moet onthou ons ouers het dit ondersteun. Voor die Tweede



FRANCES JANISCH

Wêreldoorlog het minstens 98 persent van Italianers Fascisme ondersteun. Ons moet gaan soek na die redes waarom dié verskriklike ideologie ondersteun is. Want dis nie alles te wyte aan één man - Mussolini - nie. Dis nie genoeg om te sê dis alles hierdie slegte man se skuld nie. Almal het dit ondersteun. Ook met apartheid - mens moet ontdek wat presies gebeur het en waarom dit gebeur het. Die politieke storie gaan nie net oor groot name nie. Gewone mense het ook 'n groot verantwoordelikheid. In Suid-Afrika, dink ek, het verandering net gekom omdat die meeste mense besluit het die situasie moet verander. Hulle het besef ons kan op 'n verskillende manier saambly. Die geskiedenisboeke wys net die groot name, maar die gewone mense het die mag: ek en jy.

**Maar jou films is meer persoonlik as polities?**
Ja. Ek praat met gewone mense soos ek en wys die normale probleme van mense. Die mens se groot strewe is om gelukkig te wees. Ons word soggens wakker en probeer gelukkig wees. Dis so moeilik om gelukkig te wees - alles is teen 'n mens [hy lag]. En dís die storie wat ek vertel. Ek wil eerder die storie van gewone mense

vertel as die groot storie van die politiek en van die samelewing.

**Hoekom dié voorkeur?**

Ek was baie skaam as 'n kind en het baie probleme gehad om met ander mense te kommunikeer. Ek weet hoe moeilik dit is om jonk te wees, skaam te wees, arm te wees. Ek probeer my ervaring aan andere oordra, om vir hulle te sê moenie bekommerd wees nie, jy is nie al een wat so voel nie. En soms werk dit.

**Jy was onlangs in Amerika om jou nuwe fliek te verfilm. Wat dink jy van die Amerikaanse filmbedryf?**

In die verlede het ek Amerikaanse films geniet, maar nou is hulle net kommoditeite. In Amerika het ek die verpakking van *Jurassic Park* gadegeslaan: alles - van skoene tot hoede - het die kenteken aangehad en dié dinge is verkoop drie maande vóór die uitreiking van die film. Ek was gewalg - dit was nie 'n film nie, dit was net 'n geldmaakbesigheid. In Europa beset Amerikaanse films 89 persent van die teaters. Hulle wurg ons bedryf. 'n Paar jaar gelede het ons 300 films 'n jaar gemaak, nou maak ons 60 'n jaar.

**Hoe maak mens 'n film wat tegelyk substansie het én vermaak?**

Jy kan dit doen. *The Story of Boys and Girls* is in Amerika uitgereik en in klein teaters gewys. Dis ook op video uitgereik. My nuwe film, *Childhood Friend*, is 'n bietjie soos 'n riller en 'n bietjie kommersieel, maar dit sê nie niks nie.

**Is daar nog 'n storie wat jy graag wil vertel?**

Nee, ek het regdeur my lewe die films gemaak wat ek wou. Ek is gelukkig want my films kos min om te maak. Mens moet onthou: as jy minder geld spandeer, is jy vryer. Met 'n groot begroting moet jy 'n baie kommersiële film maak om die geld te kan verhaal wat jy bestee het, maar met 'n klein begroting is jy vry om te maak wat jy wil.

# filmresensies

DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN



**Robert J Steinmiller Jr, Miko Hughes en Danny DeVito in *Jack the Bear***

## 'n Neo-Nazi van karton

***Jack the Bear***

*Jack the Bear* konsentreer - soos *King of the Hill* en *My Secret Garden* (Agnieszka Holland se jongste film) - op hoe kinders se lewens deur volwassenes beïnvloed word. Jack (Robert J Steinmiller Jr) se pa, John (Danny DeVito), is die speelse soort pa wat almal wil hê - tot 'n krisis opduik. Hulle woon in 'n vreemde buurt gevul met eksentrieke mense. Die ontdekking dat een van hul mallerige bure neo-Nazi-aspirasies toon, lei tot 'n reeks ongeloofwaardige voorvalle.

Regisseur Marshall Herskovitz se swak

'N *Afrikaner* IS SOMS BRUIN



r a d i o s o n

LINDSAY SMITHERS-FCB 5899/1/A

tydsberekening veroorsaak dat traumatiese gebeure in die film die kyker onaangeraak laat - daar is nie eens sprake van 'n spanningslyn nie. In *Jack the Bear* dien monsters (John vertolk psigotiese, monsteragtige TV-karakters) as allegorie vir "al die donker dinge daar buite". Die film se onsamehangende struktuur laat die allegorie egter heeltemal verlore gaan.

Die voorstelling van die neo-Nazi is uiters stereotipies: hy verander ongemotiveerd van 'n snaakse kêrel wat elke dag sy kar was in 'n onmenslike, moorddadige monster. Die ligpunt is Steinmiller se spel: die jong akteur beeld die weerloosheid van sy karakter met oorgawe uit - met die gevolg dat sy karakter al een is met meer diepte as 'n karton-uitknipsel.

## Ongelukkige gesinne

***Brothers and Sisters***




**Anna Bonaiuto in *Brothers and Sisters***

Verbrokkelende gesinne is die tema van Pupi Avati se *Brothers and Sisters*. Gloria (Anna Bonaiuto) se owerspelige man dryf haar om haar suster, Lea, wat in Amerika bly, te gaan opsoek. Sy bring haar twee adolessente seuns saam. Maar ook in Lea (Paola Quatrini) se huwelik is alles nie pluis nie. Tog smee die twee susters weer sterk bande met mekaar. Haar seuns, Matteo (Stefano Accorsi) en Francesco (Luciano Federico), vind die aanpassing in 'n nuwe kultuur eers moeilik. Veral Francesco, 'n inkennige, ongemaklike seun, sukkel om sosiaal aan te pas.

*Brothers and Sisters* is 'n intense kyk na hoe mense ná 'n persoonlike ramp weer hul voete vind. Hoewel Avati sy karakters se persoonlikhede fyn definieer, is sy redes vir die vervreemding tussen mense oorvereenvoudig en oppervlakkig. (Francesco is jaloers op Matteo want meisies hou meer van hom omdat hy aantreklik is; Matteo hou nie van lelike meisies nie; lelike meisies hou van Matteo, maar nie van Francesco nie.) Die fokus van die film is dof: dit handel eers oor Gloria se innerlike stryd; halfpad deur word Francesco se persoonlikheidsprobleme skielik gehanteer, maar sonder om dit werklik te ondersoek. Avati poog om die belangrikheid van die gesin as eenheid te onderstreep - dit doen hy wel, maar op ondeurdagte wyse.


# EN HY'S BAIE GEVAARLIK.



*'n Afrikaner kan 'n bul wees of 'n boer of 'n blom of 'n sakevrou of 'n rocksanger. Hy/sy hou van sushi en werk vir 'n Boerestaat of hy eet bobotie en stem na links. Jy kan die Afrikaanssprekende lankal nie meer vaspen nie. Sy hele wêreld is aan't verander en hy loop blitsig saam.*

*Sy soort radiostasie moet die pas kan volhou. Dit moet vars en lewenskragtig wees; dit moet verskeidenheid erken en insig gee. Bowenal moet dit sý taal praat. Afrikaans Stereo tref die lug met 'n nuwe stem. Ons bied diepteprogramme, inbelprogramme, ligte musiek, klassieke klanke, godsdiens- en kultuurprogramme, stories en staaltjies. Ons omroepers het hul dasse afgehaal en gesels in loslit-Afrikaans oor alles wat vandag se mense raak. Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM. Kom pak die bul by die horings saam met Afrikaans Stereo.*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

*d e r g r e n s e*

# christi speel pop

deur christi van der westhuizen

# die pers gevaar en:



★★★★ Prince - *The Hits 1* en *The Hits 2*
Tusk: CD

RUWE seksualiteit. Reguit, onverbloem straal dit uit elke Prince-vertoning. Tog is daar 'n ambivalensie aan Prince: met sy klein postuur, imposante coiffure en pikante hoëhakskoentjies kan mens nie verkwalik word as jy hom momenteel met Sheila E ('n Prince-protégé) verwar nie.

Popmusiek is die uitstekende arena vir die omvergooi van bestaande idees oor enigiets van politiek tot seks. En sekere popmusikante het veral die samelewing se persepsie van seksualiteit en geslagsrolle aangevat. Reeds in die vroeë sewentigerjare het David Bowie wenkbroue laat lig met sy sequins en oranje hare. Maar eers in die tagtigerjare het popsangers dit werklik aangegryp: Depeche Mode, Morrissey, Divine, Dead or Alive, Boy George, Madonna, Michael Jackson, en natuurlik Prince, het almal meer as 'n tikkie seksuele dubbelsinnigheid in beeld en woord oorgedra.

Morrissey is die dandy van die klomp: hy balanseer benoud sy geaffekteerde houding en homoseksuele versugtinge met 'n androgene James Dean-agtige look. Depeche Mode het die sado-masochistiese, homoërotiese pad gevolg; Dead or Alive se Pete Burns, Dusty Springfield-grimering en al, het jou onwillekeurig "meisie of seun?" laat wonder; Madonna is die slet-cum-dominatrix; Jackson lyk en klink soos 'n adolessente meisie terwyl hy suggestief na sy broek gryp.

Oor Prince se seksuele voorkeur kon mens nie wonder nie: sy lirieke is heteroseksueel georiënteerd - indien jy twyfel, spel sy duet met Sheena Easton ("U Got The Look") dit uit. Maar Prince hou van 'n onkonvensionele en eksplisiete uitbeelding van seksualiteit.

Jy sal nie sommer oulike liefdesliedjies in die Prince-versameling vind nie. Die titels weerspieël sy riskante - sommiges sal sê obsene - aanslag: "Soft and Wet", "Cream", "Peach", "Dirty Mind", "Do Me, Baby", "Sexy MF". Tog is Prince ook verantwoordelik vir aangrypende ballades soos "When Doves Cry" en "Purple Rain", prettige popliedjies soos "Raspberry Beret" en "Let's Go Crazy", en die melodieuse, estetiese "Diamonds and Pearls", "7" en "Nothing Compares 2 U". Hy skroom ook nie om die polities-sosiale werklikheid te weerspieël en skreiende kritiek daarop te lewer nie (met "Sign 'O' The Times").

En Prince het 'n oor vir 'n lekker funky ritme. Ook sy latere techno-rige pogings (soos "Gett Off") is deur sy funk/Rhythm & Blues-wortels ingekleur. Elke song word gemaklik deur 'n sterk basritme voortgestu.

Prince is een van die groot ikone van die tagtigerjare. Hoewel sy verhoogpersona en konfrontasie van taboes 'n onbetwisbare rol gespeel het om hom dié status te besorg, moet sy inset nie onderskat word nie. Ligsinnig is hy miskien met tye, maar hy was een van die kreatiefste musikante van die era - en nie bang om 'n paar heilige koeie terug in die sloot te gooi nie.

★★★ Sheep on Drugs - *Greatest Hits*
Teal Trutone: CD

SOD het nie selfbeeld-probleme nie - soos afgelei kan word uit hul eerste LP se titel. In "15 Minutes of Fame" sing hulle ook heel selfvoldaan: "When you're famous/when you're rich - like us". Dit ter syde gestel, maak hulle tipiese techno: eenselwig, mega-ritmies, onluisterbaar.




'n Interessante sprankie word deur SOD se aanvallende, punk-geïnspireerde lirieke verseker. Die byeenbring van punk en techno maak heelwat meer sin as die kosmiese geroesemoes van sekere techno-groepe: daar is niks esteties aan die gemiddelde synth-musiek nie - die onpersoonlikheid daarvan bots met die idealistiese futurisme wat techno-aanhangers predik. En aangesien SOD hul nie steur aan dié romantiese idees nie, is hul musiek hard en ongenaakbaar - net vir super-fikses met blikore en "No Future!"-T-hemde.

★★★★★ Verslawend
★★★★ Oorrompelend
★★★ Oulik
★★ Beige
★ Nat

# die pyn van herinnering

*Hierdie lewe* deur Karel Schoeman. Human & Rousseau, R54,99.

GERRIT OLIVIER

KAREL SCHOEMAN se vorige roman, *Afskeid en vertrek*, eindig met 'n refleksie van die hoofkarakter oor woorde. As alles verniel en verlore geraak het, alle verliese en afskeide voltrek is en 'n mens soos 'n klip onder sy eie gewig tot op die bodem van jouself sak, dan ontstaan die woorde waarna daar so lank gesoek is.

Binne Schoeman se oeuvre is dit die plek waar 'n mens die duidelikste formulering van 'n bepaalde insig oor skrywerskap aantref. Troosteloos mag dié verklaring wel wees, maar dit is ook konguent aan wat in al Schoeman se boeke as diep gevoelde waarheid figureer: dat dit die randfiguur, die alleen gelatene, die beskouer en bespieder is wat sorg dat iets behoue bly van wat verlore gaan.

*Afskeid en vertrek* het ook die vraag laat ontstaan na watter soort boek 'n mens ná sulke finaliteit en sulke gelatenheid kon verwag. Met *Hierdie lewe* - 'n oorrompelende, aangrypende, liriese en droewige boek, een van Schoeman se bestes - het ons nou 'n antwoord op daardie vraag: voorlopig, want dit is die eerste titel in 'n beplande groep van drie onder die naam *Stemme*.

'n Gepaste benaming is dit wel. Die anonieme verteller, 'n naamlose in die drom van naamloses, se bestaan het ineengeskrompel tot haar sterfbed in die huis waar sy gebore is. En wat van 'n hele lewe in die herinnering behoue gebly het, word deur haar in haar slapeloosheid en nutteloosheid oorpeins, saamgelas, gerekonstrueer tot vertelling. Ten slotte is die lewe dit wat onthou word, of verbeel word as herinnering.

Ons het dus te make met 'n teks wat slegs nog stem is, met dié woorde wat oorbly nadat die verteller van elke voorneme, elke ambisie, van die lewe self afstand gedoen het. In al sy meedoënloosheid is dié situasie 'n logiese eindpunt van motiewe wat in elke roman van Schoeman opgemerk kan word.

'n Nulpunt is dit byna van waaruit hier vertel word - maar met watter grasie en vernuf dit gebeur, merk 'n mens al aan die briljante beginparagraaf en wat daarop volg. Niks maak meer saak nie en tog word vanuit die kamer waarin die nagliggie brand, al is dit net in die gees, 'n laaste keer en sonder praktiese noodsaak uitbeweeg op die werf en langs die voetpaadjie na die begraafplaas.

Baie dinge wat vir die roman van belang is, word in dié bladsye vooraf die eerste keer aangeroer. Die ruimtelike kontras tussen binne en buite byvoorbeeld, wat algaande beslag kry in 'n polariteit tussen die oop, stralende Bokkeveld en die kamers waar die lewe self verminder en verdor verder die fyn grens tussen moontlikheid en werklikheid, wat later sal blyk aan te sluit by die geestelike vryheid wat die verteller verwerf ten spyte van 'n beperkte en geknotte bestaan.

SY IS STERWEND, maar vry: dit is die punt waarheen haar vertelling deur alle pyn en onvervuldheid op pad is, maar die laaste berusting word eers gevind as sy 'n vreemde vrou sien sterwe soos sy weet Sofie moes gesterwe het. Sofie, met haar skoonheid en onbesorgdheid, is naamlik die één karakter wie se glans deur die hele boek bly spook, vandaar dat die kring eers voltooi word as van haar afskeid geneem is.

Die vertelsituasie wat Schoeman hier gekies het, is natuurlik nie sonder sy probleme nie. Herinneringe moet dikwels weer aangepak of gekorrigeer word, en hiervan is die verteller intens bewus. Om te onthou is 'n onwillekeurige en onvoorspelbare aktiwiteit, ook egter iets wat sy bewus onderneem om "daaruit die verhaal te kan lees waarvan ek al hierdie jare deel uitgemaak het" (8) en sodoende te verstaan, selfs te vergewe.

Herinneringe is ook 'n las: "Daar groei geen plant wat genesing bring nie, het ek egter by myself geweet, geen bossie wat vergetelheid kan verseker nie. mens is gedoem om te onthou en verder te dra aan jou las, tot die einde toe." (208-209)

Die problematiek van onthou is boeiend en kompleks, maar word na my gevoel in die eerste gedeelte van die boek te aanhoudend opgeroep. Daar is miskien te veel metateks, sodat 'n mens dit plek-plek as manipulasie ervaar. 'n Ander klein lastigheid is dat die verteller as bejaarde deur haar eie perspektief-as-kind sekere gevolgtrekkings aan die leser moet oorlaat, op byna onnatuurlike wyse haar eie kennis van later op die agtergrond moet hou.




Maar dit is vir my mindere besware, toe te skryf aan 'n vertelperspektief wat hoë eise aan enige skrywer stel. En daarteenoor staan baie dinge wat hierdie boek iets besonders maak en waarvan slegs 'n paar ten slotte genoem kan word.

Vir die verteller is die wêreld klein. Die einde daarvan is Vloksbergpas, maar oor die Roggeveld en haar onversadigde liefde vir hierdie "arm land, bitter land, dierbare land" (9) vertel sy dikwels op 'n wyse wat slegs as 'n viering beskryf kan word. Bastersfontein en die togte daarheen, die begraafplaas met in die muur haar afskeidsgeskenke van Sofie en Meester, Sofie en Pieter in die sondeurdrenkte landskap - dit alles word opgeteken met 'n melankolie wat *Op 'n eiland* in die herinnering roep.

Maar by al die liefde, waaronder die liefde vir die landskap die enigste blywende is, is *Hierdie lewe* ook die grimmige verhaal van 'n ou wêreld en leefwyse wat stadigaan deur ambisie en hebsug verteer word. 'n Mens sou op 'n aantal belangrike opposisies kon wys - tussen die lewenslustige Sofie en die materialistiese Stienie, die ou huis en die nuwe huis byvoorbeeld - waaraan 'n hele sosiale geskiedenis, ingebed in die persoonlike, afgelees kan word.

As ongetroude vrou, die gek ou "tantetjie" wat skielik 'n afgrond voor haar sien gaap, heeltemal verlate reik hierdie verteller uit na die "skadulose wit helderheid van die lig en 'n duiselende vryheid" (185). Sy raak 'n mens diep. Onder die boeke waaroor ek vanjaar hier vertel het, is *Hierdie lewe* miskien die één wat ek gou weer sal lees.

# Is poësie die stiefkind van ons letterkunde - of die mees gekoesterde skat?

Word jong digters eenkant toe geskouer deur 'n gevestigde, snobistiese kliek? Of versmoor deur die gesag van Mammon? **Is dit hoegenaamd die moeite werd** om nog gedigte te skryf?

Lees wat sê 'n paar liefhebbers in Vrye Weekblad se fokus op poësie

# waar lê die digter se redding?



**Die wêreld van die Afrikaanse digter is 'n bietjie soos 'n ouetehuis waar jongeres en dié wat nie heeltemal deel van die establishment is nie, in die hoek moet staan en sjaddap, skryf PHIL DU PLESSIS**


DIE grootste gebeurtenis in die wêreld van die Afrikaanse digter vanjaar, breyten breytenbach se *nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*, wat by die uitgewery Hond verskyn het, dwing mens eintlik om 'n vinnige oorsig van ons digters se bedrywighede te maak, omdat dié werk so ver bo die res uittoring. Dat dié boek verskyn het by 'n klein uitgewery wat geen keurders gebruik of selfs 'n vaste logo het nie, is van groot belang.

Sing saam met 'n lukraak gekose strofe:


*die oomblik wat 'n mens nie meer kan peil*
*die nimmereindigende glip van nag na môre*
*wanneer sterre loskom soos ou tande*
*om die hemelse mond vaal te kleur*
*linie op laag moontlike beelde*
*gelouter in die duisternisvuur*
*met al die verbuigings van vlug geveer in die voël*
*se grys nes*
*jou oë word wit van tuit-tuur na ure se oorgang*



Mteto Mzongwana se debuutdigbundel, *My Music, My Love*, het pas by Snail Press verskyn. Mzongwana, wat in 1957 in "Sakkiesdorp" in Nyanga-Oos gebore is, is 'n digter, dramaturg, kulturele organiseerder en stigterslid van die Nyanga Art Circle en die Nyanga Learning Circle. Naas vier toneelstukke uit sy eie pen was hy as stigterslid van die Action Workshop ook betrokke by twee toneelstukke wat in 1983-1984 opgevoer is - *Wena Botha* en *Die Terrorist*. Sy gedigte omvat 'n breë verskeidenheid onderwerpe en stemminge - protes, woede, satire, meegevoel, 'n belangstelling in tradisie en die township-lewe.




Die Kapenaar Karen Press se vierde digbundel, *The Coffee Shop Poems* (Snail Press), is nou te koop en bevat 'n reeks delikate parodieë op gedigte deur beroemdes soos Keats, Yeats, Eliot, Gwala, Cavafy, Neto en Plath. Dit bring volgens die digteres ook hulde aan wat sy noem "the contemplative art of breakfasting" en die rol wat die coffee shop in die hedendaagse sekulêre samelewing speel...




*Op Koueberg*, die digter en dokter Phil du Plessis se jongste bundel, het pas by Snail Press verskyn. Dit bestaan uit verwerkings van die digter Han Sjan se Chinese verse. Du Plessis sê hy sou graag *Koueberg* se landelike lewenstyl volg, maar woon noodgedwonge in Kalkbaai, op die randjie van Kaapstad, omdat hy homself nie heeltemal van die stedelike kultuur kan wegskeur nie.

AS MENS NA gepubliseerde digbundels die laaste jaar moet oordeel, is die wêreld van die Afrikaanse digter 'n bietjie soos 'n ouetehuis waar jongeres en dié wat nie heeltemal deel van die establishment is nie, in die hoek moet staan en sjaddap.

Die oudstryders wat onlangs gebundel het, pryk almal in glansende hardeband. Daar is SJ Pretorius met *Anamnese*,



Elisabeth Eybers... 'n ou staatmaker.



Ernst van Heerden... veel wysheid, veel pyn.



Breyten Breytenbach... en wat van die res?



Johann de Lange... het meer om die lyf as erotiek.

veel met die dood behep, vaardig maar nie so indrukwekkend as tevore nie; Elisabeth Eybers met haar gewone meesterskap in *Respyt*, en Ernst van Heerden se *Najaarswys*, soos Hennie van Coller sê, beleë poësie, neerslag van veel wysheid en veel pyn. Jongeres verskyn, op meer buigbare wyse, met sagteband en min bemarking.

Word jonger digters by saampraatplekke 'n woordjie gegun, is hulle alte maklik in kategorieë saamgegooi. Hulle is daar omdat hulle vroulik is, oor seks skryf, of volgens persoonlike perversiteite ingedeel. Ek het lanklaas Johann de Lange se naam op 'n program gesien waar gepraat word oor voortreflikhede van sy digkuns as 'n geheel, nie net spesifiek oor die erotiek nie.

Gert Vlok Nel is 'n rou, eiewyse talent. Die menslikheid, onopgesmuk, oorheers die "literêre" aspekte en jy blaai altoos in sy bundel *om te lewe is onnatuurlik* terug vir meer:

*maar oom Jakkie het akuut gesterf, in 1978.*
*die voorbereide aarde het hom in deskant ingeneem*
*soos wind die gesang, teer en koud nes die seisoen.*
*ek onthou, met deernis, die nag van gepriemde gange*
*hoedat ek en oom Jakkie na mekaar moes*
*kyk, vanuit ons unieke posisies van stilte & verset, aan die eindpunte van die lang straat;...*

Thomas Deacon laat jou in die *Predikasies van Jacob Oertong* besef dat Afrikaans 'n oertaal is, eg, nie soos die plastiek in *Die Manakwalanners* nie:


*trekpad sal soos soetlemoen*
*tot eind se tyd vir griekwa lê*
*en wink*
*tot dourie dag lat oens*
*in oense sesvoet gatte*
*weg sal sink.*

Albei digters moes jare in Tafelberg se tou wag voor hulle die kans gegee is om in druk te verskyn, op papier wat nie veel langer as die koerant gaan hou nie en bewaarbiblioteke nagmerries gee.

Ja, moet mens sê, die establishment kraak maar voort. Dis nie 'n gesonde plek vir digters nie. Nel en Deacon moes geduld hê met wag op keurdersverslae, kommentaar van die redaksie, hersiening van verse waarmee hulle self tevrede was en min inspraak in tipografie. Nou word hulle skaars bemark, al is albei bundels van die opwindendste werk wat vanjaar verskyn het.

Jy vind natuurlik min plek in establish-

►








Gert Vlok Nel het vanjaar as digter sy debuut gemaak met die bundel om te lewe is onnatuurlik (Tafelberg). Die uitgewer Charles Fryer sê sy poësie is "verfrissend onliterêr" en Phil du Plessis waardeer die "onopgesmukte menslikheid" daarvan.

Poësie word sterk beklemtoon in die eerste uitgawe van die nuwe Suid-Afrikaanse tydskrif vir die kunste, *Imprint*, wat pas verskyn het. Die tydskrif, sê die redakteurs Todd Pitock en Marcia Leveson in 'n voorwoord, is geskep "to usher in a new generation of artists, to open the windows in what has become seen as a musty, stuffy cultural and artistic establishment". Die eerste uitgawe kyk na die poesië van die 19-jarige Cambridge-student Adam Scwartzman, wat al verskeie pryse gewen het, en Seitlhamo Motsapi, wat as een van Suid-Afrika se voorste jong digters beskou word. Daar is verder ook 'n onderhoud met die dramaturg John Matshikiza, asook fiksie deur die oud-banneling Isaac Mogotsi en Immanuel Suttner, wat tien jaar in Israel deurgebring het.



*Stel jou dít voor ...*
Joan Hambidge – *Beeld*

*... iets wat jou hart breek.*
Gerrit Olivier – *VWB*

**WEIFELING**
**KOOS PRINSLOO**

By jou boekwinkel: R39,95
Nou in Johannesburg by
SHELDONS, Eastgate

**Direk by Hond**
**net R36,00** (alles ingesluit)

Maak tjeks/posorders uit aan
HOND BK
en stuur na
Posbus 208 Groenkloof 0027

ment-publikasies vir Dirk Winterbach. Hy is ook 'n digter wat soos Breytenbach deur Hond uitgegee is, 'n sosioloog met 'n oog vir argetipes, net so weerbarstig as Nel:

*Ons is die vleisrasbulle van Suid-Afrika*
*ons staan vir die nuwe bedeling*
*rooivleiskarkasse mededingende pryse*
*ons staan vir optimum gewig op die hoef*
*per hektaar*
*ons staan vir lang gespierde lywe*
*vir nekke dik en sterk soos bome*

VIR DIE establishment is pryswenners van groot belang, vir my iets soos die wen van 'n rugbytoer. Die telling op die ou end sê min van die bloed en guts wat die Springbokke in die stryd gewerp het, wat hulle as spelers bereik het. Pryse is TT Cloete en nogmaals TT Cloete. PJ Bosman was op die CNA se debuut-kortlys met sy *Ryp geel kring*, en het die Ingrid Jonker-prys gewen, maar hy is so konvensioneel dat hy verveel. Dié boek moes ook lank voor publikasie rondlê.

TT Cloete, Hertzogpryswenner, Rapportpryswenner, pilaar van hierdie establishment, maaksel van hierdie establisment, se ligste digterlike windjie is publikasie waardig. Die kritici wat in dié lot ingekruip is, raak oor enigiets liries.

Ek wil nie ontken dat die man, as hy sy volle aandag daaraan wy, 'n goeie gedig kan skryf nie. Sy DIK vorige bundel, *Driepas*, bevat goeie gedigte, maar die helfte kon gerus in die snippermandjie beland het. *Met die aarde praat* is 'n veel swakker boek, vol van die irriterendste rymelary, wat die taal werklik verkrag.

Dit klink of Cloete se lewerik deur 'n epileptiese toeval oorweldig word - dit kan, soos dikwels by Cloete, weer 'n orgasme wees:

*die lewerik se onkeerbare*
*vreugdejeur stoot 'n lieriese braak*
*boër op en boër in die keel. sy onbeheerbare*
*vreugde styg, maak*
*klaar, stort in klimaktiese lus*
*trug. beerlik kolieritus koliera koloratuurietus*

VROEËR VANJAAR is in *Die Burger* 'n ellelange stryd gevoer om Cloete as ons grootste lewende digter verklaar te kry. Dit is siek. Daar is 'n fascisme aan dié grootsheid wat niemand anders asemruimte gun nie. Elke ander digter voel soos 'n Jood in Bayreuth tydens 'n Nazi-Wagnerfees.

Wat maak jy as digter in so 'n situasie? Jy loop weg. Nie annerland toe nie. Daar is baie plekke in die land waar die Afrikaanse digter welkom en gewaardeerd kan voel, heeltemal buite dié siek bestel.

Daar is uitgewers en setups wat so uit is

# moenie dat die digters swyg nie!

## Digbundels verkoop nie - maar die 'snelskrif van die hart' gaan nie oor geld nie, skryf die uitgewer (en digter) CHARLES FRYER, wat 'n lansie breek vir die poësie

DIGBUNDELS verkoop nie; hulle word teen 'n verlies uitgegee: swaar gesubsidieer deur lekkerleesblitsverkopers waarvoor digters in die omgang hul neuse sal optrek.

Toe poësie-bloemlesings vir skole nog 'n winsgewende bedryf was, was dit goed om digbundels op jou fondslys te hê - ook as ruilmiddel om gedigte uit ander uitgewers se publikasies te kan opneem. Maar noudat die voorskryfgans nie meer met heuglike reëlmaat goue eiers lê nie, is dit onsinnig om die een digbundel ná die ander uit te gee. Daar was hoeka 'n ooraanbod in die laaste twee dekades.

Só sou 'n uitgewer kon redeneer in die lig van dalende boekverkope en stygende pryse; in 'n samelewing waarin winkelbrood los bo-aan die inkopielys staan en *Die woedende brood* heel onder, indien wel. Hoe kan van hom verwag word om verder voorraad op te bou terwyl stapels digbundels ten duurste in pakkamers bly lê, bestem vir afskrywing en verpulping?

Aan die ander kant: poësie is die fynste senupunte van 'n taal; dit is die "snelskrif van die hart", soos John Betjamin dit genoem het.

Sonder sy groot digters sou Afrikaans ondenkbaar armer gewees het. Maar hulle sou nie hul geroemde statuur bereik het as daar nie uitgewers was wat in hulle geglo en hulle uitgegee het nie; selfs hul brugboeke, hul mindere werke.

Die jong digter wat sy debuut hoopvol by ander hoopvolles op die uitgewer se lessenaar gaan neersit, kan dalk die Van Wyk Louw of Breyten van sy generasie word - al registreer daardie debuut nie op die Richter-skaal nie. Sommige digters het 'n aanloop nodig. Wie sou byvoorbeeld op grond van Ingrid Jonker se eerste (weliswaar gevoelige) bundel '*n Roek en oker* kon voorspel het?

BY TAFELBERG gaan ons dus - op gebruiklik selektiewe wyse - voort om die "tortels van die modder" se stemme te laat opklink: ou, klipvaste brulpaddas, maar ook springerige jong paddatjies wat die maan opnuut in die water laat sing.

Vir 1993 staan ons aantal digbundels op nie minder nie as ses; sewe as Cloete se *Met die aarde praat*, wat Desember verlede jaar verskyn het, bygereken word. Daar is die beleë *Najaarswys* en die huldebundel *Sportgedigte* van Ernst van Heerden; Pirow Bekker se boeiende siekteverslag in *Rasuur*, Thomas Deacon se Griekwa-Afrikaanse treffer *Die predikasie van Jacob Oerson*, en twee debute: Gert Vlok Nel se verfrissende onliterêre *om te lewe is onnatuurlik* en Ronel de Goede se indrukwekkende *Skoop* (wat in November verskyn). Pas het ook nog 'n tematiese bloemlesing verskyn: *Bloeityd* (verse oor kinders), saamgestel deur Johann Johl en Rika Cilliers.

'n Verblydende verskynsel is die verkope van genoemde bundels tot dusver. Vyf van hulle is so te sê uitverkoop - Nel se debuut binne drie maande!

Een van die belangrikste redes vir dié sukses is verbeeldingryke bemarking (onder meer oor TV), wat in die laaste tyd gelei het tot 'n opswaai in fiksieverkope oor die algemeen. Selfs kortprosa verkoop uitstekend.

Miskien begin lesers, aan die vooraand van 'n nuwe sosio-politiese bestel, nou ook meer ag slaan op Afrikaanse publikasies. Dis immers deur sy letterkunde dat Afrikaans sal voortleef, lank nadat die opspraakwekkende van die dag versink het in vergetelheid.

hulle is eintlik nêrens in nie. Dit is hier waar die nuwe groeipunt moet wees. In Oos-Europa het die groot totalitêre strukture uiteengeval toe kommunisme die stof byt. Die digters van daardie establishment wat in uitgawes van honderd duisend uitgegee is, moet nou rondkrap om hul boeke die lig te laat sien.

Hier by ons het die Nasionale Party se uitgewers nou hul voorskryfmark vir Afrikaans in swart skole verloor en daarmee die lus om in groot getalle die boekefees in Frankfort, Duitsland, by te woon, of gedigte uit te gee.

Die digter se toekoms lê by die klein ondernemende uitgewery soos Hond of Snailpress, waar daar 'n geesdrif vir die vreugde van poësie is, waar die boeke al hoe interessanter en met al meer tipografiese vindingrykheid gestalte vind.

Hierdie is 'n vry wêreld waar die digter, selfs in uithoeke, kan blom.

boeke

# die kosmos in 'n vers

**In 'n wêreld waar alles dood verklaar is, lewe die poësie nog vir ANDRIES WALTER OLIPHANT**



IN een van sy verhale, "Die biblioteek van Babel", stel Jorges Luis Borges die bilioteek voor as die heelal. Daar is nie twee identiese sterre nie. Ook in die bilioteek is elke boek anders. Die kosmos se verskeidenheid is dus 'n metafoor vir tekste.

Omdat elke vorm van skryf vir my waarde besit, is dit lastig om uitsonderings te tref. Tog wil ek 'n loflied aan die poësie bring.

In 'n tyd waar introspeksie en die stil dramas van die individuele verbeelding verdring word deur kits estetiese produkte, het die poësie 'n literêre randverskynsel geword. Dit word verwaarloos in literêre studies. Die publiek vermy dit. Desnieteenstaande bied dié kunsvorm onvervangbare uitdagings en genot.

Dit is die oudste en verfyndste vorm van die woordkuns, maar die vraag ontstaan vandag of die poësie nie kwyn nie. Is dit nie reeds dood nie? Sedert Nietzsche God dood verklaar het, is doodsertifikate lustig oor alles uitgereik.

So het Foucault die outeur se dood aangekondig. Derrida het betekenis se gat gesien. Francis Fukuyama het die mens en geskiedenis ter aarde bestel. Gore Vidal het die leser die stof sien byt. Die gesin, die volk, die nasie, die roman en selfs kuns is die ewigheid ingestuur.

Is die poësie hiervolgens nie lankal dood nie? En hoekom is ons bang om 'n doodsaankondiging te doen? Is wat vandag deurgaan vir poësie nie maar die spook van 'n literêre tyd nie? Spoke is immers simptome van onsterflikheid. Siedaar poësie leef. Dit is 'n oerdiskoers wat alle taaluitinge, selfs hedendaagse reklame en populêre musiek voed. Dit is hierom te bly.

Poësie is 'n karnaval van verskeidenheid. Dit kan die geringste vibrasies van belewenis en die fynste nuanses van insig opvang. Dit kan in opstand kom en die ontoereikendheid van taal belig.

DINK MAAR AAN DIE sensitiewe liedere van die San waarin metafore en versreëls soos wildsbokke in die verbeelding spring. Of aan die natuurgevoeligheid van die Japannese haikoe. Poësie, soos die Griekse woord "poiema" aandui, is toegespits op die taal as menslike skepping. Die verbluffende en byna magiese wyse waarop woorde in gedigte op mekaar inspeel om sin en ritme daar te stel onderskei dit as literêre vorm.

Poësie se taalkreatiwiteit is, myns insiens, 'n teenvoeter vir estetiese afstomping, taalkorrupsie en selfs die destruktiewe repressie van ideologie. Op sy beste bied dit 'n paradigma van bevrydende etiek, houdings en praktyke wat verdrukkende eendimensionaliteit teenspreek.

My lewensnoodsaaklikhede sluit die wêreld se poësie in: Whitman, Ginsberg, Plath, Hughes, Neruda, Guillen, Cardinal, Valejo, Dalton, Cesaire, Walcott, Shakespeare, Yeats, Eliot, Mitchell, Dunn, Van Ostaijen, Lucibert, Marsman, Brecht, Heine, Baudelaire, Rimbaud, Eluard, Puskin, Mandelstam, Yevtushenko, Basho, Takuboku, Okigbo, Neto Mapanje, Rabearivelo, Madi, Yusif... en so die eindelose biblioteek in waar elke digter en gedig uniek is.

# fynproe met nettie pikeur

## lekker uiwe van die kaap se kant

ONS is nooit sonder uie in die huis nie. Hoe maak jy bredie of sop sonder 'n geurige, vars ui? As ons die dag te lui is om te kook, sny ons sommer uie aan skywe saam met aartappels, pak als in 'n skottel, gooi stock oor en bak tot dit mooi bruin en sag is.

Uiesop maak mense selde behoorlik en van die begin. Dis 'n Paryse gereg, en warm uiesop is van die heerlikste vullende kos wat jy kan kry, so met 'n lagie kaas bo-oor. Pakkie-uiesop is nikswerd nie, dis veels te sout en smaak na mononatrium-glutamaat.

As jy nie veel omgee wat die mense om jou van jou dink nie, maak die lekkerste happie om saam met jou nuwe *Vrye Weekblad* te lees: 'n Samie van fyn skyfies uie, sterk cheddarkaas en blatjang op growwebrood.

Gesnipperde uie is amper onmisbaar in 'n goeie aartappelslaai (maak tog jou eie mayonnaise in 'n menger, dis doodmaklik en smaak tonne beter as sogenaamde bottelmayonnaise.) Voeg ook stukkies agurkies en olywe by die aartappelslaai.

Ons het as kinders gestry oor wie die pot mag uiteet wanneer die gebraaide uie en wors klaar gebraai het. Die klewerige, half-gebrande uie-en-vleissmaak was hemels, en die eintlike gebraaide uie daarna altyd so 'n effense teleurstelling.

Maak dié lekker gereggie wat uie effens soet laat proe.

**UIE IN WYN**

Pak geskilde uie styf teen mekaar in 'n oondvaste gesmeerde skottel. Verhit in 'n pan 1 lepel olyfolie, voeg by 1 koppie rooiwyn en kook 1 minuut. Voeg by genoeg stock en heelwat kruie soos bonekruid of marjolein. Gooi oor die uie, en bak lank en stadig, sowat anderhalf uur in die oond. Uie gee suiker af as hulle kook en die sous word stroperig.

**UIEVULSEL**

Sny 4 uie in stukkies met 'n handvol salieblare. (Kyk, dis nou tyd om jou kruietuin aan die gang te kry, en salie is heerlik by alle geregte wat uie bevat.) Plaas uie en salie in 'n potjie met twee groot lepels botter, 6 lepels broodkrummels, peper en sout en laat sowat 15 minute smoor. Gebruik dié vulsel om hoender of eend, of selfs 'n gerolde varkskouer te stop.

Die uiesop is romerig en vullend, lekker as dit reën.

**CREME FLAMANDE**

Sny aan stukkies: 3 groot geskilde aartappels, 1 ui, 1 groot prei, mooi skoon gewas, nie 'n greintjie grond daarin nie, 'n paar takkies pietersielie. Prut in 1 liter water met 'n paar kruie, sout en peper tot sag. Gooi die mengsel in die menger, en plaas terug in die pot.
Sny 'n tweede ui baie fyn, laat dit eenkant in 'n pannetjie met 'n klont botter sag word, en voeg dan by die sop saam met die botter.
Nou gooi jy sowat 100 ml room by jou sop om dit effens te verdik, maar dit bly 'n dun sop. Elizabeth David sê die sop klink nie na veel nie, maar dis heerlik.
Docteur De Pomiane is altyd een van my gunstelinge om oor basiese resepte te lees. Hier is sy weergawe van 'n uietert. Ek is mal oor eenvoudige tert soos dié as 'n voorgereg met 'n blaarslaaitjie by, of op 'n hete somersmiddag met skyfies tamatie, olywe en komkommerstukkies.

**UIETERT**

Rol sowat die helfte van 'n bevrore goeie deeg (eers ontvries) mooi dun uit en plaas dit in 'n gesmeerde tertbord. Bevrore deeg is deesdae so lekker en maklik om te gebruik dat omtrent niemand ooit bodder om hul eie meer te maak nie.
Skil en kap 'n pond uie fyn. Smelt en verhit 'n groot klont botter in 'n pan en smoor die uie hierin tot hulle net-net begin bruin word. Meng 1 teelepel meel met 2 koppies dik room en gooi by die uie. Laat borrel, en gooi in 'n bak om effens af te koel. Klits die dooiers van 2 eiers by, geur met sout, peper en 'n skraapsel neutmuskaat, en giet die hele mengsel in die tertbak. Bak in 'n baie warm oond - 200 grade C - vir 45 minute tot die tert gestol is en mooi bruin en gaar lyk.

# WYNPROE

## O, die parfuum van die pinotage!

**DEUR HENRY NOLTE**

'N HOOGHEILIGE Franse hof het pas uitspraak gelewer: dit mag/moet gedrink word, maar jy mag beslis nie daarna ruik nie!

Ter sprake was Yves Saint Laurent se jongste parfuum, wat hy met tipiese hedonistiese durf Champagne noem. Dís nou die duur ruik wat Sandton City se beste kugels deesdae om hulle saamdra. Maar hul Franse eweknie is dit dalk nie beskore nie. Met al die nuwe EG-regulasies en so aan, kan daardie oulike peperduur botteltjies miskien rare kosbaarhede word.

Die Franse is erg gesteld op die appellations in hul wynbedryf - en dat hulle selfs Saint Laurent aandurf, wys daar steek veel in 'n Franse naam. Hoewel ek kwalik glo dat 'n nuwe naskeermiddel in die hof sal gaan draai as dit Yardley Pinotage heet, kan ons wynmense - ondanks die vryemark-bandwagon - tog iets van die Franse gesteldheid leer. Elke bemarkingsmens weet die belangrikheid van wat hulle "brand building" en "brand identification" noem. Om 'n sterk identiteit vir jou wyn te skep én dit uit te bou. Dít, helaas, is een van ons bedryf se uitdagings in die nuutgevonde buitelandse mark.

Maar intussen verlustig ons Noltes ons aan die Champagne-parfuumspeletjie: As jy kan kies, watter wyn sal jy op jou polse of wangholtes dra? (Ons praat nou nie van daardie dooie suurklankie wat soms ná 'n laataand van vele bottels onwillekeurig opslaan nie!) Ek bedoel: sou 'n mens die verrassende kompleksiteit van 'n Nederburg Edelrood se sensualiteit op die neus gelyk kan stel aan 'n duur parfuum?

Toe ons nou die aand 'n 1979-model se kurk trek, was dit duidelik waarom dié heftige versnit van shiraz en cabernet sauvignon destyds 'n Superieur verdien het. Veertien jaar later glinster die dieprooi soos 'n juweel in die glas en spring die sagte viooltjie- en vrugtegeure uit die kelk. Vier dae later onthou ek nog die wonderlike ervaring.

Deesdae het dié voller rooiwyn van Nederburg naas die shiraz and cabernet 'n raps merlot by. Dit gee die jonger wyn 'n effens moderner vrugtegevoel in die mond. Heerlik, maar sal ook goed ouer word. (1989 kos R19,95 by Picardi.)

Cabernet sauvignon se vrugtigheid het, veral as dit met die vanielje van eikehout in aanraking kom, 'n regte parfuumneus.

Maar as daar één druifsoort is wat op sy neus af maklik in 'n parfuumbottel hoort, is dit die minder bekende gewürztraminer. Dié eksotiese naam kon eweneens verwys na die verwikkelde geuraard van speserye, sitroen en roosblare wat hierdie wyn so opvallend maak. Gewoonlik is dié wyn besonder kenmerkend fors op die neus en in die mond, maar goedgemaak het dit 'n sagte elegansie.

'n Topklas halfsoet-gewürztraminer is dié van Fleur du Cap. In sy druifklas het hy al verskeie kere beste in proeë gevaar en pas het die 1990 'n dubbelgoud-Veritas gewen. Dis 'n heftige, vol parfuumwyn met glad nie te veel suiker nie. (Sowat 15 gm/l.) Die 1991 is net so goed, met selfs laer suiker. Teen R11,11 is dit uitstekende waarde.

My gunsteling ander gewürztraminer kom met 'n bietjie meer suiker: Wynand Retief van Van loveren se absoluut heerlike Special Late Harvest 1992. Dié wyn - waar 'n ryk heuninggeur van 'n tikkie edelvrot in perfekte harmonie met die blom/spesery-aromas is - is deur die Wyn-van-die-maandklub as beste SLH gekies. (R11,29 by Picardi.)

Dís ons Noltes se beste poedingwyn. Maar eintlik wil ons Stiltonkaas daarby sny...

# ONTDEK 'N EETPLEK

## 'n Lied op die tong

**Tutti Pasta & Pizza**

Rossouwstraat 6
Die Wilgers, Pretoria
Tel» (012) 87-2056

**DEUR LOUIS VAN NIEKERK**

DIE eerste keer dat ek by Tutti's uitgekom het, was op uitnodiging van die Chaine de rotisseurs ('n vereniging vir lekkerbekke). Geëerd deur so 'n uitnodiging daag ek ewe gestrik en gebaadjie daar op in die geloof dat sulke mense net by baie deftige plekke eet. Maar voor jy nog kon sê knoffelsous was die baadjie uit en word daar gesels - almal saam, tegelyk en so luid moontlik. Hier by Tutti's kuier ons.

En dit was weer so laas Dinsdag toe ons (dis nou saam met Neels en Marietjie van die Knoffelgilde) net ná 'n Transvaalse donderstorm daar uitslaan. En selfs op 'n Dinsdagaand is dit aan te beveel om 'n tafel te bespreek. Oor 'n naweek móét jy bespreek en weer bevestig. Die tafel is joune vir die aand en 'n mens bly tot almal "for they are jolly good fellas" sing.

Tutti's is onopgesmuk en as "ambience" te make het met sagte kerslig, gedrapeerde gordyne en pastelkleure dan slaag dit nie die toets nie, maar min plekke met ambience het soveel atmosfeer! Warm soos Italië. Dit is te danke aan Piero, oorspronklik van Rome en ook die eienaar wat ons al singende verwelkom het en elke dis op die spyskaart *à la* Verdi met 'n aria beskryf het. Piero bedien almal self en maak vriende van al sy gaste.

Ons bestel altyd dieselfde voorgereg - varsgebakte pizzabrood met knoffelbotter wat Piero aan tafel in wiggies sny ("circumcise" soos hy dit stel). En as een nie genoeg is nie, bestel jy nog een. Dit word opgevolg met 'n groot bak slaai wat hy in sy eie tuin organies kweek. 'n Mengsel van groenslaaie, vars kruie en gepiekelde groente gesprinkel met 'n vinaigrette. So gesond.

En dan die sondeval. Neels bestel altyd Spaghetti Bolognese (R16,25). Dit smaak glo heelwat beter as Moeder se Fatti's en Moni's met mince. Ek het die Fettucine Blue (R19,50) gekies. Dit is fettucine met 'n sous van Roquefortkaas. Marietjie is lief vir Fettucine Carbonara (R18,75). Sy was bereid om vir my 'n happie te gee. Neels deel nie graag nie en 'n mens kan hom ook seker nie kwalik neem nie.

Een van die rituele by Tutti's is die bediening van die knoffelsous deur Piero self nadat jou gereg voor jou neergesit is. Die afwagting vir die eerste skep, 'n oomblik se huiwering voordat jy instemmend knik vir 'n tweede skep. En dan oorgawe. Dit is die kuns wat Piero vervolmaak het: Die verleiding tot die dis.

Wat die pizza's betref, het hy nie sewentien soorte wat almal omtrent dieselfde smaak nie. Daar is Ai Funghi (sampioen), Prosciutto (ham), Al Tonno (tuna), Peperoni (soetrissie) en 'n seekos een. My goeie vriend Wayne beweer: "Piero undoubtedly serves the best pizza in town."

Daar is ook 'n groot verskeidenheid Secondi Piatti waarvan die Melanzane alla Parmigiana vroulief se gunsteling is. Die meeste van sy disse is "a modo mio" of soos hy graag sing, "I do it my way".

As nagereg het ek besluit op die tuisgemaakte Tartufo. Heerlik, maar o so prosaïes in vergelyking met Neels se roomys met knoffelsous! Wie bestel so iets? Enigeen wat dit al 'n slag probeer het.

'n Mens vat jou eie wyn. Wat die aand gekos het, kan ek nie onthou dat dit my gepla het nie.

# is rugby se goue dae verby?

**Die toekoms van rugby in Suid-Afrika lyk nie alte rooskleurig nie. Dis immers net 'n minderheid se nasionale spel, skryf BRAAM VAN DER VYVER**

DIE sewe vet jare van Suid-Afrikaanse rugby is verby. Dit is die indruk wat 'n mens kry as jy aan die baie leë pawiljoene dink wat vanjaar by rugbystadions gesien is.

Die losies, wat deesdae 'n dodegier geword het, was teen die einde van die seisoen maar bra leeg - veral op Loftus Versfeldt en Nuweland. Nie eens die spyseniers en die kroegmanne kon die tuisskares oortuig om na hulle verloorspanne te kom kyk nie.

Die losiesgangers het ongetwyfeld die ruggraat van rugbyskares geword. Daar kan egter met reg gevra word hoe lank dié tendens gaan voortduur. Noudat regstellende optrede vinnig besig is om 'n werklikheid te word, kan verwag word dat al hoe meer maatskappye eerder losies by die groot sokkerstadions sal aanskaf. Die swart mark is 'n sluimerende reus wie se bestedingsvermoë daagliks toeneem. Om geloofwaardigheid in dié marksegment te verwerf, sal voortdurend met die toenemende getal swart bestuurders geskakel moet word - en hulle verkies sokker bo rugby. Anders as met die vorige toewysing van losiekontrakte by Loftus Versfeldt is daar dié keer nie 'n waglys vir die nuwe losies in die oostelike pawiljoen nie.



Naas dié daling in die vraag na losies, kan verwag word dat borgskappe ook nie meer so geredelik beskikbaar sal wees nie. Die dae dat Spoornet die Natalse rugbyspan geborg het en al die voorste spanne ook borge gehad het, sal waarskynlik binnekort tot 'n einde kom. Rugby is immers net die nasionale spel van die blankes.

VOORTS LYK DIE kanse maar skraal dat die Wêreldbekertoernooi in 1995 in Suid-Afrika aangebied sal word. Die aanwysings van 'n alternatiewe gasheerland dui sterk daarop dat die gevaarligte begin flikker het. As politieke geweld en intimidasie, soos algemeen verwag word, in die aanloop tot die verkiesing toeneem, is dit neusie verby vir Suid-Afrika se Wêreldbekerplanne.

Selfs al sou die toernooi wel in Suid-Afrika gehou word, lyk dit of plaaslike ondersteuners feitlik geen kans het om kaartjies vir die belangrike wedstryd te bekom nie. Alle regte op die toernooi setel in die organiseerders van die toernooi. Dit beteken dat seisoenkaartjie- en losiehouers geen voorregte vir dié wedstryde sal geniet nie.

Om alles te kroon is die Polisie, Weermag en Korrektiewe Dienste se dae as sportvriendelike werkgewers getel. Dié instansies sal ná die verkiesing dramatiese veranderinge ondergaan. Sportlui wat daar hulle sport in werktyd beoefen het, sal waarskynlik 'n bedreigde spesie word.

Ook die universiteit is lankal nie meer so geneë om sportsterre te huisves wat nie wil studeer nie. Daarmee saam sal maatskappye ook nie meer kan bekostig om sporthelde teen hoë salarisse in diens te hou tensy hulle nie ook 'n produktiewe bydrae tot die maatskappy se sake lewer nie.

Teen die agtergrond van dié feite wil dit voorkom asof rugby se goue dae verby is. Gereelde internasionale mededinging en die professionalisering van die spel kan dalk die spel se aansien red.

televisie

# klipoog

## 'n storm in 'n skemerkelkie

HY wil sy nuwe geselsprogram inlui met 'n "ou gesegde" - "Even the greatest storm announces its arrival with a little gust of wind", sê Dali Tambo, seun van die beroemde Oliver, verlede Vrydagaand in die begin van sy nuwe geselsprogram, *Night Moves*, op M-Net.

Toe Tambo homself sjarmant bekendstel as the "little gust of wind", sit Klipoog opgewonde terug en wag op die storm van "rapture, sensual indulgence" en "humour *par excellence*" wat sou volg.

Maar op die ou end was dit toe nie nodig om die sitplekgordel so styf vas te gespe nie. Met die eerste gas, die mode-ontwerper Marianne Fassler, se binnekoms was daar wel 'n ligte warrelwindjie - maar bloot omdat niemand met soveel meters swart chiffon aan die lyf kan gaan sit sonder om 'n paar lugstrominge te veroorsaak nie.

DIE WARRELWIND het gou bedaar tot 'n gefladder. Is dit 'n etniese tema? vra Tambo oor die rits hakspelde aan haar bors. "Please don't come to close to my bust," fladder Fassler. Voel jy skuldig oor wat witmense als gedoen het? vra Tambo. "I don't want to be stereotyped," fladder Fassler. Het jy ooit uitgegaan met "African South Africans?" vra Tambo. "Let's just say you were my first lunch," fladder Fassler. Ontwerp jy verskillend vir verskillende rasse? vra Tambo. "Are we talking about bums here?" fladder Fassler.

Ens. Miskien is dit die ongemaklike stilte voor die storm, dog Klipoog. Maar die Amerikaanse standup comedienne bring toe ook geen orkaan van "humour *par excellence*" nie. Net nog 'n effense briesie toe sy haar tuxedo met 'n stuk van Fassler se chiffon bedek om met 'n tikkie "sensual indulgence" te wys sy's darem vroulik.

MET DIE INSETSEL oor die rolprentmaker lord Attenborough was daar natuurlik g'n sprake van 'n storm nie - daarvoor is dié Brit te beleef. Die boeiendste vir Klipoog om te hoor was dat hy as lord nie meer mag stem in algemene verkiesings nie (hoewel sy vrou kan.)

Met die rapgroep Prophets of the City van die Kaapse Vlakte het Klipoog regop gesit. Gaan Tambo dalk 'n paar stofwolke opskop oor die omstrede rigtings wat rap deesdae in die VSA inslaan? (Kyk op p 24). Maar toe is dit mode-ontwerper Fassler wat die heel tergendste vraag uitfladder: "How do you keep those pants up?"

Die grootste warrelwind het gekom met die binnekoms van Nelson Mandela - wat spontaan en warm toegejuig is. Maar ook dié ou staatsman het nie sommer storms laat opjaag nie. (Met sy beleë waardigheid sou hy in enige orkaan die kalm oog bly.)

Hy het lekker gesels - oor helde, Afrikaans, oor waarom hy sy huis geskoei het op die lees van sy tronktuiste, oor waarom hy noodwendig moet saamwerk met FW de Klerk, en so meer. Maar als diplomaties en niks te omstrede nie.

En niks indringends nie - daarvoor is die afsonderlike insette te uiteenlopend en te kort en Dali Tambo se aanbiederstyl te, wel, bedees. (Baie meer bedees as die boeiende juwele aan sy lyf.)

As Klipoog wéér kyk, gaan Klipoog nie met 'n oopgeslaande sambreel oor die kop sit nie. Dit voel darem te simpel vir so 'n bland occasion. Al lyk die dekor wel na Sun City.


AFRIKAANS STEREO

**KLIP IN DIE BOS**

Dis meer as net Radio Sonder Grense: dis Radio Sonder Sensuur. Van Messina tot Mitchell's Plein, van Richardsbaai tot Springbok kan Afrikaanssprekendes nou vryelik hul menings lug - en doen hulle dit nie!

Die eerste paar programme is oorval met lewendige, uiteenlopende oproepe van mense uit alle streke wat hul sê reguit en openlik wil sê oor die politiek, kultuur, die kerk, sport en ander fasette van die nasionale lewe. Dit is duidelik dat meer en meer mense nou Donderdagaande hul TV-stelle afskakel.

Die program se naam is Klip in die Bos. Die aanbieder is Max du Preez, omstrede redakteur van Vrye Weekblad.

Elke Donderdagaand tussen 10 en 11. Dis Radio Demokrasie op sy beste.



**Uitstekende geleenthede vir beroepspersone om aan te sluit by die**

**Johannesburgse Biënnale Projek.**

Die Johannesburgse Biënnale Projek, 'n opwindende beeldende kunsteprojek wat in Maart 1995 sal open, het ondergenoemde stimulerende loopbaangeleenthede vir toepaslik gekwalifiseerde persone met 'n besondere belangstelling in eietydse kuns. Aanstelling sal slegs op 'n kontraktuele grondslag plaasvind, terwyl salarisse onderhandelbaar is volgens kwalifikasies en ondervinding.

***Opvoedkundige Konsultant***

Die suksesvolle kandidaat sal uitgebreide ondervinding van die onderwys en gemeenskapskwessies op die Suid-Afrikaanse kunsterrein hê, asook sterk administratiewe vaardighede en kennis van die internasionale beeldende kunswêreld.

Die pligte verbonde aan die pos is uiteenlopend en stimulerend van aard en behels aspekte soos die organisering van seminare, vergaderings en werkwinkelprogramme en die vestiging van 'n ontwikkelingsgerigte opvoedkundige program.

***Sekretaresse***

Aansoekers moet goeie woordverwerking- en sekretariële vaardighede hê, tesame met vorige administratiewe ondervinding en 'n dinamiese, geesdriftige benadering tot die werk.

Aansoeke om bogenoemde betrekkings, vergesel van 'n volledige curriculum vitae, moet gerig word aan die Direkteur: Kultuur, Stadsraad van Johannesburg, Die Johannesburgse Biënnale, Posbus 1049, Johannesburg 2000 om hom voor 26 November 1993 te bereik. Nadere besonderhede is verkrygbaar van Judith Watt by (011) 407-7248.

***Johannesburg Stadsraad***

SSK&B WERWING 42518

# brolloks & bittergal



## Bodemvaste Ivy

Die wetenskap is wonderlik, sê tante Ivy, maar ook nie só wonderlik nie. Toe die SAUK se petite grootbaas laasweek 'n klompie uitsoek-wetenskaplikes betig oor hul miskenning van die vrou as verbruiker en produsent in die wetenskap, het sy sommer 'n goeie handvol boereraat bygegee: "When I lived in the States and in those cold, cold rooms, when one shivered and sneezed and coughed, I used to think, nou wat het ouma Raatjie nou weer gedoen? And that is how I healed myself, and still do, met al daai ou boererate."

Nie net dink tante Ivy dat moderne medisyne net vir rykes bedoel word nie, sy het dit ook teen die mense wat skoffels maak en nie daaraan dink dat dit te swaar en te laag is vir vroue wat in die lande werk nie en dié wat trekkers maak moet ook daaraan dink dat vroue nie sulke hoë, swaar goed kan hanteer nie. En as finale aanmoediging vir die moderne tegnologie het sy as ywerige tuinier gesê sy sal nie droom om kunsmis vir haar tuin te gebruik nie - alles uit die kombuisvullisblik, behalwe die plastiek, gaan terug grond toe.

## 'n Paar skurfies

Afrikaners is nie net die mees hoogheilige valsgatte in die land nie, hulle vertel ook die skuinsste grappe. En daarvoor kry hulle nou 'n spesiale boek met skurwe grappe - uitgegee deur Tafelberg nogal.

Die redakteur is Linette Retief, advertensie-kopieskrywer en skurwe humor-spesialis sonder weerga.

Hier is sommer 'n voorsmakie: Die boer bekyk sy vrou oor aandetetafel. "Vrou," sê hy, "jy begin nou darem, uitsit, hoor. Jy lyk soos 'n stroper."

Dié aand soek hy toenadering in die bed. Sy vrou: "Wat! Ek die stroper opstart vir een ou mieliestronkie?" Waarop die boer die aftog blaas.

Later ontferm sy haar oor haar man en sê: "Die stroper is nou gereed om opgestart te word." Seg hy toe: "Nie nodig nie. Ek het sommer maar met die hand gestroop."

* Linette sal graag nog bydraes wil ontvang. Sy betaal R10 vir elke grap. Stuur dit aan Posbus 781168, Sandton 2146.

## Famous last words

Seker die famousste van alle last words is dié van Jannie Engelbrecht, bestuurder van die Springbokke (hulle was die Proteas tot en met die Slag van Tucumán), wat net voor die laaste rugbytoer gesê het hy sal enige Springbok wat vir vuil spel van die veld gestuur word, op die vliegtuig sit terug huis toe.

En kyk hoe lyk julle nou, ou Janneman. En as die Bokke nie op Tucumán teruggebliksem het nie, was 'n paar van hulle dalk wel op die vliegtuig terug - in body bags.

## Kortpad na miljoenêr-wees

Dis siek. Dis verskriklik siek.

Dis nou die berigte dat die drie dirty tricks-polisiemanne van die berugte Vlakplaas, Eugene (Brille) de Kock, Koos Vermeulen en Paul van Dyk, elk sowat R1,2 miljoen van die staat gekry het as 'n goue handdruk en toe op jeugdige ouderdom afgetree het. Brille is 44, Koos is 46 en Paul is 40.

Hul swart handlangers van Vlakplaas, die askari's, is ook almal uitgekoop vir bedrae tot R300 000 elk - en daar was omtrent 70 van hulle.

So: pleks van voor die hof, word hulle op my en jou onkoste miljoenêrs.

En arme Dirk Coetzee, hul eertydse kollega wat die beans op alles gespill het, sit sonder 'n sent.

En dan is daar natuurlik die Oorspronklike Pruisiese Veldheer, genl Lothar Neethling, wat glo met 'n handdruk van net onder 'n miljoen en 'n pensioen van so R8 000 'n maand afgetree het terwyl daar 'n groot hofsaak oor sy kop hang.

Inderdaad: kan 'n ANC-regering ooit erger wees?

## Demo-wat?

So van die ANC gepraat. Sê van hulle wat jy wil, maar die veldtog wat laasweek geloods is, kompleet met koeponnetjies in koerant-advertensies, is die mees konkrete bewys van 'n demokratiese proses wat ons nog in ons land gesien het.

Mandela en sy luitenante begin naamlik om tot die einde van die jaar 'n reeks People's Forums te besoek om te hoor wat die mense se idees, voorstelle en probleme is. Jy kan ook 'n koepon invul oor wat jou grootste bekommernis is en wat jy daaraan gedoen wil hê.

'n Les vir FW, Clarence, Constand, Zach en Gatsha as ek al ooit een gesien het.

## Ganse?

Die vredesboodskap val nie oral op vrugbare grond nie. By 'n Kaapse swart opgraderingskool hou 'n onderwyseres die vredesduiwe omhoog en vra: What is this? En toe kom die dreunsang: Two ducks, miss.

**Net ingeval iemand dalk vergeet het, Vrye Weekblad was laasweek, 4 November, 'n hele vyf jaar oud. En going strong. Maar dit was sulke traumatiese jare, soos met honde en katte moet 'n mens eintlik dié vyf met tien maal om by ons werklike ouderdom uit te kom...**

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113

## Uit een mond



**Een van die onlangse voorstelle vir 'n landsvlag**

*Nick Erasmus van Pretoria skryf:*
Ek is opreg bekommerd oor nourie aand se oorwegend gefluister van duister (die insetsel oor simbole op *Agenda*, Woensdagaand, 20 Oktober). Die ooglopende stilswye van die oumanne van die Republiekwording, toe hulle wapens wou opneem omdat die Union Jack nie uit die vlag verwyder is nie. Nou wil hulle dit seker hou.

Wat die nasionale lied betref, ek was op die eerste Antarktiese ekspedisie in 1959 en een van die bemanningslede van die skip, die Polar Bjorn van Noorweë, is op tragiese wyse oorlede. Ons hou toe 'n begrafnis ter see. Ons moes sing toe hy van die "plank" afgly die water in - daar is die see omtrent 69 000 voet diep. Daar was Noorweërs, Duitsers, Engelse en Boere aan boord. Toe sing ons saam Psalm 23. Elk in sy eie taal. Dit het soos een geklink. Kosie Jooste het dit opgeneem - en dié opname is beskikbaar by die SAUK se biblioteek: "Jan Pierewiet op die ys". *Nkosi Sikelel' iAfrika* sal mooi klink al sing jy dit in elf tale gelyk. Die boffins moet net die lied in elke taal se idioom vertaal met die oorspronklike in gedagte.

## Glo wat jy wil

*R Storm van Virginia skryf:*
Ek wil graag hiermee antwoord op 'n brief wat u geplaas het onder die naam "Abel van Hennopsmeer" (*Vrye Weekblad*, 14 Oktober 1993). Eintlik is daar 'n paar wat ek graag sou wou antwoord, maar ek sal volstaan by dié een:

Liewe Abel

Ek wil graag vir jou iets aanhaal wat 'n man geskryf het wat sy hele lewe aan die swart mense van Afrika gewy het. Hy het in 1952 die Nobelprys vir Vrede gewen, wat ek glo in daardie tyd nogal merkwaardig was. Deesdae kry elke Mandela en De Klerk dit.

"Let white men know. I have given my life to try to alleviate the sufferings of Africa. There is something that all white men who have lived here like I have, must learn and know: that these individuals are a subrace; they have neither the intellectual, mental or emotional abilities to equate or share equally with the white men in any of the functions of our civilisation.

Never fraternise with them as equals, never accept them as your social equals; or they will devour you; they will destroy you." - Dr Albert Schweitzer, Nobel Vredespryswenner, 1952.

Die volgende aanhaling kom van 'n Amerikaanse Neger, Harold Williams: "In die grootste gedeelte van Afrika is daar geen raamwerk vir vooruitgang nie en die enigste manier waarop verandering in dié lande bewerkstellig word, is by wyse van militêre staatsgrepe. Om die waarheid te sê, Afrika-leiers tree selde uit.

"Hulle sterf in opstande teen die owerheid, word verban of in die tronk gestop. Die Suid-Afrikaanse regering kan maar aanvaar dat presies dieselfde in daardie land sal gebeur indien hy sou toegee en die land aan 'n meerderheidsregering oorhandig.

En dan 'n laaste aanhaling van 'n ander Amerikaanse Neger, Mohammed Ali: "As ek in Alabama sou woon, sou ek altyd vir goewerneur Wallace stem, omdat hy die Blankes nie met die Negers laat meng nie. Ek stem nie vir iemand sê 'I love Negroes' nie en ek sou ook nie vir Sammy Davis (half Neger, half Jood) stem nie. Die rede is omdat hy met 'n wit vrou getroud is. Mense moet trou met persone van hulle eie ras."

Laastens, ek weet nie of *Vrye Weekblad* dit sal publiseer nie, maar sit dit in jou pyp en rook dit.
*(Brief verkort - Red.)*

## Die Voortrekkers

*H Lombard van Roodepoort skryf:*
In die rubriek "Brolloks en Bittergal" van 16 Oktober 1993 word daar gespot met die Voortrekkers. Ek beskou dit as die toppunt van swak smaak.

Die Voortrekkers is 'n beweging vir die jeug. Ons beywer ons o a om die jeug op te lei tot gesagsaanvaarding en goeie leier- en burgerskap. Hieruit is dit duidelik dat die sogenaamde "grap" afbreek doen aan ons organisasie, want as ons geassosieer word met sulke swak smaak, word daar geen waarde aan ons doelstellings geheg nie.

Ek hoop van harte dat mense sal begin besef dat sulke afbrekende humor meer skade kan veroorsaak as wat aanvanklik bedoel is.

*(Ons het reeds toegegee dat die grappie oor die Voortrekkers in swak smaak was. Maar jou stelling dat dié beweging die jeug oplei tot "gesagsaanvaarding" en die geheime bande tussen die Voortrekkers en die Broederbond is juis probleme wat VWB in die verlede met die beweging gehad het. Was klakkelose aanvaarding van gesag nie juis een van die groot probleme van Afrikanerdom die laaste paar geslagte nie? - Red)*

## Weg met die galg

*Isie Pretorius van Pretoria skryf:*
Eerstens wil ek dit duidelik stel dat ek teen alle vorms van die doodstraf is.

Moet ons mense vermoor wat moor, om te bewys dat moord verkeerd is?

In ons samelewing waar geweld elke dag meer en meer mense se lewens beïnvloed, sal teregstellings deur die staat net die wanbegrip bevestig dat geweld 'n oplossing is vir geweld.

Die reaksie van mense na die vonnis van Clive Derby-Lewis en Janus Waluz was ontstellend. Sogenaamde "linkse" leiers (wat beter behoort te weet) se bloeddorstige uitlatings was skokkend. Nie minder walglik nie was vrolik-laggende Gaye Derby-Lewis se heldeverering deur die "regse" leiers.

Hoewel ek hoop dat die doodstraf so gou moontlik ná 27 April 1994 finaal afgeskaf sal word, wil dit nie sê moordenaars moet toegelaat word om vrylik tussen ons te kom rondloop nie.

Lewenslange gevangehouding behoort letterlik juis dit te beteken. Christelike beginsels stel dit voorop dat vir elke mens redding, dit wil sê rehabilitasie, moet bestaan. Die doodstraf maak so iets onmoontlik. So 'n proses moet egter ná rype beraad slegs deur die hoogste hof in die land beslis word.

Administratiewe bevryding om watter rede ook al mag duidelik nooit geskied nie.

## Voor die klippe skree



**Koos Prinsloo**

*Deon du Toit van Gardenview skryf:*
Kyk as ek nie nou protesteer nie, dan sal die klippe dit uitskreeu.

Waarom moet skrywers hulle "relevantheid" probeer bewys deur bekendes se vertroue te skend? Eers Wilhelm Liebenberg met sy "ontbloting" van Brink en nou weer Koos Prinsloo met sy swak, onleesbare boekie waarin hy presies doen wat hy in *Slagplaas* gedoen het...

Dié foefie werk nie meer nie. In 'n land en 'n tyd wat sóveel bied om oor te skryf, is sulke intelerige snert 'n klaaglike teken van onmag in enige letterkunde.

Is ek dan die enigste wat nou moeg is vir piele, holle, 'n genaai en homoseksuele perversie?

Maar Koos Prinsloo sal weer op TV sy mondjie pruil en sê dis "nie gesofistikeerd" om die werk anders as fiksie te sien nie. Hoe vervelig. En al sy queer maatjies in die mediawêreld speel saam. Hoe pateties. Dus, Gerrit Olivier - *Weifeling* is verteltegnies, emosioneel en op alle ander terreine 'n swak, ondergemiddelde boek en ek het my respek vir jou as resensent verloor.

# Hoekom moet vir 'n taal gestry word?

**Dis 'n menseregdat iemand in sy moedertaal moet kan tereg kom, en daar die taal moet in 'n grondwet beskerm word anders gaan hy tot niet, sê Henno Cronjé, hoof uitvoerende beampte van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurorganisasies, toe MARTIE MEIRING hom vra waarom die FAK die "wapen" vir die taal opneem**

**Dink die FAK petisies vir 'n miljoen handtekeninge gaan help om Afrikaans as amptelike taal behou? En namens wie dink die FAK moet hy vir Afrikaans stry?**

Die FAK is 'n sambreelorganisasie wat die meeste Afrikaansgerigte organisasies as lede het. Petisies is een manier om mense vir wie hul moedertaal erns is,'n kans te bied om 'n demokratiese inspraak te lewer vir hul taalbehoud in die nuwe bedeling op hande. Almal kan tog nie briewe aan die koerante skryf nie. Petisies gee mense kans om te wys hoe hulle oor hul taal voel.

**Maar is dit nie 'n tipies eksklusiewe ding van die Afrikaner om te doen nie, om sy taal bo ander te wil bevorder?**

Nee, ons vra nie dat Afrikaans bo ander tale bevoordeel moet word nie. Ons vra duidelik dat Afrikaans sóós die ander inheemse tale beregtig moet word. Ons glo Afrikaans moet naas Engels 'n ampstaal bly omdat dit die taal is wat ongeveer 15 miljoen mense in die land ken en verstaan. Dis ook 'n historiese gebruik - die twee ampstale.

**Baie mense verstaan Afrikaans nie, en glo Engels moet die dokumentêre taal wees.**

Baie mense verstaan Engels ook nie baie goed nie. Maar omrede die praktiese probleme van verstaan het die FAK 'n mobiele eenheid aangeskaf vir vertaling en tolkgebruike. Ander organisasies gebruik dit ook.

**Sal julle so 'n diens uitbrei na ander tale ook?**

As ons die geld kry, sal ons dit sekerlik doen. Dis baie duur om vertalers te gebruik. Maar ek voel sterk dat die staat sulke vertalingsdienste moet bekostig en aanbied. Die Onderhandelingsraad het bewys hoe noodsaaklik dit is - hoe ironies dat in dié raad die meerderheid nie in hul moedertaal kon onderhandel nie.

**As Afrikaans 'n ampstaal moet bly, wat dan**



**van die inheemse tale waarvoor julle sê julle ook bepleit?**

Natuurlik moet daar nog meer amptelike tale bykom. Ek glo die inheemse tale wat 'n beduidende getal sprekers het, moet beslis in hul gebiede ook 'n amptelike taal wees. Afrikaans, soos Engels, is nie slegs streekgebonde nie. Dit word orals gepraat, daarom glo ons dit moet een van die nasionale amptelike tale bly.

**Waar sien die FAK gevaarligte flits vir die behoud van Afrikaans?**

In die SAUK sien ons 'n opsigtelik radikale afname in Afrikaans - asof 'n nuwe beleid aanvaar is nog voor die nuwe beleid ingestel is! Die FAK het 'n voorlegging gedoen waarin Afrikaans binne 'n veeltalige verband uiteengesit word. Dis 'n belangrike moedertaal waaraan aandag gegee moet word en beslis moet dit na verhouding met sy gebruikers aangebied word.

In die handelswêreld neig die advertensiewese nou opsigtelik na hoofsaaklik Engels. Daar word nie geteiken op getalle- of inkomstesterkte nie. Ek meen dis omdat baie van die maatskappye buitelandse verbintenisse het en glo dat Engels, omdat amper almal dit verstaan, voldoende is.


**Loop die FAK nie die gevaar om Afrikaans se stigma as taal van die onderdrukker te versterk nie?**

Allermins. Die FAK erken die regte van die moedertaal soos in 'n Handves van Menseregte verskans. Die "verdrukker"-stereotipering het werklik nou al verdwyn! Onthou, dis Afrikaners wat tot groot hoogte op die voorpunt van die demokratiseringsproses staan. In ons verkennende gesprekke met die ANC se kultuurmense was dit ook baie duidelik daar kleef geen stigma aan die taal nie. Ek dink daar was 'n gevoel dat ons die boek van die verlede sluit en die nuwe begin. Natuurlik was hierdie gevoel aan ons kant sterker as aan die ander kant. Baie van die mense moes in ballingskap bly, was op Robbeneiland. So maklik vergeet jy ook nie. Maar daarvoor het ons begrip. Maar ons het wedersydse respek by mekaar gevind.

**Wat dink u van die neiging om Afrikaans by universiteite en selfs die RAU af te skaal - of selfs uit te faseer?**

Man, ek is mos 'n Tukkie! Elk geval, dis uiters belangrik dat 'n universiteit sy taalinstelling handhaaf. Natuurlik verwag 'n mens dat 'n universiteit sy gebied sal bedien en daarom is dit te verstane dat voorsiening vir anderstalige studente gemaak kan word. Maar onlangs was ek in België en in Antwerp aan die universiteit waar daar eers 'n stryd van Frans versus Vlaams was. Hulle het duidelik uitgespel dit is belangrik dat tersiêre onderwys vir enige taal se voortbestaan baie belangrik is. Finansies speel wel 'n groot rol en stellig moet daar na die aantal Afrikaanse universiteite vir die teikenmark gekyk word - dalk is daar te veel of net genoeg. Moedertaal moet egter toeganklik wees vir studente op alle vlakke, want moedertale moet ook ontwikkel kan word.

# BREEK WEG NA JOU EIE PLEKKIE IN DIE NATUUR. GENIET 'N EKO-AVONTUUR* BY 17 VERSKILLENDE NASIONALE PARKE.




***DIS 'N EKO-LOGIESE AVONTUUR**
Jou kans om die mooiste natuurlike parke in die wêreld te geniet – reg op jou drumpel.

***DIS 'N EKO-NOMIESE AVONTUUR**
Pryse wat almal kan bekostig, en boonop regte waarde vir jou geld.

Net 'n handjievol mense in Suid-Afrika is bewus van die weergalose fauna en flora wat ons 17 Nasionale Parke bied. Hierdie parke is vir iedereen oop en kan deur almal bekostig word. En omdat die parke regoor die platteland versprei is, kan jy seker wees dat daar een net 'n paar uur van jou huis af is.
Elke park het sy eie kenmerkende persoonlikheid wat hom uniek maak en beslis meer as een besoek regverdig. Akkommodasie is in 11 van hierdie parke beskikbaar en jy kan kies tussen houthuise, chalets en gesinskothuise. (Geen oornagfasiliteite by Kransberg, Zuurberg, Knysna, Vaalbos, Richtersveld nie. Tankwa is tydelik gesluit.) Die Nasionale Parke van Suid-Afrika is jou tradisionele wildernis, en is ook die mooiste natuurlike tuiste van wildlewe in die wêreld.
Wanneer die hedendaagse lewe te veel druk, is 'n Eko-Avontuur in een van jou eie Nasionale Parke net die ding om jou weer in aanraking met die natuur te bring.

**SENTRALE BESPREKINGS & NAVRAE: P.W.V. (012) 343-1991, KAAPSTAD (021) 22-2810**

**NASIONALE PARKE**

*Ontdek die Nasionale Parke wat aan jou behoort.*

WILSENACH 920831/P/A/R

## *Geniet die Ligte Amerikaner... met smaak!*

VRA VIR

# JOHN ROLFE LIGHTS




## *Geniet John Rolfe Lights vandag*

## *Ligte Smaakvolle Tabak*

EDGEWORTH INC., RICHMOND, VA., V.S.A. In Suid-Afrika vervaardig.

JRM 008/27AU